
*FINANSIËLE NORME VIR 'N GEMENGDE
BOERDERY IN DIE OOS-VRYSTAAT*

Deur

Philip Theunissen, M.Com.

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in die Departement Ondernemingsbestuur aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. G.J. de Klerk

Bethlehem
1998

ABSTRACT

FINANCIAL NORMS FOR A MIXED FARMING CONCERN IN THE EASTERN FREE STATE

Agricultural co-operatives and commercial banks in South Africa use the financial statements of farmers to compile group averages. They then use the results of these averages as financial norms to evaluate the results of financial ratios of the same farmers. The group averages are not necessarily correct which bring doubt to the way that these institutions supply borrowed capital to farmers. It was therefore essential to define financial norms that can be calculated from a fixed point.

Information were initially collected from available literature to develop a model with which the optimal financial structure of a mixed farming concern in the Eastern Free State can be determined. Afterwards the model was used in conjunction with empirical information. This information was also used to determine the relationship between the different ratios and to establish the influence of physical factors on the results of financial ratios.

This study comprises the determining of financial norms that can be used with financial ratios. To do this, the following secondary objectives were also achieved:

- The defining of the theoretical aspects of financial ratios for a farming concern.
- The developing of a model which determine norms for the optimal financial structure of a mixed farming enterprise in the Eastern Free State.
- The calculation of the degree in which mixed farming enterprise in the Eastern Free State deviated from their optimal financial structure.
- The establishing of the mutual relationship between financial ratios.
- The determining of the influence of physical factors like enterprise compilation, farm size, asset ownership and time duration on the results of financial ratios.

This study developed reliable norms to determine the optimal financial structure of an individual farming concern within its own unique environment with the assistance of financial ratios. The following recommendations apply to establish scientific and reliable norms to be used with financial ratios and to improve the financial survival of the individual farmer, and subsequently the farming industry as a whole:

- The optimal financial structure of a farming concern can be determined by means of a model so that reliable norms can be applied by credit suppliers that will take into consideration the unique circumstances of the farmer.
- Credit suppliers must strive, by means of financial norms, and subsequently optimal credit supplying, to compile the financial structure of the individual farmer as optimal as possible to maintain financial feasibility for the agricultural industry as a whole.
- Credit suppliers must collect ample and reliable information about farming concerns to establish the mutual relationship amongst financial ratios so that they can interpret the results of the individual farming concern better.
- Individual farming concerns must not be evaluated on general applied group averages alone because each farming concern operates in a unique environment and must be judged with these factors in mind. Individual farmers must be encouraged by credit suppliers to compile their enterprises and farm size optimal with the assistance of a managerial evaluation and the correct financial norms.

Key words

Eastern Free State
Financial norms
Financial position
Financial ratios
Financial structure
Mixed farming concern

OPSOMMING

FINANSIËLE NORME VIR 'N GEMENGDE BOERDERY IN DIE OOS-VRYSTAAT

Suid-Afrikaanse landboukoöperasies en handelsbanke neem boere se finansiële state en verwerk die gegewens tot groeps-gemiddeldes. Hieruit stel hulle norme vas wat by die interpretering van verhoudingsgetalle vir boerderye gebruik word. Die groeps-gemiddelde syfers is nie noodwendig reg nie. Derhalwe hang daar 'n vraagteken oor die kredietverskaffingsnorme van hierdie instansies en die boer se finansiële struktuur kan as gevolg hiervan verwring raak.

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n model ontwikkel waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met behulp van finansiële norme bepaal kan word. Daarna is die model aan die hand van empiriese inligting getoets. Dieselfde inligting is ook gebruik om die verwantskap tussen verhoudingsgetalle vas te stel en om die invloed van fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle te bepaal.

Hierdie studie behels die vasstelling van finansiële norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Om dit te kon bepaal, is die volgende newedoelwitte ook in die studie bereik:

- Die definiëring van teoretiese aspekte van verhoudingsgetalle vir 'n boerdery.
- Die ontwikkeling van 'n model waarvolgens norme vir die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kon word.
- Die bepaling van die mate waarin gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat van hul optimale finansiële struktuur afwyk.
- Die bepaling van die onderlinge verwantskap tussen verhoudingsgetalle.
- Die bepaling van die invloed wat fisiese faktore soos ligging, vertakking-samestelling, boerderygrootte en batebesit oor 'n tydverloop op die resultate van verhoudingsgetalle het.

Hierdie studie het getoon dat betroubare norme ontwikkel kan word waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n individuele boerdery aan die hand van verhoudingsgetalle binne sy eiesoortige omgewing bepaal kan word. Die volgende aanbevelings kan gevolg word, sodat die vasstelling van wetenskaplik verantwoordbare en betroubare norme vir verhoudingsgetalle gebruik kan word om

die finansiële oorlewingsvermoë van die individuele boer en gevolglik die landboubedryf in geheel, te verbeter:

- Die optimale finansiële struktuur van 'n boerdery kan aan die hand van 'n rekenaarmodel bepaal word sodat die korrekte norme, wat die eiesoortigheid van 'n individuele boerdery in ag neem, by die bestaan van geleende kapitaal toegepas kan word.
- Kredietverskaffers moet daarna streef om individuele boerdery se finansiële strukture, veral die onderlinge samestelling van laste, met behulp van finansiële norme en die gevolglike optimale kredietverskaffing, korrek saam te stel sodat die landboubedryf se lewensvatbaarheid in geheel beveilig kan word.
- Kredietverskaffers moet genoegsame en betroubare inligting ten opsigte van boerderye versamel en verwerk om die onderlinge verwantskap van verhoudingsgetalle daaruit vas te stel, sodat die resultate van die individuele boerderye beter geïnterpreteer kan word.
- Individuele boerderye moet nie net op grond van 'n algemeen geldende groeps-gemiddeld beoordeel word nie omdat elke boerdery in 'n eiesoortige omgewing funksioneer en daarvolgens beoordeel moet word. Individue moet met behulp van 'n bestuursevaluasie en die korrekte finansiële norme deur kredietverskaffers aangemoedig word om die boerdery se vertakkings en optimale grootte volgens hulle bestuursvermoë saam te stel en te finansier.

Slutelwoorde:

Finansiële norme

Finansiële posisie

Finansiële struktuur

Gemengde boerdery

Oos-Vrystaat

Verhoudingsgetalle

DANKBETUIGING

Ek bedank graag:

- Prof. Deon de Klerk vir sy leiding en raad tydens die studie;
- Suzette Wessels vir die taalkundige versorging van die manuskrip;
- Die kliënte van Computus Bestuursburo vir inligting wat tot my beskikking was;
- My vrou, Marlize, vir haar aanmoediging en bystand;
- My kinders, Ruhán, Marli en Rikus, vir hulle opoffering;
- Die Skepper.

*“'n Mens vind vreugde daarin
as hy die antwoord het;
wat is beter as die regte woord
op die regte tyd?”*

Spreek 15:23

INHOUDSOPGAWE

1. MOTIVERING EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.1. BEGRIPSOMSKRYWING	1
1.2. MOTIVERING	1
1.2.1. BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM	2
1.2.2. BELANGRIKHEID VAN DIE NAVORSING	3
1.2.3. PROBLEEMSTELLING	3
1.3. DOEL VAN DIE STUDIE	5
1.4. NAVORSINGSMETODE EN -METODIEK	5
1.4.1. LITERATUURSTUDIE	5
1.4.2. EMPIRIESE NAVORSING	6
1.4.3. STUDIEPOPULASIE	6
1.4.4. BESKRYWING VAN DIE DEELNEMENDE BOERE	7
1.4.4.1. PLAASGROOTTE	7
1.4.4.2. BATEWAARDE	8
1.4.4.3. BRUTO PRODUKSIEWAARDE	9
1.4.4.4. BELANGRIKHEID VAN VERTAKKINGS	9
1.4.4.5. GEVOLGTREKKING	10
1.5. PROBLEME MET DIE NAVORSING ONDERVIND	11
1.6. HOOFSTUKINDELING	11

2. LITERATUURSTUDIE: DIE DOEL EN NUT VAN VERHOUDINGSGETALLE

2.1. INLEIDING	13
2.2. DEFINISIE EN BEGRIPPE	13
2.3. GEBRUIK VAN VERHOUDINGSGETALLE	15
2.3.1. GEVARE BY GEBRUIK	15
2.3.2. BEPERKINGS BY GEBRUIK	16
2.3.3. VOORWAARDES BY GEBRUIK	17
2.3.4. GEBRUIKSMETODES	17
2.4. SOORTE VERHOUDINGSGETALLE	18
2.4.1. SOLVABILITEIT	18
2.4.1.1. BATE/LASTEVERHOUDING	18
2.4.1.2. NETTO WAARDE/LASTEVERHOUDING	19
2.4.1.3. HEFBOOMVERHOUDING	19
2.4.2. LIKIDITEIT	19
2.4.2.1. BEDRYFSVERHOUDING	20
2.4.2.2. BEDRYFSKAPITAAL	20
2.4.3. DOELMATIGHEID	20

2.4.3.1. BATE/OMSETVERHOUDING	20
2.4.3.2. BEDRYFSWINSVERHOUDING	21
2.4.3.3. BEDRYFSVERHOUDINGS	21
2.4.4. RENTABILITEIT	22
2.4.4.1. RENTABILITEIT VAN DIE ONDERNEMING	22
2.4.4.2. RENTABILITEIT VAN EIE KAPITAAL	22
2.4.5. TERUGBETAALVERMOË	22
2.4.5.1. SKULD- EN BRUIKHUURDEKKINGSVERHOUDING	23
2.4.5.2. KAPITAALVERVANGINGS- EN SKULDDEKKINGSMARGE	23
2.5. UITBREIDING VAN VERHOUDINGSGETALLE	23
2.5.1. AANGEPASTE HEFBOOMVERHOUDING	24
2.5.2. SKULDSTRUKTUURINDEKS	24
2.6. VERHOUDINGSGETALLE EN FINANSIËLE STATE	25
2.6.1. STANDAARD FORMAAT VIR FINANSIËLE STATE	25
2.6.1.1. BALANSSTAAT	26
2.6.1.2. INKOMSTESTAAT	27
2.6.2. VERWANTSKAP TUSSEN FINANSIËLE STATE	28
2.6.3. ONTLEDINGSWYSE VAN FINANSIËLE STATE	29
2.6.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR	29
2.7. VERHOUDINGS EN PERSENTASIES	31
2.8. NORMETOETSING	31
2.9. SAMEVATTING	32

3. BEPALING VAN 'N OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR

3.1. INLEIDING	33
3.2. BEGRIPSOMSKRYWING	33
3.3. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE MODEL	33
3.4. INSAMEL VAN DATA	35
3.4.1. BESTURSEVALUASIE	35
3.4.1.1. KARAKTER	35
3.4.1.2. KAPASITEIT	36
3.4.1.3. KAPITAAL	36
3.4.1.4. KONDISIES	36
3.4.1.5. KREDIETWAARDIGHEID	37
3.4.1.6. EVALUASIEPUNT	37
3.4.1.7. BELANGRIKHEID VAN ELKE KRITERIUM	37
3.4.2. FISIESE DATA	38
3.4.2.1. GROND	38
3.4.2.2. VEE	39
3.4.3. RENTEKOERSE	40
3.4.3.1. UITLEENKOERSE	40
3.4.3.2. RENTABILITEIT	41
3.4.3.3. GEHUURDE BATES EN BELEGGINGS	41
3.4.4. FINANSIËLE DATA	42
3.4.4.1. BEDRYFSBATES	42

3.4.4.2. MIDDELTERMYNBATES	42
3.4.4.3. VASTE BATES	43
3.4.4.4. TOTALE BATES	43
3.4.4.5. BELEGGINGS BUIE DIE BOERDERY	43
3.4.4.6. GEHUURDE BATES	43
3.4.4.7. TOTALE KAPITAALAANWENDING	43
3.4.4.8. TREKKINGS	43
3.4.5. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INSAMEL VAN DATA	44
3.5. VERWERKING VAN DATA	46
3.5.1. BATE/OMSET	46
3.5.1.1. GROND	48
3.5.1.2. VEE	51
3.5.1.3. TOTALE BATE/OMSET	52
3.5.2. TERUGBETAALVERMOË	52
3.5.2.1. NETTO BOERDERY-INKOMSTE	53
3.5.2.2. TREKKINGS	53
3.5.2.3. HUUR	54
3.5.2.4. INKOMSTE UIT BELEGGINGS BUIE DIE BOERDERY	54
3.5.3. SAMESTELLING VAN LASTE	55
3.5.3.1. TOTALE LASTE	55
3.5.3.2. BEDRYFSLASTE	55
3.5.3.3. MIDDELTERMYNLASTE	56
3.5.3.4. LANGTERMYNLASTE	56
3.5.4. UITLEENKOERSE	57
3.5.4.1. FINALE UITLEENKOERS	57
3.5.4.2. BEDRYFSLASTE	57
3.5.4.3. MIDDELTERMYNLASTE	58
3.5.4.4. LANGTERMYNLASTE	58
3.5.5. PROPORSIONELE BEDRAG VIR PAAIEMENTE	59
3.5.5.1. BEDRYFSLASTE	59
3.5.5.2. MIDDELTERMYNLASTE	59
3.5.5.3. LANGTERMYNLASTE	60
3.5.5.4. VERDELING VAN TERUGBETAALVERMOË	60
3.5.6. WAARDE VAN TOTALE LASTE	61
3.5.6.1. BEDRYFSLASTE	61
3.5.6.2. MIDDELTERMYNLASTE	62
3.5.6.3. LANGTERMYNLASTE	62
3.5.6.4. TOTALE LASTE	63
3.5.6.5. NETTO WAARDE	63
3.5.7. JAARLIKSE RENTE	63
3.5.7.1. BEDRYFSLASTE	64
3.5.7.2. MIDDELTERMYNLASTE	64
3.5.7.3. LANGTERMYNLASTE	64
3.5.8. INKOMSTESTAAT	65
3.5.8.1. BOERDERYWINS	65
3.5.8.2. GROEI IN NETTO WAARDE	66
3.5.8.3. BOERDERY-UITGAWES	66
3.5.9. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERWERKING VAN DATA	67

3.6. VERSLAGDOENING	69
3.6.1. BALANSSTAAT	69
3.6.2. INKOMSTESTAAT	70
3.6.3. VERHOUDINGS	70
3.7. KOMPONENTE VAN DIE MODEL	71
3.7.1. GEGEWEN KOMPONENTE	71
3.7.2. AFGELEIDE KOMPONENTE	72
3.7.3. BEREKENDE KOMPONENTE	72
3.8. SAMEVATTING	73

4. TOEPASSING VAN DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR OP GEMENGDE BOERDERYE IN DIE OOS-VRYSTAAT

4.1. INLEIDING	74
4.2. BESKRYWING VAN DIE DEELNEMENDE BOERE	74
4.3. NORM VIR BESTE EN SWAKSTE DERDE	75
4.4. GROEPSGEMIDDELD	75
4.4.1. INSAMEL VAN DATA	75
4.4.1.1. BESTUURSEVALUASIE	77
4.4.1.2. FISIESE DATA	77
4.4.1.3. RENTEKOERSE	77
4.4.1.4. FINANSIËLE DATA	78
4.4.2. VERWERKING VAN DATA	78
4.4.3. VERSLAGDOENING	80
4.4.3.1. BALANSSTAAT	80
4.4.3.2. INKOMSTESTAAT	81
4.4.3.3. VERHOUDINGS	82
4.4.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR	85
4.5. BESTE DERDE	86
4.5.1. INSAMEL VAN DATA	86
4.5.1.1. BESTUURSEVALUASIE	88
4.5.1.2. FISIESE DATA	88
4.5.1.3. RENTEKOERSE	88
4.5.1.4. FINANSIËLE DATA	88
4.5.2. VERWERKING VAN DATA	89
4.5.3. VERSLAGDOENING	91
4.5.3.1. BALANSSTAAT	91
4.5.3.2. INKOMSTESTAAT	92
4.5.3.3. VERHOUDINGS	93
4.5.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR	95
4.6. SWAKSTE DERDE	96
4.6.1. INSAMEL VAN DATA	97
4.6.1.1. BESTUURSEVALUASIE	99
4.6.1.2. FISIESE DATA	99
4.6.1.3. RENTEKOERSE	99

4.6.1.4. FINANSIËLE DATA	99
4.6.2. VERWERKING VAN DATA	100
4.6.3. VERSLAGDOENING	102
4.6.3.1. BALANSSTAAT	102
4.6.3.2. INKOMSTESTAAT	103
4.6.3.3. VERHOUDINGS	104
4.6.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR	106
4.7. SAMEVATTING	107

5. DIE VERWANTSKAP TUSSEN SOLVABILITEIT, LIKIDITEIT, DOELMATIGHEID, RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË

5.1. INLEIDING	109
5.2. BESKRYWING VAN DIE DEELNEMENDE BOERE	109
5.3. TOEPASSING VAN VERHOUDINGS	109
5.3.1. SOLVABILITEIT	110
5.3.2. LIKIDITEIT	110
5.3.3. DOELMATIGHEID	110
5.3.4. RENTABILITEIT	111
5.3.5. TERUGBETAALVERMOË	111
5.3.6. WAARDES EN VARIASIES	111
5.3.7. NEIGINGSKURWE	112
5.4. SOLVABILITEIT	112
5.4.1. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT	113
5.4.2. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID	114
5.4.3. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT	115
5.4.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË	116
5.5. LIKIDITEIT	117
5.5.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT	117
5.5.2. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID	118
5.5.3. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT	119
5.5.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË	121
5.6. DOELMATIGHEID	122
5.6.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT	122
5.6.2. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT	123
5.6.3. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT	124
5.6.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË	125
5.7. RENTABILITEIT	126
5.7.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT	126
5.7.2. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT	127
5.7.3. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID	129
5.7.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË	130
5.8. TERUGBETAALVERMOË	131
5.8.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT	131

5.8.2. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT	132
5.8.3. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID	133
5.8.4. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT	134
5.9. GEVOLGTREKKING	135
5.10. SAMEVATTING	136

6. DIE INVLOED VAN FISIESE FAKTORE OP DIE RESULTATE VAN VERHOUDINGSGETALLE

6.1. INLEIDING	138
6.2. BESKRYWING VAN DEELNEMENDE GROEPE	138
6.3. FISIESE FAKTORE	138
6.4. FINANSIËLE NORME	140
6.5. GROEPSGEMIDDELD	140
6.5.1. SOLVABILITEIT	141
6.5.2. LIKIDITEIT	142
6.5.3. DOELMATIGHEID	143
6.5.4. RENTABILITEIT	145
6.5.5. TERUGBETAALVERMOË	146
6.6. BESTE DERDE	147
6.6.1. SOLVABILITEIT	147
6.6.2. LIKIDITEIT	149
6.6.3. DOELMATIGHEID	150
6.6.4. RENTABILITEIT	151
6.6.5. TERUGBETAALVERMOË	152
6.7. SWAKSTE DERDE	154
6.7.1. SOLVABILITEIT	154
6.7.2. LIKIDITEIT	156
6.7.3. DOELMATIGHEID	157
6.7.4. RENTABILITEIT	159
6.7.5. TERUGBETAALVERMOË	160
6.8. GEVOLGTREKKING	161
6.9. SAMEVATTING	163

7. SAMEVATTINGS EN AANBEVELINGS

7.1. INLEIDING	165
7.2. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS	165
7.2.1. MOTIVERING EN DOEL VAN DIE STUDIE	165
7.2.2. LITERATUURSTUDIE: DIE DOEL EN NUT VAN VERHOUDINGSGETALLE	166
7.2.3. BEPALING VAN 'N OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR	166

7.2.4. TOEPASSING VAN DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR OP GEMENGDE BOERDERYE IN DIE OOS-VRYSTAAT	167
7.2.5. DIE VERWANTSKAP TUSSEN SOLVABILITEIT, LIKIDITEIT, DOELMATIGHEID, RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË	168
7.2.6. DIE INVLOED VAN FISIESE FAKTORE OP DIE RESULTATE VAN VERHOUDINGSGETALLE	169
7.3. AANBEVELINGS	170
7.4. SLOT	172
BYLAAG 1	173
BYLAAG 2	174
BYLAAG 3	177
BYLAAG 4	201
BYLAAG 5	213
BRONNE AANGEHAAL	225
BRONNE GERAADPLEEG	228

OPGAWE VAN TABELLE

TABEL 1.1:	VERGELYKING VAN DEELNEMENDE BOERE AAN DIE STUDIE TEENoor AKTIEWE BOERE IN DIE OOREENSTEMMENDE DISTRIKTE, 1996	7
TABEL 1.2:	GEMIDDELDE PLAASGROOTTE VAN DEELNEMENDE BOERE TEENoor DIE VKB-GROEP, 1996	8
TABEL 1.3:	GEMIDDELDE BATEWAARDE VAN DEELNEMENDE BOERE TEENoor DIE VKB-GROEP, 1996	8
TABEL 1.4:	GEMIDDELDE BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN DEELNEMENDE BOERE TEENoor DIE VKB-GROEP, 1996	9
TABEL 1.5:	BELANGRIKHEID VAN VERTAKKINGS VAN DEELNEMENDE BOERE TEENoor DIE VKB-GROEP, 1996	10
TABEL 3.1:	MARKWAARDE, BRUTOPRODUKSIEWAARDE EN BATE/OMSET VAN FISIESE PRODUKSIE-EENHEDE VIR GEMENGDE BOERDERYE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	47
TABEL 4.1:	SOLVABILITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD, BESTE EN SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	75
TABEL 4.2:	INSAMEL VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIële STRUKTUUR VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	76
TABEL 4.3:	VERWERKING VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIële STRUKTUUR VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	79
TABEL 4.4:	WERKLIKE EN OPTIMALE BALANSSTAAT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	80
TABEL 4.5:	WERKLIKE EN OPTIMALE INKOMSTESTAAT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	81
TABEL 4.6:	WERKLIKE EN OPTIMALE VERHOUDINGSGETALLE VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	82

TABEL 4.7:	INSAMEL VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	87
TABEL 4.8:	VERWERKING VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	90
TABEL 4.9:	WERKLIKE EN OPTIMALE BALANSSTAAT VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	91
TABEL 4.10:	WERKLIKE EN OPTIMALE INKOMSTESTAAT VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	92
TABEL 4.11:	WERKLIKE EN OPTIMALE VERHOUDINGSGETALLE VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	93
TABEL 4.12:	INSAMEL VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	98
TABEL 4.13:	VERWERKING VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	101
TABEL 4.14:	WERKLIKE EN OPTIMALE BALANSSTAAT VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	102
TABEL 4.15:	WERKLIKE EN OPTIMALE INKOMSTESTAAT VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	103
TABEL 4.16:	WERKLIKE EN OPTIMALE VERHOUDINGSGETALLE VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	104
TABEL 5.1:	SOLVABILITEIT, LIKIDITEIT, DOELMATIGHEID, RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	112

OPGAWE VAN FIGURE

FIGUUR 2.1:	DU PONT-SISTEEM	28
FIGUUR 2.2:	KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR	30
FIGUUR 3.1:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUURMODEL	34
FIGUUR 3.2:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INSAMEL VAN DATA VIR DIE MODEL	45
FIGUUR 3.3:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERWERKING VAN DATA VIR DIE MODEL	68
FIGUUR 3.4:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BALANSSTAAT	69
FIGUUR 3.5:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INKOMSTESTAAT	70
FIGUUR 3.6:	SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERHOUDINGS	71
FIGUUR 4.1:	WERKLIKE EN OPTIMALE KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	85
FIGUUR 4.2:	WERKLIKE EN OPTIMALE KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	96
FIGUUR 4.3:	WERKLIKE EN OPTIMALE KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997	107
FIGUUR 5.1:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	113
FIGUUR 5.2:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	114
FIGUUR 5.3:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	115
FIGUUR 5.4:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	116

FIGUUR 5.5:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	118
FIGUUR 5.6:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	119
FIGUUR 5.7:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	120
FIGUUR 5.8:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	121
FIGUUR 5.9:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	122
FIGUUR 5.10:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	123
FIGUUR 5.11:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	124
FIGUUR 5.12:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	125
FIGUUR 5.13:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	127
FIGUUR 5.14:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	128
FIGUUR 5.15:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	129
FIGUUR 5.16:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	130

FIGUUR 5.17:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	131
FIGUUR 5.18:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	132
FIGUUR 5.19:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	133
FIGUUR 5.20:	VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997	134
FIGUUR 6.1:	SOLVABILITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	141
FIGUUR 6.2:	LIKIDITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	142
FIGUUR 6.3:	DOELMATIGHEID VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	144
FIGUUR 6.4:	RENTABILITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	145
FIGUUR 6.5:	TERUGBETAALVERMOË VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	146
FIGUUR 6.6:	SOLVABILITEIT VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	148
FIGUUR 6.7:	LIKIDITEIT VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	149
FIGUUR 6.8:	DOELMATIGHEID VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	150
FIGUUR 6.9:	RENTABILITEIT VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	151
FIGUUR 6.10:	TERUGBETAALVERMOË VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	153

FIGUUR 6.11:	SOLVABILITEIT VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	155
FIGUUR 6.12:	LIKIDITEIT VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	156
FIGUUR 6.13:	DOELMATIGHEID VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	158
FIGUUR 6.14:	RENTABILITEIT VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	159
FIGUUR 6.15:	TERUGBETAALVERMOË VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997	160

1. MOTIVERING EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.1. BEGRIPSOMSKRYWING

Finansiële norme: Die meetbare finansiële posisie van 'n onderneming aan die hand van verhoudingsgetalle met betrekking tot die balans- en inkomstestaat.

Gemengde boerdery: Boerdery-eenhede waar meer as een produk (bv koring, mielies, aartappels, melk, wol en vleis) tot die bruto produksiewaarde bydra.

Oos-Vrystaat: Distrikte in die Oos-Vrystaat waar boere gevind kon word waarvan die finansiële rekordhouding op eenvormige en akkurate wyse opgeteken is naamlik Bethlehem, Kestell, Lindley, Memel, Reitz en Warden.

Optimale finansiële struktuur: Die spesifieke punt wat deur die finansiële norme uitgewys word waar die samestelling van die balans- en inkomstestaat die onderneming lewensvatbaar maak.

1.2. MOTIVERING

Die oorgelewerde verhaal vertel van die koster wat elke dag, oppad kerk toe, voor die juwelierswinkel se venster vasgesteek het en na die horlosies gestaar het. Daarna het hy sy eie horlosie uit sy onderbaadjie se sak gehaal, daarop gekyk en dan weer aangestap.

Hierdie ritueel het hom elke dag afgespeel. Op 'n dag skraap die juwelier moed bymekaar, stap uit en vra aan die koster wat die rede vir sy optrede is. Die koster antwoord toe dat hy maar net kyk of sy eie horlosie se tyd met dié in die venster ooreenstem want daarna gaan stel hy die kerkhorlosie volgens sy eie.

"Snaaks!" antwoord die juwelier: "*Ek stel weer elke dag my horlosies op die kerk s'n.*"

Nie die koster of die juwelier gebruik Greenwich-tyd as norm nie. Hulle gebruik mekaar as norm. Gevolglik kan hulle, en so ook die hele dorpie, met sekondes, minute of selfs ure teenoor die standaardtyd uit raak.

1.2.1. BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM

Daar is 'n analogie tussen die inleidende verhaaltjie en die landboubedryf. Die koster en die juwelier stel hul horlosies na mekaar en beïnvloed sodoende die hele gemeenskap se tydsnorm. Net so kyk die landbou-ekonoom vir die boer en die boer vir die landbou-ekonoom vir norme by die interpretasie van finansiële gegewens binne die landboubedryf en niemand weet hoe ver van 'n werklike standaard daar moontlik afgewyk is nie.

Landbou-ekonome van Suid-Afrikaanse landboukoöperasies en handelsbanke neem boere se finansiële state en verwerk die gegewens tot groepsgemiddeldes.¹ Vanuit hierdie groepsgemiddeldes stel hulle norme vas wat as maatstawwe by die interpretering van verhoudingsgetalle vir boerderye gebruik word. Wie stel nou die norm? Die boer of die landbou-ekonoom? Anders gestel: jaag die boer nie maar net sy eie norme na in sy¹ soeke na finansiële vooruitgang nie?

In die VSA, na wie Suid-Afrika kan opsien in sy strewe na vooruitgang, is die situasie nie anders nie. Penson *et al* (1982:26) sê byvoorbeeld: "*Because there is no nationally recognized publication of financial ratios for farmers and ranchers, the use of ratio analysis in agriculture is limited.*"

Verdere literatuur oor dié onderwerp is ook vaag. Daar word volstaan met verklarings soos: "... vir 'n boerdery met 'n gesonde kapitaalposisie moet die hefboomverhouding in die algemeen kleiner as 1 : 1 wees." (Van Zyl, 1988:56) en selfs: "*Therefore, a rather standard rule of thumb for the maximum leverage ratio is 1.0, according to these lenders.*" (Barry *et al*, 1979:177).

Landboukoöperasies en handelsbanke gebruik die boere se eie inligting om norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vas te lê. Die toonaangewende VSA beskik nie oor erkende voorgestelde norme nie. Die literatuur beveel die vuisreël aan. Daar is dus nie wetenskaplik ontwikkelde norme beskikbaar om as maatstaf by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n boerdery te dien nie. Om terug te keer na die aanvanklike verhaaltjie: Greenwich-tyd bestaan nie en dit laat 'n leemte by die beoordeling van 'n individuele boer se finansiële posisie met gevolglike nadele vir die landboubedryf as geheel.

¹ *Telefoniese gesprekke gedurende 1995 met mnre Neels van Rooyen, Landbou-ekonoom, Vrystaatse landbou-afdeling van Standard Bank; Pedrie van der Merwe, Landbou-ekonoom van Sentraal-Oos Koöperasie op Bethlehem; Danie Retief, Landbou-ekonoom van Vrystaat Koöperasie op Reitz.*

1.2.2. BELANGRIKHEID VAN DIE NAVORSING

Totale boerderyskuld in Suid-Afrika het op 30 Junie 1996 R20 748,3 miljoen beloop (Anon., 1997:25). In 'n studie oor die doeltreffendheid van landboukoöperasies as kanaal vir die verskaffing van produksiekrediet, is onder andere vasgestel dat solvabiliteit, met likiditeit daarnaas, die deurslaggewende norm vir landboukoöperasies is wanneer die kredietwaardigheid van 'n boer bepaal word. Hoewel handelsbanke nie so eenstemmig in hul toepassing van kredietnorme soos die landboukoöperasies was nie, is solvabiliteit en likiditeit vir hulle ook belangrike oorwegings by die bepaling van kredietnorme (Theunissen, 1986:108).

Die groepsgemiddelde syfers wat landboukoöperasies en handelsbanke as norm vir die beoordeling van solvabiliteit en likiditeit gebruik, is nie noodwendig reg nie. Derhalwe hang daar 'n vraagteken oor die kredietverskaffingsnorme van hierdie instansies en die boer se finansiële struktuur kan as gevolg hiervan, met verloop van tyd, verwing raak.

Vir die finansiële voortbestaan van die landboubedryf is dit noodsaaklik dat finansiële norme nie aan 'n ongetoetsde basis gekoppel word nie. Hierdie norme moet vanaf 'n aanvaarbare punt bereken word net soos wat standaardtyd vanaf Greenwich-tyd bepaal word. Daarná eers kan groepsgemiddeldes gebruik word om afwykings mee te verklaar.

Tensy wetenskaplik aanvaarbare norme as maatstaf kan dien, sal die gebruik van verhoudingsgetalle nie tot sy reg kom nie omdat daar 'n vraagteken oor die resultaat daarvan sal hang. 'n Instrument van die vakgebied, Ondernemingsbestuur, word daardeur onder verdenking geplaas. Daarom sal die vasstelling van wetenskaplik verantwoordbare en betroubare norme by die gebruik van verhoudingsgetalle 'n bydrae tot die bestuur van 'n boerdery as 'n onderneming kan maak.

Hierdie studie lê metodes en tegnieke neer waarvolgens wetenskaplik aanvaarbare norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n boerdery bepaal kan word. In die beoordeling van die finansiële struktuur van 'n boerdery kan die bevindings en gevolgtrekkings van hierdie studie vir die individuele boer en die kredietverskaffer van belang wees. Sodoende kan die langtermyn finansiële oorlewingsvermoë van die landboubedryf in geheel verbeter word.

1.2.3. PROBLEEMSTELLING

Soos genoem, bestaan daar nie betroubare norme waarmee onder andere solvabiliteit en likiditeit, as onderdeel van verhoudingsgetalle, vir boerderye beoordeel kan word nie. Hierdie punt word ook deur De Swart (1978:69) beklemtoon waar hy sê: "*Daar bestaan geen vaste formules wat kan bepaal hoeveel kapitaal 'n boer behoort te leen nie.*" Hy gaan verder en sê: "*Daar bestaan egter 'n optimum-verhouding vir elke boerderysoort met 'n spesifieke grootte en in 'n spesifieke stadium van ontwikkeling.*"

As hierdie verskille uitgeskakel word om so eiesoortige boerderye met mekaar te vergelyk, kan te hoë verhouding onder meer beteken dat té veel vir grond en verbeteringe betaal is, of grond is nie intensief genoeg bewerk nie omdat daar té min bedryfskapitaal is." (De Swart, 1978:73.)

Die bevindinge van 'n taakgroep oor die eenvormige finansiële verslagdoening van boerderye in die VSA sluit by De Swart aan. Een van hulle bevindinge lui: "*However, care must be exercised when measuring a firm's relative position within an industry. There have been times when the generally accepted wisdom of the industry has proven to be false.*" (Anon., 1990:43.)

Die verkeerde aanwending van finansiële norme kan nadelige gevolge vir die landboubedryf inhou. Dit kan daartoe lei dat die boer se finansiële struktuur, as gevolg van verkeerde finansiering en investering, in 'n riskante rigting ontwikkel. Dit kan beteken dat die boer aanbeveel word om te veel krediet op te neem. Dit kan beteken dat die onderlinge samestelling van bates en laste, naamlik kort-, medium- en langtermyn, verkeerd is. Dit kan uiteindelik tot die finansiële agteruitgang van boere lei. Dit kan op die lang duur tot die landboubedryf se ondergang lei. Daar is immers R20 748,3 miljoen se boerderyskuld op die spel wat grootliks op grond van hul solvabiliteit en likiditeit aan boere geleen is.

Teen die agtergrond van bogenoemde is die oorkoepelende probleemstelling van die studie dus dat daar nie betroubare norme bestaan waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n individuele boerdery aan die hand van verhoudingsgetalle binne sy eiesoortige omgewing bepaal kan word nie.

Die rede waarom hierdie studie onderneem is, is om die volgende spesifieke probleemstellings binne die raamwerk van die oorkoepelende probleem te ondersoek, naamlik:

- Groepsgemiddeldes wat deur landboukoöperasies en handelsbanke vir boerderye saamgestel word, bied nie noodwendig die korrekte norme vir die gebruik van verhoudingsgetalle ten opsigte van 'n individuele boerdery nie.
- As individuele boerderye se finansiële strukture nie korrek saamgestel is nie, hou dit nadelige gevolge vir die landboubedryf as geheel in.
- Daar bestaan nie betroubare inligting ten opsigte van 'n individuele boerdery oor die onderlinge verwantskap van verhoudingsgetalle nie.
- Individuele boerderye kan nie net op grond van 'n groepsgemiddeld beoordeel word nie omdat elke boerdery in 'n dinamiese eiesoortige omgewing funksioneer.

1.3. DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie behels die vasstelling van finansiële norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Uit die ondersoek is daar metodes vasgelê waarvolgens die optimale finansiële struktuur van so 'n boerdery bepaal kan word. Om dit te kon bereik, is die volgende newedoelwitte ook vir die studie vasgestel:

- Om die teoretiese aspekte van verhoudingsgetalle vir 'n boerdery te definieer.
- Om 'n model te ontwikkel waarvolgens die norme vir die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word.
- Om te bepaal in watter mate gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat van hul optimale finansiële struktuur afwyk.
- Om die onderlinge verwantskap tussen verhoudingsgetalle te bepaal.
- Om te bepaal watter invloed fisiese faktore soos ligging, vertakkingsamestelling, boerderygrootte en batebesit oor 'n tydsverloop op die resultate van verhoudingsgetalle se berekeninge het.

1.4. NAVORSINGSMETODE EN -METODIEK

Tydens die studie is inligting aanvanklik uit die beskikbare literatuur versamel om 'n model te ontwikkel waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met behulp van finansiële norme bepaal kan word. Daarna is die model aan die hand van empiriese inligting getoets. Die empiriese inligting is ook gebruik om die verwantskap tussen sekere verhoudingsgetalle vas te stel en om die invloed van fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle te bepaal.

1.4.1. LITERATUURSTUDIE

Die aannames en tegnieke wat vir die samestelling van die model gebruik is, is op grond van die bestudeerde literatuur ontwikkel en aangevul met die ervaringsnorme van boere in die Oos-Vrystaat. Daar is nie 'n tekort aan literatuur oor verhoudingsgetalle as sulks nie. Daar is ook heelwat literatuur beskikbaar oor die gebruik van verhoudings by die interpretasie van 'n boerdery se finansiële state. Daar is egter 'n tekort aan literatuur oor die ontwikkeling van finansiële norme waarvolgens die verhoudingsgetalle beoordeel kan word.

1.4.2. EMPIRIESE NAVORSING

COMPUTUS BESTUURBURO, BK, gesetel op Bethlehem, is 'n privaat finansiële burodiens vir boere in die Oos-Vrystaat. Dit beskik oor die dienste van vyf landbou-ekonome wat boere in die Oos-Vrystaat se finansiële rekords volgens eenvormige en akkurate rekeningkundige praktyke opteken. Die navorser is een van die vyf landbou-ekonome wat by die burodiens betrokke is.

Die stelling van Knopf en Schoney (1993:61), naamlik: *“It is well known that financial ratios work well only when based on carefully and consistently prepared financial statements and matched against carefully selected and homogenous groups.”*, geld ook vir hierdie studie. Omdat die gebruik van eenvormig opgestelde finansiële inligting deurslaggewend was, is die finansiële state van 65 boere wat kliënte van COMPUTUS BESTUURBURO is, gebruik. Hierdie boere se volledige finansiële gegewens van 1996 en 1997 was vir die doeleindes van hierdie studie beskikbaar.

1.4.3. STUDIEPOPULASIE

Die 65 boere bedryf hoofsaaklik gemengde boerderye in die distrikte van Bethlehem, Kestell, Lindley, Memel, Reitz en Warden en die metode van rekordhouding word eenvormig toegepas. Aangesien die finansiële inligting vir die navorser toeganklik was, maklik en kosteloos ingesamel kon word en ook omdat dit eenvormig en betroubaar is, is daar besluit om hierdie groep boere as verteenwoordigende steekproef te beskou en die omvang van die studie tot die Oos-Vrystaat te beperk. Die geografiese verspreiding van die deelnemende boere word op 'n kaart in bylaag 1 aangetoon. 'n Vergelyking van hierdie boere teenoor die getal aktiewe boere in die ooreenstemmende distrikte word in tabel 1.1 aangedui:

TABEL 1.1: VERGELYKING VAN DEELNEMENDE BOERE AAN DIE STUDIE TEENoor AKTIEWE BOERE IN DIE OOREENSTEMMENDE DISTRIKTE, 1996

DISTRIK	TOTALE AKTIEWE BOERE IN DISTRIK*	DEELNEMENDE BOERE	DEELNEMERS AS % VAN TOTALE BOERE
Bethlehem	228	15	6.6
Kestell	142	8	5.6
Lindley	84	7	8.3
Memel	50	8	16.0
Reitz	217	15	6.9
Warden	153	12	7.8
TOTAAL	874	65	7.4

** Inligting verskaf deur Sentraal-Oos Koöperasie, Sentraal-Wes Koöperasie en Vrystaat Koöperasie.*

Tabel 1.1 toon aan dat die 65 deelnemende boere 7,4% beloop van die totale getal aktiewe boere in die ooreenstemmende distrikte. In die geval van Memel beloop die deelnemende boere 16,0% van die aktiewe boere teenoor die 5,6% van Kestell. Die totale steekproef van 7,4% behoort nie die gevolgtrekkings en bevindings van die studie negatief te beïnvloed nie. Indien dit 'n geringe negatiewe uitwerking sou hê, weeg die feit dat die data van elke boer volgens eenvormige rekeningkundige standaarde opgestel is, vir die doeleindes van betroubare finansiële norme vir hierdie studie swaarder as 'n lae steekproef.

1.4.4. BESKRYWING VAN DIE DEELNEMENDE BOERE

Dit is nodig om 'n beskrywing van die deelnemende boere te gee ten einde die mate waarin hulle verteenwoordigend van boere in die ooreenstemmende distrikte is, te bepaal. Die plaasgrootte, batewaarde, bruto produksiewaarde en belangrikheid van vertakkings van die deelnemende boere word telkens teenoor dié van 63 boere wat aan Vrystaat Koöperasie se burendiens deelneem, getoon². Laasgenoemde boere (VKB-groep) bestaan uit 21 boere in Frankfort-, 14 boere in Reitz- en 28 boere in Vrededistrik.

1.4.4.1. PLAASGROOTTE

Gegewens oor die gemiddelde plaasgrootte van die deelnemende boere, in vergelyking met die VKB-groep, verskyn in tabel 1.2:

² Resultate verskaf deur Jaco Heckroodt, Landbou-ekoonoom, Vrystaat Koöperasie Beperk.

TABEL 1.2: GEMIDDELDE PLAASGROOTTE VAN DEELNEMENDE BOERE TEENoor DIE VKB-GROEP, 1996

BESKRYWING	DEELNEMENDE BOERE		VKB-GROEP	
	Hektaar	% van Totaal	Hektaar	% van Totaal
Eie grond	1180.68	62.9	1361.11	63.9
Gehuurse grond	697.12	37.1	768.65	36.1
TOTAAL	1877.25	100.0	2129.76	100.0

Tabel 1.2 toon aan dat die deelnemende boere se plaasgrootte gemiddeld 1 877,25 hektaar beoep teenoor die 2 129,76 ha van die VKB-groep. Hoewel daar 'n verskil in die hektare is, toon tabel 1.2 aan dat die deelnemende boere 62,9% van hierdie grond self besit teenoor die 37,1% wat gehuur word. In die geval van die VKB-groep beoep dieselfde samestelling onderskeidelik 63,9% en 36,1%.

1.4.4.2. BATEWAARDE

Gegewens oor die gemiddelde batewaarde van die deelnemende boere, in vergelyking met die VKB-groep, verskyn in tabel 1.3:

TABEL 1.3: GEMIDDELDE BATEWAARDE VAN DEELNEMENDE BOERE TEENoor DIE VKB-GROEP, 1996

BESKRYWING	DEELNEMENDE BOERE		VKB-GROEP	
	Rand Totaal	% van	Rand Totaal	% van
Bedryfsbates	379695	7.9	526497	13.3
Middeltermyn bates	2204054	46.1	1626461	41.2
Vaste bates	1424511	29.8	1282367	32.6
Gehuurse bates	774807	16.2	510153	12.9
TOTAAL	4783067	100.0	3945477	100.0

Tabel 1.3 toon aan dat die deelnemende boere se batewaarde gemiddeld R4 783 067 beoep teenoor die R3 945 477 van die VKB-groep. Hoewel daar 'n verskil in randwaarde is, toon tabel 1.3 'n redelike ooreenstemming in die samestelling van die bates tussen die deelnemende boere en die VKB-groep. Bedryfsbates, middeltermyn bates, vaste bates en gehuurde bates van die deelnemende boere beoep onderskeidelik 7,9%, 46,1%, 29,8% en 16,2% van die totale batewaarde teenoor die 13,3%, 41,2%, 32,6% en 12,9% van die VKB-groep.

1.4.4.3. BRUTO PRODUKSIEWAARDE

Gegewens oor die gemiddelde bruto produksiewaarde van die deelnemende boere, in vergelyking met die VKB-groep, verskyn in tabel 1.4:

TABEL 1.4: GEMIDDELDE BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN DEELNEMENDE BOERE TEENOR DIE VKB-GROEP, 1996

BESKRYWING	DEELNEMENDE BOERE		VKB-GROEP	
	Rand	% van Totaal	Rand Totaal	% van
Inkomste uit gewasse	1125877	69.1	681116	60.2
Inkomste uit vee	505143	30.9	449643	39.8
TOTAAL	1631020	100.0	1130759	100.0

Tabel 1.4 toon aan dat die deelnemende boere se bruto produksiewaarde gemiddeld R1 631 020 beloop teenoor die R1 130 759 van die VKB-groep. Die deelnemende boere ontvang 69,1% van hul bruto produksiewaarde uit gewasse teenoor die 60,2% van die VKB-groep. Gevolglik ontvang die VKB-groep 'n groter gedeelte van hul bruto produksiewaarde uit vee as die deelnemende boere naamlik 39,8% teenoor 30,9%.

1.4.4.4. BELANGRIKHEID VAN VERTAKKINGS

Gegewens oor die belangrikheid van vertakkings van die deelnemende boere, in vergelyking met die VKB-groep, verskyn in tabel 1.5:

TABEL 1.5: BELANGRIKHEID VAN VERTAKKINGS VAN DEELNEMENDE BOERE TEENOR DIE VKB-GROEP, 1996

BESKRYWING	DEELNEMENDE BOERE		VKB-GROEP	
	Hektaar	% van Totaal	Hektaar	% van Totaal
Gewasse:				
Mielies	174.28	26.9	281.72	52.8
Koring	351.24	54.2	108.83	20.4
Sonneblom	25.2	3.9	41.3	7.7
Bone	49.69	7.7	5.19	1.0
Aartappels	17.25	2.7	2.48	0.4
Ander	30.19	4.6	94.37	17.7
TOTAAL	647.85	100.0	533.89	100.0
Vee:	GVE*	% van Totaal	GVE*	% van Totaal
Vleisbeeste	211	63.0	445	62.9
Melkbeeste	50	14.9	49	7.0
Skape	74	22.1	213	30.1
TOTAAL	335	100.0	707	100.0

* Grootvee-eenhede vroulike diere waarmee geteel word. Een bees = ses skape.

Tabel 1.5 toon aan dat die deelnemende boere hul gewasse op 647,85 ha verbou teenoor die 533,89 ha van die VKB-groep. In die geval van die deelnemende boere is koring die belangrikste gewasvertakking en 54,2% van die totale hektaar lande word hiervoor aangewend. By die VKB-groep word 52,8% van die totale hektaar lande vir mielies gebruik wat dit die vernaamste gewasvertakking van hierdie boere maak. Uit tabel 1.5 kan afgelei word dat die onderlinge belangrikheid van gewasvertakings tussen die twee groepe boere verskillend is.

Met betrekking tot vee besit die deelnemende boere gemiddeld 211 vleisbeeskoeie teenoor die 445 van die VKB-groep hoewel dit in beide groepe 63% (benaderd) van die totale grootvee-eenhede uitmaak. In die geval van die deelnemende boere maak melkbeeste 14,9% van die totale grootvee-eenhede uit teenoor skape se 22,1%. Melkbeeste beloop 7,0% en skape 30,1% van die VKB-groep se totale grootvee-eenhede. Hoewel vleisbeeste persentasiegewys vir beide groepe 'n ewe belangrike vertakking is, is daar 'n verskil in die belangrikheid van melkbeeste en skape.

1.4.4.5. GEVOLGTREKKING

'n Beskrywing van die deelnemende boere aan hierdie studie toon 'n noue ooreenkoms met 'n ander groep boere in die Oos-Vrystaat. Die verskil in die belangrikheid van vertakings kan toegeskryf word aan die geringe verskil in die geografiese verspreiding tussen die twee groepe boere. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die deelnemende boere, soos gemeet aan 'n soortgelyke groep, 'n verteenwoordigende respons ten opsigte van plaasgrootte, batewaarde en bruto

produksiewaarde uit die universum van aktiewe boere in die ooreenstemmende ditrikte van die Oos-Vrystaat is. Hoewel die belangrikheid van vertakkings nie π noue ooreenkoms toon nie, behoort dit nie π invloed op die resultate van die studie te hê nie.

1.5. PROBLEME MET DIE NAVORSING ONDERVIND

Die model waarvolgens die optimale finansiële struktuur van π boerdery bepaal word, kan kwesbaar wees omdat dit eerstens 'n groot hoeveelheid berekenings bevat en tweedens op sekere aannames steun. Ten einde hierdie probleem te oorkom, is soveel as moontlik bronne geraadpleeg sodat elke berekening en aanname teoreties geregverdig kon word. Buiten hierdie aangeleentheid, is daar nie ander probleme met die navorsing ondervind nie.

Met betrekking tot die tegniese versorging van die proefskrif, is daar probleme ondervind om die groter figure s \acute{o} op die betrokke bladsye ingepas te kry dat daar nie gapings ontstaan nie. Vir die doeleindes van vloeiende leesbaarheid, is daar besluit om nie hierdie gapings met die besprekings te vul nie maar dit direk na elke figuur te hou. Gevolglik kom daar op sommige bladsye π gaping voor waar π figuur, ter wille van die eenheid daarvan, op π nuwe bladsy geplaas is.

1.6. HOOFSTUKINDELING

Die studie bestaan uit die volgende hoofstukke:

- *Motivering en doel van die studie*, wat die motivering, probleemstelling, en doel van die studie beskryf en ook die omvang en metode van die studie uitspel.
- *Literatuuroorsig*, wat die doel en nut van verhoudingsgetalle met betrekking tot die studie beskryf.
- *Bepaling van 'n optimale finansiële struktuur*, wat die ontwikkeling van 'n model beskryf waarmee norme vasgelê word vir die berekening van 'n boerdery se optimale finansiële struktuur.
- *Toepassing van die optimale finansiële struktuur op gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat*, waar die resultate van die model se toetsing op deelnemende boere se finansiële inligting beskryf word.
- *Die verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë*, waar die onderlinge verwantskap van die betrokke verhoudings empiries bepaal word.

- *Die invloed van fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle*, waar die onderlinge invloed van ligging, vertakkingsamestelling, boerderygrootte en batebesit, met inagneming van tydsverloop, op die resultate van verhoudingsgetalle se berekeninge, soos vir die boerderye as 'n groep, die beste en ook swakste derde bepaal is.
- *Samevatting en aanbevelings*, wat die vernaamste gevolgtrekkings van die studie saamvat en sekere aanbevelings maak.

2. LITERATUURSTUDIE: DIE DOEL EN NUT VAN VERHOUDINGSGETALLE

2.1. INLEIDING

Die mens probeer gewoonlik om homself teen 'n norm te meet. Dit is veral van toepassing waar hy 'n besigheid bedryf en finansiële inligting bymekaar maak om homself mee te kan evalueer. Sonder ontledings en interpretasies maak dit nie sin om finansiële inligting te versamel nie. Oor jare heen het daar dus 'n reeks verhoudings ontwikkel waarmee ondernemings se finansiële vermoë en vooruitgang ontleed kan word.

Die nodigheid om die finansiële resultate van 'n boerdery te meet het ontstaan namate boere meer op geleende kapitaal begin steun het om met die produksieproses te kon voortgaan. Geselekteerde finansiële maatstawwe maak dit vir die uitlener maklik om spesifieke inligting te bekom, eerder as wat die finansiële rekords in hul volledige formaat bestudeer moet word.

Soos ander ondernemings, funksioneer boerderye nie in 'n volmaakte omgewing nie. Daarom is die gebruik van finansiële verhoudings as maatstawwe nie sonder gevare, beperkings en voorwaardes nie. In hierdie hoofstuk word die doel en nut van verhoudingsgetalle, met die oog op die verskeie gebruike daarvan in dié studie, dus bespreek.

2.2. DEFINISIE EN BEGRIPPE

Robertson (1989:4) definieer 'n verhoudingsgetal soos volg: *“A ratio is a relationship between two or more values and can help reduce large amounts of data into meaningful figures. In financial ratio analysis, the values are normally taken from the published statements of companies. Financial ratios are used as a means of communicating information in a prescribed format on the past, present and future performance of a company.”*

'n Verhoudingsgetal is 'n verwantskap tussen twee of meer waardes wat in die balans- of inkomstestaat van 'n onderneming vervat is. Vir die doeleindes van hierdie studie word die waardes wat in die verhoudings gebruik word, volgens Van Zyl (1988:31-38) se begripsbeskrywing verduidelik.

Totale bates word gegroepeer volgens hul likiditeit of vermoë om in kontant omgeskakel te word naamlik bedryfsbates, middeltermynbates en vaste bates.

Bedryfsbates is die mees likiede bates en bestaan uit items soos kontant op hande of in die bank, voorraad, debiteure, klaar- of halfklaarprodukte en korttermynbeleggings.

Middeltermynbates word in die produksieproses gebruik om verkoopbare items oor 'n tydperk van twee tot tien jaar te produseer. Dit bestaan uit voertuie, trekkers, werktuie, masjinerie, aanteelwee en beleggings oor die medium termyn. Die meeste van hierdie items is aan depresiasie onderhewig.

Vaste bates word ook in die produksieproses gebruik maar het 'n leeftyd van langer as tien jaar. Strukturele verbeterings en grond is voorbeelde hiervan.

Totale kapitaalaanwending sluit bates wat die boer se eiendom is en gehuurde bates in. Dit verteenwoordig alle bates wat in die boerdery gebruik word.

Totale laste word gegroepeer volgens die termyn wat vir die terugbetaling van skuld of verpligtinge beskikbaar is, naamlik bedryfslaste, middeltermynlaste en langtermynlaste.

Bedryfslaste is skuldverpligtinge wat binne twaalf maande betaalbaar is en sluit items soos bankoortrekkings, koöperasierekeninge en handelskrediteure in.

Middeltermynlaste is skuldverpligtinge wat binne een tot tien jaar afgelos moet word. Dit bestaan uit huurkope, bruikhuure en mediumtermynlenings.

Langtermynlaste verteenwoordig alle skuldverpligtinge wat oor 'n tydperk van langer as tien jaar afgelos moet word. Verbandlenings is voorbeelde hiervan.

Netto waarde is die verskil tussen die waarde van totale bates en totale laste.

Bruto produksiewaarde is die totale waarde (verkope, versekering vir oesverliese en rantsoene vir eie gebruik) van die produksie van vee- en graanvertakkings. Dit sluit ook ander boerdery-inkomste (kontrakwerk en bonus op omset by 'n koöpersie) in. Met betrekking tot vee sluit dit kapitaalverandering van veevoorrade in en word dit soos volg bereken:

$$\begin{aligned} & \text{VEEVERKOPE} \\ & + \text{VEEPRODUKVERKOPE (MELK, WOL, VELLE)} \\ & + \text{VEE VIR EIE GEBRUIK GENEEM} \\ & + \text{VERSEKERING VIR VEEVERLIESE ONTVANG} \\ & + \text{EINDVOORRAAD VAN VEE} \\ & - \text{VEE AANGEKOOP} \\ & - \text{BEGINVOORRAAD VAN VEE} \\ & = \text{BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN VEE} \end{aligned}$$

Netto boerdery-inkomste is die bruto produksiewaarde minus produksie- en administratiewe uitgawes ten opsigte van die boerdery (uitgesluit vergoeding aan bestuur, rente ten opsigte van geleende kapitaal en huurgeld). Ongeag of die boer sy plaas geërf het, op skuld gekoop het of huur, sal sy netto boerdery-inkomste dus met dié van ander boerderye vergelyk kan word.

Boerderywins is die netto boerdery-inkomste minus vergoeding aan geleende kapitaal, naamlik rente en huurgelde.

Groei in nettowaarde is die boerderywins plus nie boerdery-inkomste en wins met verkoop van kapitaalitems, minus nie boerdery-uitgawes (privaat onttrekkings of bestuursvergoeding, belasting en depresiasie op privaat voertuie) en verliese met verkoop van kapitaalitems. Dit is uiteindelik die bedrag waarmee die netto waarde oor 'n spesifieke tydperk vermeerder (in die geval van 'n wins) of verminder (in die geval van 'n verlies).

2.3. GEBRUIK VAN VERHOUDINGSGETALLE

Verhoudingsgetalle word gebruik om aanwysings oor die finansiële vermoë en vooruitgang van 'n onderneming te kry. 'n Enkele verhouding opsigself is betekenisloos maar die waarde daarvan verhoog aansienlik as dit met ander verhoudings binne dieselfde finansiële state vergelyk word; as dit met dieselfde verhouding in 'n vorige tydperk se finansiële state vergelyk word; en as dit met 'n standaard norm vergelyk word (Langhout, 1987:89). Die verkeerdelike gebruik van verhoudingsgetalle kan sekere finansiële aspekte oor- of onderbeklemtoon. Daarom is daar gevare, beperkings en voorwaardes by die verskillende gebruiksmetodes van verhoudingsgetalle betrokke.

2.3.1. GEVARE BY GEBRUIK

Die eng, rigiede gebruik van verhoudingsgetalle as die enigste bepaler van finansiële vermoë en vooruitgang van 'n onderneming hou verskeie gevare vir die onderneming in (Anon., 1990:41-43):

- Die bruikbaarheid van verhoudingsgetalle word beïnvloed deur die akkuraatheid en betroubaarheid van die finansiële inligting. Boere gebruik dikwels verskillende grade van presiesheid en konsekwentheid om finansiële rekords op te teken wat die vergelykbaarheid van maatstawwe kan benadeel.
- Elke boerderyvertakking het sy eie risiko's, lewensiklus, kapitaal- of arbeidsvereistes en klimaatsblootstelling. Daarom sal dit verkeerd wees om deurentyd dieselfde maatstawwe vir byvoorbeeld 'n vrugte-, vee- of graanboerdery te gebruik.

- Verhoudingsgetalle is geneig om die grootte van verskillende boerdery buite rekening te laat hoewel *groot* nie altyd beter is nie en *klein* nie altyd optimaal nie.
- Die vergelyking van verskillende boerderye is nie sinvol nie as die finansiële tydperk, en gevolglik die spesifieke punt in die produksiesiklus, met mekaar verskil.
- Besighede met dieselfde produksiesiklus moet met mekaar vergelyk word. Maatstawwe vir ñ boerdery met ñ sesmaande siklus sal verskil van een met ñ agtienmaande siklus.
- Nie-kwantifiseerbare veranderings, soos ñ bestuurs- of beleidsaanpassing wat eers oor verskeie finansiële periodes realiseer, word nie deur verhoudingsgetalle uitgewys nie.

Hierby kan ook nog die rol wat nie-finansiële data in die interpretasie van verhoudingsgetalle te speel het, gevoeg word. Tamari (1978:49) is van mening dat regeringsubsidies, vraag- of aanbodneigings in die mark, die finansiële strukture van ñ onderneming se vernaamste insetverskaffers en selfs die persoonlike lewe van die hoofbestuurder, die resultate van finansiële verhoudings in ñ ander perspektief kan plaas. Court (1991:3) voeg hierby dat nie-finansiële aanwysers soos verdragings in die bekendmaking van finansiële state, direkteure wat hul aandele verkoop en direkteure wat bedank, ook aanduidings dat ñ onderneming se finansiële posisie onder druk kan wees.

2.3.2. BEPERKINGS BY GEBRUIK

Hoewel verhoudingsgetalle ñ buitengewoon handige finansiële bestuursinstrument is, moet dit met omsigtigheid gebruik word omdat dit beperkings het (Weston & Brigham, 1981:159-160):

- Verhoudingsgetalle word vanaf rekeningkundige data opgestel en hierdie data is onderworpe aan verskillende interpretasies of selfs manipulasie.
- Wanneer die verhoudings van twee verskillende ondernemings met mekaar vergelyk word, is dit belangrik dat die rekeningkundige data eers ontleed moet word sodat groot verskille gerekonsilieer kan word alvorens die verhoudings met mekaar vergelyk word.
- ñ Finansiële ontleder moet versigtig wees wanneer hy ñ sekere verhouding as goed of sleg interpreteer. Dit is nie ñ absolute aanduiding dat daar fout is as ñ onderneming se verhouding van die normale patroon afwyk nie. Addisionele inligting kan moontlik so ñ afwyking verklaar.

- ñ Ooreenstemming met die normale patroon beteken ook nie noodwendig dat alles wel is met ñ onderneming nie. Oor die korttermyn kan wanvoorstellings gebruik word om ñ onderneming goed te laat lyk teenoor die norme van ñ bedryf.
- Verhoudingsgetalle moet nie bloot meganies gebruik word nie. Dit is ñ bruikbare onderafdeling van ñ hele ondersoekende proses en kan opsigself nie die volledige antwoord op ñ onderneming se finansiële vermoë en vooruitgang verskaf nie.

2.3.3. VOORWAARDES BY GEBRUIK

Die resultate van verhoudingsgetalle moet met inagneming van sekere voorwaardes geïnterpreteer word (Arangies, 1990:563):

- Daar moet ñ sinvolle verband tussen die twee of meer waardes in die verhouding bestaan.
- Daar moet ñ maatstaf of norm wees waarteen die waarde van die verhoudingsgetal weerspieël kan word.

Verdere voorwaardes wat geld is:

- Verhoudingsgetalle moet altyd in groepsverband vertolk word (Van Zyl, 1988:54).
- Die rekeningkundige terminologie moet gestandaardiseer wees (Myer, 1969:185).
- Die finansiële inligting moet betroubaar wees (Anon., 1990:41-43).
- Die finansiële vergelykbaarheid van ondernemings moet aanvaarbaar wees (Anon., 1990:41-43).

2.3.4. GEBRUIKSMETODES

Die gebruik van verhoudingsgetalle vir die ontleding van ñ boerdery se finansiële resultate kan op drie maniere gedoen word (Van Reenen & Davel, 1986:154):

- *Vergelykende ontledings*, waarmee verskillende verhoudings van dieselfde boerdery, binne dieselfde tydperk, teenoor mekaar uitgedruk word.
- *Tendensontledings*, waarmee verskillende verhoudings van ñ individuele boerdery teenoor dieselfde verhoudings van vorige tydperke uitgedruk word.

- *Normevergelykings*, waar verhoudings van een boerdery teenoor die norm van 'n soortgelyke groep boerderye uitgedruk word.

2.4. SOORTE VERHOUDINGSGETALLE

Die literatuur is redelik eensgesind daarin dat verhoudingsgetalle 'n onderneming se solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë moet meet. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar volstaan met die indeling en onderverdeling van die taakgroep oor die eenvormige finansiële verslagdoening van boerderye in die VSA na wie daar reeds in hierdie studie verwys is (Anon., 1990:44-59). Die *Farm financial standards task force* is saamgestel uit verteenwoordigers van universiteite, handelsbanke, die versekeringsbedryf, die *Farm Credit System*, *Farm Credit Control*, kommersiële kredietverskaffers, georganiseerde landbou, ouditeurs, regsgeleerdes, die VSA se Departement van Landbou en ook sagteware-ontwikkelaars. Die hoofdoel van die taakgroep was om eenvormigheid in terminologie, formaat en prosedures ten opsigte van finansiële verslagdoening vir boerderye in die VSA neer te lê. Die bevindinge en aanbevelings is in 'n finale verslag vervat wat in 1990 vrygestel is.

2.4.1. SOLVABILITEIT

Solvabiliteit meet die finansiële posisie van 'n onderneming. Die drie verhoudings wat van belang is, is die bate/laste-, die netto waarde/laste- en die hefboomverhouding. Die verhoudings word beïnvloed deur die waardes wat vir bates gebruik word. 'n Realistiese markwaarde gee 'n redelik betekenisvolle verhouding. Enkele aanvaarbare waardes vir hierdie verhoudings wat op alle boerderye van toepassing is, is nie moontlik nie aangesien dit beïnvloed word deur inkomstevariasie en risikoblootstelling van die onderskeie boerderye.

2.4.1.1. BATE/LASTEVERHOUDING

Die bate/lasteverhouding word soos volg bereken:

$$TOTALE\ LASTE \div TOTALE\ BATES$$

... [S_{bt}]¹

¹ 'n Unieke simbool word aan elke formule toegeken om die latere verwysing daarna te vergemaklik.

Hierdie verhouding druk die krediteure se aanspraak op die bates van die onderneming uit. Dit weerspieël ook die risiko waaraan die onderneming blootgestel is. Hoe hoër die verhouding, hoe meer riskant raak die onderneming.

2.4.1.2. NETTO WAARDE/LASTEVERHOUDING

Die netto waarde/lasteverhouding word soos volg bereken:

$$\text{NETTO WAARDE} \div \text{TOTALE LASTE} \quad \dots [S_{nw}]$$

Hierdie verhouding druk die waarde van totale bates uit wat deur die eenaar gefinansier is. Dit is dus die eenaar se aanspraak op die waarde van die bates. Hoe hoër hierdie verhouding, hoe minder riskant is die onderneming.

2.4.1.3. HEFBOOMVERHOUDING

Die hefboomverhouding word soos volg bereken:

$$\text{TOTALE LASTE} \div \text{NETTO WAARDE} \quad \dots [S_u]$$

Hierdie verhouding bepaal die mate waartoe geleende kapitaal met eie kapitaal gekombineer word. Hoe hoër die verhouding, hoe meer word die kapitaal deur krediteure voorsien en hoe minder deur die eenaar.

2.4.2. LIKIDITEIT

Likiditeit meet die mate waarin bedryfsbates die bedryfslaste kan delg, sou dit in kontant omgesit word. Die een verhouding en een berekening wat van belang is, is die bedryfsverhouding en die waarde van bedryfskapitaal. Die meting van likiditeit geld vir 'n gegewe tydperk en projekkeer nie die toekomstige kontantvloei van die onderneming nie. 'n Enkele aanvaarbare waarde vir hierdie verhouding wat op alle boerderye van toepassing is, is nie moontlik nie aangesien dit beïnvloed word deur die kontantbehoefte van die onderskeie boerderye.

2.4.2.1. BEDRYFSVERHOUDING

Die bedryfsverhouding word soos volg bereken:

$$BEDRYFSBATES \div BEDRYFSLASTE$$

... [L_{bv}]

Hierdie verhouding bepaal die mate waartoe die bedryfsbates die bedryfslaste kan delg in geval van likwidasi . Hoe ho r die verhouding, hoe beter is die likiditeit van die onderneming.

2.4.2.2. BEDRYFSKAPITAAL

Die bedryfskapitaal is  n absolute waarde wat soos volg bereken word:

$$BEDRYFSBATES - BEDRYFSLASTE$$

... [L_{bk}]

Bedryfskapitaal is die teoretiese maatstaf van die fondse wat beskikbaar is om produksie-insette en voorraaditems aan te koop, nadat die bedryfsbates verkoop is en die bedryfslaste daarmee gedelg is.  n Waarde wat as voldoende beskou kan word, sal verband hou met die insetvolume van die boerdery.

2.4.3. DOELMATIGHEID

Doelmatigheid meet die mate waarin bates en uitgawes in staat is om inkomste deur middel van die produksieproses te kan genereer. Die verhoudings wat van belang is, is die bate/omset-, bedryfswins- en bedryfsverhouding.

2.4.3.1. BATE/OMSETVERHOUDING

Die bate/omsetverhouding word soos volg bereken:

$$BRUTO PRODUKSIEWAARDE \div TOTALE KAPITAALAANWENDING$$

... [D_{bo}]

Hierdie verhouding bepaal die doelmatigheid waarmee die totale kapitaal (eie en gehuur)  n inkomste kan genereer. Hoe ho r die verhouding, hoe doelmatiger word die bates in die produksieproses aangewend.

2.4.3.2. BEDRYFSWINSVERHOUDING

Die bedryfswinsverhouding word soos volg bereken:

(NETTO BOERDERY-INKOMSTE – WAARDE VAN FAMILIE-ARBEID)

÷

BRUTO PRODUKSIEWAARDE

... [D_{bw}]

Hierdie verhouding bepaal die doelmatigheid waarmee die bruto produksiewaarde en inkomste kan genereer, nadat die produksie- en administratiewe uitgawes ten opsigte van die boerdery gedek is. Hoe hoër die verhouding, hoe doelmatiger word uitgawes aangewend om inkomste mee te genereer. Vir Suid-Afrikaanse omstandighede kan die waarde van familie-arbeid op nul gereken word.

2.4.3.3. BEDRYFSVERHOUDINGS

Die bedryfswinsverhouding kan verfyn word om vier onderlinge bedryfsverhoudings te bereken waarmee die doelmatigheid van spesifieke items bepaal kan word.

Produksiekosteverhouding, soos volg bereken:

(TOTALE BEDRYFSUITGAWES – DEPRESIASIE)

÷

BRUTO PRODUKSIEWAARDE

... [D_{pk}]

Depresiasieverhouding, soos volg bereken:

DEPRESIASIE ÷ BRUTO PRODUKSIEWAARDE

... [D_{dv}]

Renteverhouding, soos volg bereken:

TOTALE BOERDERYRENTE ÷ BRUTO PRODUKSIEWAARDE

... [D_{rv}]

Netto boerdery-inkomsteverhouding, soos volg bereken:

NETTO BOERDERY-INKOMSTE ÷ BRUTO PRODUKSIEWAARDE

... [D_{nbi}]

2.4.4. RENTABILITEIT

Rentabiliteit meet die winsgewendheid van die kapitaal wat in die onderneming geïnvesteer is. Die twee verhoudings wat van belang is, is die rentabiliteit van die

onderneming en die rentabiliteit van eie kapitaal. Die verhoudings word beïnvloed deur die waardes wat vir bates gebruik word. 'n Realistiese markwaarde gee 'n redelik betekenisvolle verhouding. Die waardes vir 'n boerdery is laag in vergelyking met nie-boerderybeleggings maar daar moet in gedagte gehou word dat die kapitaalappresiasie van grond nie by inkomste ingesluit word nie.

2.4.4.1. RENTABILITEIT VAN DIE ONDERNEMING

Die rentabiliteit van die onderneming word soos volg bereken:

$$\text{NETTO BOERDERY-INKOMSTE} \div \text{TOTALE KAPITAALAAANWENDING} \dots [R_o]$$

Hierdie verhouding bepaal die winsgewendheid van al die kapitaal in die onderneming en sluit gehuurde bates in. Hoe hoër die verhouding, hoe meer winsgewend is die totale kapitaalaanwending.

2.4.4.2. RENTABILITEIT VAN EIE KAPITAAL

Die rentabiliteit van eie kapitaal word soos volg bereken:

$$\text{BOERDERYWINS} \div \text{NETTO WAARDE} \dots [R_c]$$

Hierdie verhouding bepaal die winsgewendheid van eie kapitaal op grond van die boerderywins. Hoe hoër die verhouding, hoe meer winsgewend is die netto waarde.

2.4.5. TERUGBETAALVERMOË

Terugbetaalvermoë meet die mate waartoe die onderneming in staat is om geleende kapitaal te kan delg. Die een verhouding en een berekening wat van belang is, is die skuld- en bruikhuurdekkingsverhouding, asook die kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge.

2.4.5.1. SKULD- EN BRUIKHURDEKKINGSVERHOUDING

Die skuld- en bruikhuurdekkingsverhouding word soos volg bereken:

$$\frac{(\text{NETTO BOERDERY-INKOMSTE} + \text{NIE BOERDERY-INKOMSTE} + \text{DEPRESIASIE} - \text{BELASTING BETAAL} - \text{PRIVAAT TREKKINGS})}{\text{TOTALE SKULD- EN BRUIKHUURPAAIEMENTE VIR DIE JAAR}} \dots [V_{sb}]$$

Hierdie verhouding bepaal die vermoë van die onderneming om termynlenings- en bruikhuurpaaielemente te kan betaal. Hoe hoër die verhouding bo 1:1, hoe groter is die vermoë om paaielemente te kan dek.

2.4.5.2. KAPITAALVERVANGINGS- EN SKULDDEKKINGSMARGE

Die kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge is 'n absolute waarde wat soos volg bereken word:

$$\begin{aligned} & \text{NETTO BOERDERY-INKOMSTE} \\ & + \text{NIE BOERDERY-INKOMSTE} \\ & + \text{DEPRESIASIE} \\ & - \text{BELASTING BETAAL} \\ & - \text{PRIVAAT TREKKINGS} \\ & = \text{KAPITAALVERVANGINGS- EN SKULDDEKKINGSKAPASITEIT} \\ & - \text{BETALING VAN OORLAATSKULD VANAF VORIGE TYDPERK} \\ & - \text{KAPITAAL GEDEELTE VAN PAAIEMENTE VIR DIE TYDPERK} \\ & - \text{KAPITAAL GEDEELTE VAN BRUIKHURE VIR DIE TYDPERK} \\ & - \text{JAARLIKSE PAAIEMENTE OP NIE BOERDERYLENINGS} \\ & = \text{KAPITAALVERVANGINGS- EN SKULDDEKKINGSMARGE} \end{aligned} \dots [V_{ks}]$$

Hierdie waarde bepaal die onderneming se vermoë om fondse vir die afbetaal van lenings met 'n termyn van langer as een jaar te kan delg en om bates te kan vervang. Die waarde veronderstel dat korttermynskuld binne die huidige tydperk gedelg kan word uit die kontant wat deur die bruto produksiewaarde voorsien word.

2.5. UITBREIDING VAN VERHOUDINGSGETALLE

Die verhoudings en waardes wat deur die taakgroep van die VSA neergelê is, kan vir die doeleindes van hierdie studie met behulp van ander literatuur uitgebrei word. Die hefboomverhouding kan aangepas word en 'n skuldstruktuurindeks kan bygevoeg word om die verhoudingsgetalle meer volledig te maak.

2.5.1. AANGEPASTE HEFBOOMVERHOUDING

Die gebruik van geleende kapitaal in 'n boerdery is geregverdig solank as wat die koste van die lenings minder is as die verhoging wat dit in rentabiliteit meebring. Volgens Kay en Edwards (1994:349) beteken dit dat die finansiële hefboom tot 'n verhoging in winsgewendheid sal lei as 'n lening teen 10% rente byvoorbeeld 'n verhoging van 15% in die rentabiliteit van die onderneming bied en terselfdertyd tot 'n verbetering van 20% in die rentabiliteit van eie kapitaal lei. Dus kan die hefboom bereken word as die funksie van:

$$\frac{\text{RENTABILITEIT VAN EIE KAPITAAL}}{\text{RENTABILITEIT VAN DIE ONDERNEMING}} \dots [S_{hb}]$$

'n Verhouding beter as 1:1 beteken dat die geleende kapitaal tot 'n verhoging in netto boerdery-inkomste gelei het, dat die boerderywins die koste van geleende kapitaal kon delg en nog 'n verhoging in die rentabiliteit van eie kapitaal tot gevolg kon hê. Hierdie uitdrukking van die hefboomverhouding sê dus meer oor die doelmatigheid van geleende kapitaal as om net die proporsie van geleende kapitaal teenoor eie kapitaal uit te druk.

2.5.2. SKULDSTRUKTUURINDEKS

Volgens Mazzocco (1989:105) gee gewone verhoudingsgetalle nie voldoende aanduiding van toekomstige kontantvloei-aspekte van 'n onderneming nie, namate medium- en langtermynlaste betaalbaar word. Die skuldstruktuurindeks wat hy vervolgens ontwikkel het, gee die relatiewe balans tussen termynlenings (langer as een jaar) en termynbates (totale bates minus bedryfsbates) en word soos volg bereken:

$$\frac{\text{TERMYNLENINGS}}{\text{TOTALE LASTE}} \div \frac{\text{TERMYNBATES}}{\text{TOTALE BATES}} \dots [L_{ss}]$$

Hierdie verhouding beskryf die relatiewe balans tussen dié gedeelte van totale laste wat middel- en langtermynlenings is en dié gedeelte van bates wat nie korttermyn van aard is nie. As totale laste meer gekonsentreerd is in termynlenings as wat totale bates in termynbates is, sal die verhouding groter as 1 wees. Daarteenoor sal 'n onderneming met 'n groter konsentrasie korttermynskuld as bedryfsbates, 'n verhouding van kleiner as 1 hê. Die skuldstruktuurindeks dui dus 'n onderneming se langtermynlikiditeit aan en kan gevolglik as 'n likiditeitsverhouding geklassifiseer word.

2.6. VERHOUDINGSGETALLE EN FINANSIËLE STATE

Verhoudingsgetalle word bereken op grond van waardes wat in die balans- en inkomstestaat vervat is. Soos reeds vroër in hierdie hoofstuk na verwys is, is dit belangrik dat die finansiële data waarmee gewerk word betroubaar, vergelykbaar en gestandaardiseerd moet wees. Daarom moet daar sekere riglyne rakende die balans- en inkomstestaat vir die doeleindes van hierdie studie neergelê word. Aspekte wat van belang is, is ñ standaard formaat vir finansiële state, die verwantskap tussen finansiële state en die ontledingswyse van finansiële state.

2.6.1. STANDAARD FORMAAT VIR FINANSIËLE STATE

Die taakgroep van die VSA is van mening dat die finansiële state van ñ boerdery die volgende inligting moet bevat (Anon., 1990:13):

- Die finansiële posisie aan die einde van ñ periode.
- Inkomste vir die periode.
- Verandering in netto waarde.
- Kontantvloei gedurende die periode.
- Investering deur en verspreiding na die eienaars gedurende die periode.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die formaat van FINVLOEI 6.1, ñ rekenaarprogram vir boerderye in Suid-Afrika, gebruik. Die eerste weergawe van hierdie sagteware het in 1981 verskyn en is met die insette van landbou-ekonome, akademië en ouditeure oor ses weergawes heen deur Properdata (tans deel van Q-Farm) ontwikkel. Dit word deur 82 finansiële burendienste met altesaam 2406 boereklieënte en ook 2160 individuele boere gebruik.²

2.6.1.1. BALANSSTAAT

Die formaat van die opgesomde boerderybestuursbalansstaat teen markwaarde in Finvloei 6.1 lyk soos volg:

² *Statistiek soos op 18 Junie 1997 volgens 'n persoonlike mededeling deur Hercules du Preez, Q-Farm, Midrand: Ontwikkelaars van Finvloei.*

BOERDERYBALANSSTAAT [FEB 19XX]

LASTE	<i>Totale laste</i>
Bedryfslaste:	
Bankrekenings	
Korttermynkrediteure	
BTW-rekenings	
Middeltermynlaste	
Langtermynkrediteure	<i>Langtermynlaste</i>
Eienaarsbelang	<i>Netto Waarde</i>
BATES	<i>Totale bates</i>
Bedryfsbates:	
Bankrekenings	
Korttermyndebiteure	
BTW-rekenings	
Bemerkbare vee	
Middeltermynbates	
Aanteelnee	
Voertuie	
Trekke	
Selfaangedrewe implemente	
Implemente	
Masjinerie	
Gereedskap	
Kantoormeubels/behoefte	
Toerusting	
Privaat voertuie	
Ledebelange en beleggings	
Vaste bates:	
Eie grond	
TOTALE KAPITAALAANWENDING:	
Totale bates	
Gehuurde bates	

Die kursiewe benaming toon die ooreenstemmende terminologie wat in hierdie studie gebruik word.

2.6.1.2. INKOMSTESTAAT

Die formaat van die opgesomde boerderybestuursinkomstestaat in Finvloei 6.1 lyk soos volg:

BOERDERY-INKOMSTESTAAT [MRT 19XX - FEB 19XX]

Bruto produksiewaarde: vee

Verkope lewendehaweprodukte
Verkope lewendehawe
Plus voorraadaanpassing
Eindvoorraad
Minus beginvoorraad
Minus aankope lewendehawe

Bruto produksiewaarde: gewas

Verkope gewasse

Bruto produksiewaarde: ander

TOTALE BRUTO PRODUKSIEWAARDE

MINUS TOTALE BEDRYFSUITGAWES

Produksiekoste
Direk toedeelbare koste
Arbeidskoste
Lone en salarisse
Rantsoene
Depresiasie
Ander boerderykoste
Versekering
Herstelwerk en onderhoud
Nie-direktoedeelbare koste

NETTO BOERDERY-INKOMSTE

MINUS VREEMDE FAKTORKOSTE

Huur betaal
Rente betaal

Vergoeding aan geleende kapitaal

BOERDERYWINS

Plus nie-boerdery-inkomste
Minus nie-boerderydepresiasie
Minus nie-boerdery-uitgawes
Plus/minus wins/verlies op verkoop van bates
Minus inkomstebelasting
Minus privaatuitgawes

GROEI IN NETTO WAARDE


Die kursiewe benaming toon die ooreenstemmende terminologie wat in hierdie studie gebruik word.

2.6.2. VERWANTSKAP TUSSEN FINANSIËLE STATE

Daar bestaan ñ verwantskap tussen die balans- en inkomstestaat (Weston & Brigham, 1981:137). Die balansstaat weerspieël die finansiële posisie van ñ onderneming op ñ bepaalde tydstop. Die inkomstestaat weerspieël die vloeï van finansiële gebeure oor ñ tydperk tussen twee bepaalde tydstoppe, met ander woorde vanaf een balansstaat na ñ volgende. Die netto resultaat van die inkomstestaat, naamlik groei in netto waarde, word aan die einde van ñ bepaalde tydperk by die netto waarde in die balansstaat gevoeg.

Die verwantskap tussen die balans- en inkomstestaat kan aan die hand van die Du Pont-sisteem verduidelik word (Weston & Brigham, 1981:152):

FIGUUR 2.1: DU PONT-SISTEEM



Die Du Pont-sisteem bring die bate/omset en winsmarge van die onderneming bymekaar om deur middel van hierdie waardes se interaksie aan te toon wat die onderneming se rentabiliteit is. Aan die linkerkant toon dit hoe totale uitgawes van verkope afgetrek word om netto inkomste te bereken. Aan die regterkant toon dit hoe

die onderskeie bates bymekaar getel word om die omset van totale kapitaalaanwending te bepaal. Daarna word die resultaat van beide kante gebruik om die rentabiliteit van die onderneming te bereken. Die verwantskap tussen die balans- en inkomstestaat lê dus daarin dat eersgenoemde die middele weerspieël waarmee laasgenoemde se resultaat gerealiseer word.

2.6.3. ONTLEDINGSWYSE VAN FINANSIËLE STATE

Die Du Pont-sisteem toon dat die balans- en inkomstestaat eers afsonderlik ontleed kan word waarna die uiteindelijke verwantskap tussen die twee state beoordeel kan word. Dit beteken dat daar drie onderskeie ontledings met behulp van verhoudingsgetalle gedoen kan word, naamlik ontledings wat net op die balansstaat van toepassing is, ontledings wat net op die inkomstestaat van toepassing is en dan ontledings wat terselfdertyd op beide state van toepassing is. Die soorte verhoudingsgetalle, soos reeds in hierdie hoofstuk bespreek is, kan gevolglik op drie maniere toegepas word.

Balansstaatverhoudings bestaan uit die solvabiliteits- en likiditeitsverhoudings wat uitsluitlik op die balansstaat betrekking het. Dit ontleed die onderlinge verhoudings tussen bates en laste asook bates teenoor laste.

Inkomstestaatverhoudings bestaan uit die terugbetaalvermoëverhoudings en enkele doelmatigheidsverhoudings naamlik die bedryfswinsverhouding en die bedryfsverhoudings. Dit ontleed die doelmatigheid van uitgawes teenoor inkomste en ook die vermoë van die inkomste om skuld te delg.

Balans- en inkomstestaatverhoudings bestaan uit die rentabiliteitsverhoudings, die bate/omsetverhouding en die aangepaste hefboomverhouding. Dit meet die mate waarin die totale kapitaalaanwending en netto waarde in staat is om n omset en gepaardgaande wins te genereer, soos in die inkomstestaat bereken word.

2.6.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR

Die finansiële struktuur van n onderneming kan kumulatief voorgestel word. Totale kapitaalaanwending sluit bates wat die boer se eiendom is en gehuurde bates in. Bates wat die boer se eiendom is, is deur eie en geleende kapitaal gefinansier. Die balansstaat is gevolglik die kumulatiewe effek van eie kapitaal (Netto waarde), geleende kapitaal (Totale laste) en gehuurde bates.

Soos in die inkomstestaat aangetoon word, genereer die beskikbare bates n omset wat n bruto waarde tot die totale kapitaalaanwending voeg. Boerdery-uitgawes verminder hierdie waarde om n netto kapitaalaanwending te realiseer. Die geleende kapitaal, asook die koste daarvan, kan nou van hierdie waarde afgetrek word om die


eienaarswaarde voor te stel. Die eienaarswaarde moet dan met nie-boerdery-inkomste en óitgawes aangepas word om die uiteindelijke netto waarde aan te toon.

Die kumulatiewe finansiële struktuur van ñ boerdery kan soos volg bereken word:

$$\begin{aligned} & \text{NETTO WAARDE (Aan die begin van die finansiële tydperk)} \\ & + \text{TOTALE LASTE} \\ & + \text{GEHUURDE BATES} \\ & = \text{TOTALE KAPITAALAANWENDING} \\ & + \text{BRUTO PRODUKSIEWAARDE} \\ & = \text{BRUTO KAPITAALAANWENDING} \\ & - \text{BOERDERY-UITGAWES} \\ & = \text{NETTO KAPITAALAANWENDING} \\ & - \text{TOTALE LASTE} \\ & - \text{GEHUURDE BATES} \\ & - \text{VERGOEDING AAN GELEENDE KAPITAAL} \\ & = \text{EIENAARSWAARDE VOOR NIE BOERDERY-ITEMS} \\ & + \text{NIE-BOERDERY-INKOMSTE} \\ & - \text{NIE-BOERDERY-UITGAWES} \\ & = \text{NETTO WAARDE (Aan die einde van die finansiële tydperk)} \end{aligned}$$

Die kumulatiewe finansiële struktuur van ñ boerdery kan ook grafies soos volg voorgestel word:

FIGUUR 2.2: KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR



Die kumulatiewe finansiële struktuur toon die effek van waardetoevoeging tot die balansstaatwaardes aan. Dit bestaan uit die bruto kapitaalaanwending (Totale kapitaalaanwending plus bruto waarde toegevoeg), netto kapitaalaanwending (Totale

kapitaalaanwending plus netto boerdery-inkomste toegevoeg) en netto waarde (Eie kapitaal plus boerderywins en nie-boerderywins toegevoeg).

2.7. VERHOUDINGS EN PERSENTASIES

Die resultate van verhoudingsgetalle word gewoonlik as 'n verhouding uitgedruk. Die berekening van die bate/lasteverhouding sal uitgedruk word as 2 : 1 wat beteken dat daar R2.00 se bates vir elke R1.00 se laste is. Hierdie uitdrukking kan soms verwarrend wees en daarom word verhoudings ook as persentasies uitgedruk. Die bate/lasteverhouding kan dus ook soos volg bereken word:

$$\frac{\text{TOTALE LASTE}}{\text{TOTALE BATES}} \times \frac{100}{1}$$

Dieselfde verhouding van 2 : 1 sal in gevolge die persentasieberekening 50% beloop wat beteken dat 50% van die totale bates deur laste gefinansier is.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die verhoudingsgetalle as persentasies uitgedruk word. Dit vergemaklik die interpretasie daarvan, soos wat later in die empiriese ontledings sal blyk.

2.8. NORMETOETSING

Normetoetsing (*benchmarking*) is 'n deurlopende proses om die onderneming aanhoudend te verbeter teen die beste praktyke wat in geselekteerde areas gevind kan word (Victor, 1996:19). Die vraag is nou of verhoudingsgetalle as normetoetsing gebruik kan word? By implikasie is Knopf en Schoney (1993:67) van mening dat dit wel so is maar dat daar besliste voorbehoude is waar hulle sê: *“It is well known that financial ratios work well only when matched against carefully selected homogenous groups. Thus, critical benchmark values vary according to soil zone, type of land tenure and crop mix.”*

Daar word aanvaar dat verhoudingsgetalle wel as normetoetsing gebruik kan word maar dit val buite die raamwerk van hierdie studie om dit te bestudeer. Hierdie studie behels die vasstelling van finansiële norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Uit die ondersoek word daar metodes vasgelê waarvolgens die optimale finansiële struktuur van so 'n boerdery bepaal kan word. Die optimale finansiële struktuur is die spesifieke punt wat deur die finansiële norme uitgewys word waar die samestelling van die balans- en inkomstestaat die onderneming lewensvatbaar maak. Daar teenoor probeer normetoetsing die beste praktyk in 'n geselekteerde area vind.

2.9. SAMEVATTING

∩ Verhoudingsgetal is ∩ verwantskap tussen twee of meer waardes wat in die balans- of inkomstestaat van ∩ onderneming vervat is. Die gebruik van verhoudingsgetalle in die ontleding van ∩ onderneming en die vergelyking daarvan met ∩ bedryf, is aan sekere gevare, beperkings en voorwaardes blootgestel. Die vernaamste hiervan is dat die finansiële data waarmee gewerk word betroubaar, vergelykbaar en gestandaardiseer moet wees. Tweedens moet die resultate van verhoudingsgetalle altyd groepsgegewys ontleed word maar ook met inagneming van nie kwantifiseerbare faktore wat die interpretasies in ∩ ander perpektief kan plaas.

Verhoudingsgetalle meet ∩ onderneming se solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë aan die hand van ∩ aantal onderlinge verhoudings. Verhoudingsgetalle word bereken op grond van waardes wat in die balans- en inkomstestaat vervat is. Daarom moet daar riglyne oor die balans- en inkomstestaat bestaan rakende ∩ standaard formaat vir finansiële state, die verwantskap tussen finansiële state en die ontledingswyse van finansiële state.

Die verwantskap tussen die balans- en inkomstestaat het tot gevolg dat daar drie onderskeie ontledings met behulp van verhoudingsgetalle gedoen kan word, naamlik ontledings wat net op die balansstaat van toepassing is, ontledings wat net op die inkomstestaat van toepassing is en ontledings wat terselfdertyd op beide state van toepassing is. Hoewel hierdie studie nie verhoudingsgetalle as normetoetsing bestudeer nie, word daar metodes vasgelê waarvolgens die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word.

3. BEPALING VAN 'N OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR

3.1. INLEIDING

Die hoofdoelstelling van hierdie studie behels die vasstelling van finansiële norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Om dit te kan bereik moet daar onder andere ñ model ontwikkel word waarvolgens die norme vir die bepaling van die optimale finansiële struktuur van sulke boerderye neergelê kan word.

Die optimale finansiële struktuur is reeds vroër in hierdie studie gedefinieer as die spesifieke punt wat deur die finansiële norme uitgewys word waar die samestelling van die balans- en inkomstestaat die onderneming lewensvatbaar maak. Dit is noodsaaklik dat die optimale finansiële struktuur die uniekheid van ñ individuele boerdery in ag moet neem en dat dit vanaf 'n aanvaarbare punt bereken moet word, net soos wat standaardtyd vanaf Greenwich-tyd bepaal word.

Die ontwikkeling van die model geskied op grond van die resultate van ñ aantal verhoudingsgetalle. Die aanvanklike inligting word gebruik om sekere afleidings te maak, sodat die optimale finansiële struktuur van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat deur middel van verdere verwerkings bepaal kan word.

3.2. BEGRIPSOMSKRYWING


Kredietverskaffer: Die finansiële instelling wat geleende kapitaal aan die boer verskaf naamlik handelsbanke, landboukoöperasies en die Landbank.

Kredietopnemer: Die persoon of instansie wat die geleende kapitaal benut. In die geval van hierdie studie is dit ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat.

3.3. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE MODEL

Die samestelling van die model waarmee die optimale finansiële struktuur van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word, word skematies in figuur 3.1 aangetoon:

FIGUUR 3.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUURMODEL



Figuur 3.1 toon aan dat die model aanvanklik sekere data vereis. Hierdie data word dan verwerk om uiteindelik die verslae te kan produseer wat die optimale balans- en inkomstestaat van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat insluit.

3.4. INSAMEL VAN DATA

Die model benodig ñ verskeidenheid data. Dit behels data waarmee die boer se bestuursvermoë geëvalueer kan word, fisiese data oor die samestelling van die boerdery, uitleen- en opbrengskoerse van kapitaal en ook sekere finansiële data oor die boerdery self.

3.4.1. BESTUURSEVALUASIE

Handelsbanke en landboukoöperasies gebruik gedifferensieerde rentekoerse by die uitleen van kapitaal. In die geval van boerderye kan dit tussen 0 en 5% bo die minimum uitleenkoers beloop.¹ By die Landbank geld dieselfde rentekoers deurgaans vir alle kliënte.² Dit beteken dat die koste van geleende kapitaal, met uitsondering van langtermynlenings, gekoppel word aan die boer se vermoë om hierdie kapitaal te bestuur.

Die evaluering van ñ kredietopnemer se vermoë om geleende kapitaal te bestuur kan aan die hand van die vier K's van kredietverskaffing gedoen word (Cole, 1980:241). Dit behels karakter, kapasiteit, kapitaal (waarby kollateraal ingesluit is) en kondisies. Knopf en Schoney (1992:62) voeg ñ vyfde K, naamlik kredietwaardigheid, by die oorspronklike kriteria. Hoe swakker die kredietopnemer teen die kriterium gemeet word, hoe duurder sal die koste van die geleende kapitaal wees om vir die hoër risiko te kompenseer.

3.4.1.1. KARAKTER

Karakter behels die persoonlike eienskappe van die kredietopnemer. Dit is ñ moeilik kwantifiseerbare kriterium en die kredietopnemer se reputasie word gewoonlik op ñ subjektiewe basis gebruik om sy karakter te bepaal.

Reputasie is die opinie wat ander persone oor die kredietopnemer het. Hoewel dit ñ subjektiewe oordeel is, kan die kredietverskaffer tog die eerlikheid en integriteit van die kredietopnemer daardeur vasstel. Die kredietopnemer se verbintenis tot stiptelike terugbetalings en die nakom van beloftes ten opsigte van vorige of bestaande lenings kan gebruik word om sy karakter te bepaal.

¹ *Telefoniese mededelings deur Mnr Drikus Wessels, Landbou-ekonoom, Standard Bank, Bethlehem en Mnr Chris Bekker, Landbou-ekonoom, ABSA, Bethlehem, 1997.*

² *Telefoniese mededeling deur Mnr Bernie Swart, Bemerkingskonsultant, Landbank, Bethlehem, 1997.*

3.4.1.2. KAPASITEIT

Kapasiteit behels die finansiële vermoë van die kredietopnemer om sy verpligtinge ten opsigte van geleende kapitaal na te kom. Die inkomste wat 'n onderneming genereer, is 'n aanduiding van sy vermoë om leningspaaierente te kan betaal maar die kredietverskaffer moet in ag neem dat bedryfsuitgawes en ander leningspaaierente ook aanspraak op inkomste maak. Hoewel die kredietopnemer 'n hoë inkomste kan hê, kan sy kapasiteit reeds tot so 'n mate benut wees dat 'n verdere lening riskant kan wees.

3.4.1.3. KAPITAAL

Kapitaal behels die risiko wat sou ontstaan indien die kredietopnemer nie sy verpligtinge ten opsigte van geleende kapitaal kan nakom nie. Hierdie nie-nakoming kan voortspruit omdat daar te veel ander verpligtinge is (kapasiteit) of omdat die kredietopnemer onwillig is om sy verpligtinge stiptelik na te kom (karakter). In sulke gevalle moet die kredietverskaffer op die kredietopnemer se eie kapitaal beslag kan lê om die uitstaande verpligtinge mee te kan delg.

Die hoeveelheid, en ook die aard van die kapitaal, is vir die kredietverskaffer van belang. 'n Groot hoeveelheid likiede kapitaal sal makliker die agterstallige verpligtinge kan nakom, as wat die geval met lae volumes bedrysbates of te veel vaste kapitaal sal wees.

Hoewel sommige kredietontleders kollateraal as 'n verdere kriterium beskou, is Cole (1980:241) van mening dat dit deel van kapitaal vorm. Met behulp van kollateraal verskans die kredietverskaffer sy aanspraak op kapitaal in die vorm van spesifieke sekuriteite wat gedeeltelik of ten volle op die eie kapitaal van die kredietopnemer geregistreer word. In die geval van uitstaande verpligtinge het 'n kredietverskaffer met kollateraal dus 'n voorkeuraanspraak bo ander kredietverskaffers op die eie kapitaal van die kredietopnemer.

3.4.1.4. KONDISIËS

Kondisies behels die voorwaardes van bestaande kredietverpligtinge en ook dié van nuwe lenings waarvoor die kredietopnemer geëvalueer word. Onder voorwaardes sorteer die termyn van die lening, die finansieringskoste daarvan en die frekwensie van paaiemente. Sou die voorwaardes waaronder 'n kredietopnemer sy totale portefeulje van geleende kapitaal opgeneem het te veel druk op sy terugbetaalvermoë plaas, hou dit 'n groter risiko vir die kredietverskaffer in as wat die geval sou wees indien die voorwaardes meer finansiële beweegruimte sou bied. In dié opsig is dit veral van belang dat terugbetalingstermyne en die koste van geleende kapitaal die

kredietopnemer se eiesoortige omstandighede in ag moet neem om ñ beter verspreiding van risiko te kan verseker.

3.4.1.5. KREDIETWAARDIGHEID

Kredietwaardigheid behels die gebruik van ñ kredietgradering waarvolgens die kredietopnemer se terugbetaalvermoë aan die hand van finansiële verhoudingsgetalle en/of ñ finansiële puntestelsel bepaal kan word. Met behulp van sulke inligting kan die kredietverskaffer ñ onderskeid tussen die hoë en lae risikogevalle tref.

3.4.1.6. EVALUASIEPUNT

Die data ten opsigte van die bestuursevaluasie word deur middel van ñ punt uit tien aan die model verskaf. Die kredietverskaffer evalueer die kredietopnemer op grond van ñ puntetelling vir elk van die vyf kriteria. Hoe hoër die punt uit tien, hoe minder gaan daardie spesifieke kriterium die boer se uitleenkoers benadeel. ñ Telling van tien uit tien vir die volle kriteria beteken dat so ñ boer op die minimum uitleenkoers geregtig is. ñ Punt van nul uit tien vir die volle kriteria beteken dat so ñ boer die maksimum rente van 5% bo die minimumkoers sal moet betaal.

... [P₁₋₅]³

3.4.1.7. BELANGRIKHEID VAN ELKE KRITERIUM

Die model laat toe dat die belangrikheid van elke kriterium op grond van ñ gewig bepaal kan word. Hierdie gewig is die mate waartoe ñ spesifieke kriterium die kredietopnemer se minimum uitleenkoers moet verhoog. Sou die evalueerder voel dat die vyf kriteria ewe belangrik is, ken hy ñ gewig van een aan elkeen toe wat beteken dat elke kriterium die uitleenkoers met ñ maksimum van 1% kan verhoog. Sou hy voel dat enige kriterium meer belangrik as die ander is, kan hy ñ gewig van twee daaraan toeken maar dan moet die gewig van een of meer van die ander gesamentlik met 1 verlaag word, sodat die totale gewig steeds die maksimum penalisasiekoers van 5% sal beloop. Indien die kredietopnemer ñ lae punt vir ñ swaar belaaide kriterium kry, gaan sy uitleenkoers tot ñ groter mate verhoog word as wat die geval sou wees indien ñ kriterium met ñ ligte gewig ñ lae puntetelling sou kry.

... [GW₁₋₅]

³ 'n Unieke simbool word aan elke formule toegeken om die latere verwysing daarna te vergemaklik.

3.4.2. FISIESE DATA

Dit is noodsaaklik dat die fisiese produksievermoë van die boerdery vasgestel word. Daarmee kan die potensiele bruto produksiewaarde van die onderneming bepaal word. Hierdie waarde speel 'n belangrike rol om die optimale inkomstestaat, en gevolglik ook die optimale balansstaat, van 'n boerdery te bereken.

By gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat dra meer as een produk (bv koring, mielies, aartappels, melk, wol en vleis) tot die bruto produksiewaarde by. Die fisiese produksie-eenhede van sulke boerderye sal gevolglik uit grond en vee bestaan.

3.4.2.1. GROND

Die gewasse wat deur gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat geproduseer word, word op bewerkte droë- of besproeiingslande verbou. Hierdie lande kan gehuur word of deur die boer self besit word.

Wintergewasse (Droëland)

Die totale hektaar lande, asook die kapitale waarde daarvan teen markpryse, word deur die model benodig om die bruto produksiewaarde uit wintergewasse op droëland te bereken.

$$\dots [WG_{wd}]$$
$$\dots [Ha_{wd}]$$

Somergewasse (Droëland)

Die totale hektaar lande, asook die kapitale waarde daarvan teen markpryse, word deur die model benodig om die bruto produksiewaarde uit somergewasse op droëland te bereken.

$$\dots [WG_{sd}]$$
$$\dots [Ha_{sd}]$$

Groentegewasse (Droëland)

Die totale hektaar lande, asook die kapitale waarde daarvan teen markpryse, word deur die model benodig om die bruto produksiewaarde uit groentegewasse op droëland te bereken.

$$\dots [WG_{gd}]$$
$$\dots [Ha_{gd}]$$

Wintergewasse (Besproeiing)

Die totale hektaar lande, asook die kapitale waarde daarvan teen markpryse, word deur die model benodig om die bruto produksiewaarde uit wintergewasse onder besproeiing te bereken.

$$\dots [WG_{wb}]$$

... [H_{a_{wb}}]

Somergewasse (Besproeiing)

Die totale hektaar lande, asook die kapitale waarde daarvan teen markpryse, word deur die model benodig om die bruto produksiewaarde uit somergewasse onder besproeiing te bereken.

... [W_{G_{sb}}]

... [H_{a_{sb}}]

Groentegewasse (Besproeiing)

Die totale hektaar lande, asook die kapitale waarde daarvan teen markpryse, word deur die model benodig om die bruto produksiewaarde uit groentegewasse onder besproeiing te bereken.

... [W_{G_{gb}}]

... [H_{a_{gb}}]

3.4.2.2. VEE

Die bruto produksiewaarde uit die veevertakkings van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat word deur die produktiewe vroulike diere gegeneer. Hierdie diere kan gehuur word of deur die boer self besit word.

Melkkoeie

In die geval van melkbeeste word die teelkoeie en gedekte verse as die produksie-eenheid geneem. Teelkoeie is reeds in produksie en gedekte verse (2-3 jaar oud) was reeds volwasse genoeg om mee te teel, sodat hulle binne die produksiejaar onder berekening in produksie sal kom.

... [W_{D_{mk}}]

... [G_{D_{mk}}]

Vleisbeeskoeie

In die geval van vleisbeeste word die teelkoeie en gedekte verse as die produksie-eenheid geneem. Teelkoeie is reeds in produksie en gedekte verse (2-3 jaar oud) was reeds volwasse genoeg om mee te teel, sodat hulle binne die produksiejaar onder berekening in produksie sal kom.

... [W_{D_{vk}}]

... [G_{D_{vk}}]

Skaapooie

In die geval van skape word die teelooie en gedekte vervangingsooie as die produksie-eenheid geneem. Teelooie is reeds in produksie en gedekte vervangingsooie (12-18 maande oud) was reeds volwasse genoeg om mee te teel, sodat hulle binne die produksiejaar onder berekening in produksie sal kom.

... [WD_{so}]

... [GD_{so}]

3.4.3. RENTEKOERSE

By die bepaling van die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat is daar verskeie rentekoerse ter sprake. Dit behels die uitleenkoerse op geleende fondse, die rentabiliteitskoerse wat die boerdery op die aangewende kapitaal kan genereer en die opbrengskoerse wat op gehuurde bates en beleggings van toepassing is.

3.4.3.1. UITLEENKOERSE

Die spesifieke punt wat deur die finansiële norme uitgewys word waar die samestelling van die balans- en inkomstestaat die onderneming lewensvatbaar maak, sal afhang van die uitleenkoerse wat op die bepaalde tydstip vir die boerdery geld. 'n Verandering in die uitleenkoerse sal 'n verskuiwing van die optimale finansiële struktuur tot gevolg hê. Die model benodig dus die geldende uitleenkoerse op die tydstip van berekening.

Aangesien die model self die gediffrensieerde uitleenkoerse aan die hand van die bestuursevaluasie bereken, moet slegs die minimum koerse vir elke tipe las verskaf word. Die vernaamste bron van finansiering is gebaseer op die samestelling van landbouskuld van boerderye in Suid-Afrika (Anon., 1984:40).

Bedryfslaste

Bedryfslaste sluit skuld wat binne twaalf maande betaal moet word, in. Die minimum uitleenkoers van landboukoöperasies kan as uitleenkoers vir bedryfslaste verskaf word. Oortrokke rekeninge by handelsbanke is ook bedryfslaste en dié se minimum uitleenkoers staan as die primakoers bekend. Hierdie koers behoort eerder as uitleenkoers vir bedryfslaste in die model gebruik te word, omdat dit as hoër koers 'n beter aanduiding van die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat sal gee.

... [Uk_b]

Middeltermynlaste

Middeltermynlaste word oor 'n tydperk van een tot tien jaar afgelos en bestaan hoofsaaklik uit huurkope by gespesialiseerde afdelings van handelsbanke. Die minimum uitleenkoers is gelykstaande aan die primakoers. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die tydperk van afbetaling op vyf jaar geneem word.

... [Uk_m]

Langtermynlaste

Langtermynlaste word oor ñ tydperk van meer as tien jaar terugbetaal. Dit bestaan hoofsaaklik uit verbandlenings en die Landbank se uitleenkoers kan hiervoor gebruik word.

... [Uk]

3.4.3.2. RENTABILITEIT

Rentabiliteit meet die winsgewendheid van die kapitaal wat in ñ onderneming geïnvesteer is. By die bepaling van die optimale finansiële struktuur kan ñ gegewe rentabiliteitskoers dus vasgestel word wat aan ñ aanvaarbare norm gekoppel is.

Beleggingskoers

Die bepaling van ñ aanvaarbare rentabiliteit vir ñ boerdery kan vergelyk word met die beleggingskoers by ñ handelsbank. Die minimum verdienste wat ñ boerdery se kapitaal moet kan genereer, is die opbrengs wat dit as belegging by ñ handelsbank kan verdien. Die beleggingskoers van handelsbanke op die tydstip waarop die optimale finansiële struktuur bepaal moet word, kan as norm vir die rentabiliteitskoers gebruik word.

... [Bk]

Risikokoers

Kapitaal wat in ñ boerdery belê is, hou ñ groter risiko in as ñ belegging by ñ handelsbank. Daarom behoort daar ook ñ diskresionêre risikokoers bo die beleggingskoers van handelsbanke te wees wanneer die rentabiliteit van ñ boerdery bereken word. Gevolglik maak die model voorsiening dat ñ risikokoers by die beleggingskoers van handelsbanke gevoeg kan word.

... [Rk]

Kapitalisasiekoers

Die kapitalisasiekoers is die som van die beleggings- en die risikokoers. Hierdie rentabiliteitskoers kan as aanvaarbare norme vir die bepaling van ñ boerdery se optimale finansiële struktuur beskou word.

... [Kk]

3.4.3.3. GEHUURDE BATES EN BELEGGINGS

Die verhuurder van bates behoort ñ minimum verdienste op sy kapitaal te verdien. Net so behoort die boer ook 'n aanvaarbare rentabiliteit te handhaaf op beleggings wat hy buite die boerdery maak.

Opbrengskoers van gehuurde bates

Die beleggingskoers van handelsbanke op die tydstip waarop die optimale finansiële struktuur bepaal word, kan as norm vir die opbrengskoers van gehuurde bates gebruik word. Die verhuurder kon sy bates verkoop het en die opbrengs by \bar{n} handelsbank teen \bar{n} beleggingskoers belê het. Aangesien daar nie \bar{n} risiko aan verbonde is nie, hoef daar nie \bar{n} risikokoers bygevoeg te word nie en kan slegs die beleggingskoers as opbrengskoers vir gehuurde bates gebruik word.

... [O_h]

Opbrengskoers van beleggings

Die beleggingskoers van handelsbanke op die tydstip waarop die optimale finansiële struktuur bepaal word, kan as norm vir die opbrengskoers van beleggings buite die boerdery gebruik word. Die boer kon hierdie bates verkoop het en die opbrengs by \bar{n} handelsbank teen \bar{n} beleggingskoers belê het. Soos in die geval van gehuurde bates, is daar nie \bar{n} risiko aan verbonde nie en hoef daar nie \bar{n} risikokoers bygevoeg te word nie. Slegs die beleggingskoers kan as opbrengskoers gebruik word.

... [O_b]

3.4.4. FINANSIËLE DATA

Die bepaling van die optimale finansiële struktuur benodig sekere finansiële data (Anon., 1993:1). Die boerdery se onderskeie bates word as gegewe aanvaar en as basis gebruik waarvolgens die optimale balansstaat opgestel word. Die boer se trekkings word ook as gegewe finansiële data aanvaar.

3.4.4.1. BEDRYFSBATES

Vir die doeleindes van die model behels bedryfsbates die likiede bates van die boerdery. Dit bestaan uit bank- en BTW-rekenings, oeste op hande, handelsdebiteure, bemerkbare vee en produksiemiddele in voorraad.

... [BB]

3.4.4.2. MIDDELTERMYNBATES

Vir die doeleindes van die model behels middeltermynbates dié items wat in die produksieproses gebruik word om verkoopbare items oor \bar{n} tydperk van twee tot tien jaar te produseer. Dit bestaan uit aanteel-vee, los bates en debiteure. Van hierdie items is aan depresiasie onderhewig maar omdat die model markwaardes gebruik, word depresiasie nie in berekening gebring nie.

... [MB]

3.4.4.3. VASTE BATES

Vir die doeleindes van die model behels vaste bates dié items wat ook in die produksieproses gebruik word maar dit het 'n leeftyd van langer as tien jaar. Strukturele verbeterings en grond word hierby ingesluit.

... [VB]

3.4.4.4. TOTALE BATES

Totale bates is die som van bedryfs-, middeltermyn- en vaste bates.

... [TB]

3.4.4.5. BELEGGINGS BUITE DIE BOERDERY

Die waarde van beleggings buite die boerdery word deur die model benodig. Dit sluit die waarde van ledebelange, beleggings by finansiële instellings en lenings aan privaat persone in. Die waarde van beleggings buite die boerdery word by die bepaling van groei in netto waarde en ook by die opstel van die balansstaat gebruik.

... [BE]

3.4.4.6. GEHUURDE BATES

Die waarde van gehuurde bates word deur die model benodig. Dit sluit die waarde van gehuurde grond en vee in, asook enige los bates wat gehuur word. Die waarde van gehuurde bates word by die bepaling van boerderywins gebruik waar die vergoeding van geleende kapitaal bereken word en ook by die opstel van die balansstaat.

... [GB]

3.4.4.7. TOTALE KAPITAALAANWENDING

Totale kapitaalaanwending sluit die waarde van alle bate-items in. Die waarde wat deur die model gebruik word sluit bates wat die boer se eiendom is en gehuurde bates in. Dit verteenwoordig alle bates wat in die boerdery gebruik word.

... [TK]

3.4.4.8. TREKKINGS


Die boer se werklike privaat onttrekkings vir 'n tydperk van een jaar word op die tydstip van berekening van die optimale finansiële struktuur as 'n gegewe waarde beskou en by die inkomstestaat in berekening gebring. Die waarde van die trekkings sal die samestelling van die optimale inkomstestaat beïnvloed.

... [TR]

3.4.5. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INSAMEL VAN DATA

Die insamel van data vir die model waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word, word skematies in figuur 3.2 aangetoon:

FIGUUR 3.2: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INSAMEL VAN DATA VIR DIE MODEL



Figuur 3.2 toon aan dat die model sekere data versamel. Hierdie data behels ñ bestuursevaluasie, fisiese data, rentekoerse en finansiële data van die boerdery waarvoor die optimale finansiële struktuur bereken word.

3.5. VERWERKING VAN DATA

Die model gebruik die ingesamelde data en verwerk dit om daarmee die optimale finansiële struktuur van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat te bepaal. Die bestaande batestruktuur word as ñ gegewe aanvaar. Dit is items wat op die tydstip van berekening werklik deur die boer besit word.

Daar kan aangevoer word dat die batestruktuur nie ñ optimale uitgangspunt kan wees nie omdat daar onproduktiewe bates binne die boerdery kan wees. Fuller en Darroch (1989:27) kom egter tot die gevolgtrekking dat daar oor die lang termyn, hetsy deur bestuursinmenging of deur die druk van kredietverskaffers, wel metodes bestaan om die boer te dwing om van onproduktiewe bates ontslae te raak. Sou daar op ñ bepaalde tydstip dan onproduktiewe bates binne die batestruktuur voorkom, bly dit steeds die gegewe situasie en moet die kredietverskaffer enersyds dit so aanvaar en andersyds aanneem dat die boerdery oor die lang termyn oor ñ selfkontrollerende meganisme beskik om van onproduktiewe bates ontslae te raak.

Met die boerdery se batestruktuur as vaste uitgangspunt en die bykomende gebruik van ñ aantal verhoudingsgetalle, kan daar verskeie verwerkings gedoen word om die ontbrekende komponente van die optimale finansiële struktuur te bereken. Hierdie verwerkings behels die bate/omset, terugbetaalvermoë, samestelling van laste, uitleenkoerse, bedrag vir paaiemente, waarde van totale laste en die jaarlikse rente op geleende kapitaal vir die samestelling van die balansstaat. Ten opsigte van die inkomstestaar word die data verwerk om die groei in netto waarde, boerderywins, netto boerdery-inkomste en bruto produksiewaarde te bepaal.

3.5.1. BATE/OMSET

In die geval van bate/omset word die fisiese produksievermoë van die gegewe batestruktuur as uitgangspunt gebruik om die bruto produksiewaarde van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat mee te bereken. Die bate/omset van die fisiese eenhede wat tydens die insamel van data verskaf is, word vir die doeleindes van die model bepaal. Tabel 3.1 bevat gegewens oor die fisiese eenhede se markwaarde, bruto produksiewaarde en bate/omset wat op ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat van toepassing is:

TABEL 3.1: MARKWAARDE, BRUTO PRODUKSIEWAARDE EN BATE/OMSET VAN FISIESE PRODUKSIE-EENHEDE VIR GEMENGDE BOERDERYE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997.*

PRODUKSIE-EENHEID	MARK-WAARDE	BRUTO PRODUKSIEWAARDE	BATE/OMSET	SIM-BOOL
Grond vir Gewasse:	Rand/Ha	Rand/Ha	BPW as % van WAARDE	
Winter (Droog)	2000	2000	100	BO _{wd}
Somer (Droog)	2000	1600	80	BO _{sd}
Groente (Droog)	2000	14000	700	BO _{gd}
Winter (Besproei)	2000	6000	300	BO _{wb}
Somer (Besproei)	2000	4000	200	BO _{sb}
Groente (Besproei)	2000	30000	1500	BO _{gb}
Vee:	Rand/Dier	Rand/Dier	BPW as % Van WAARDE	
Melkkoeie	4000	6000	150	BO _{mk}
Vleisbeeskoeie	2500	1250	50	BO _{vk}
Skaapooie	450	360	80	BO _{so}

* Inligting verskaf deur Computus Bestuursburo, Vrystaat Koöperasie en Sentraal-Oos Koöperasie.

Tabel 3.1 toon aan dat somergewasse op droëland 'n bate/omset van 80% kan behaal teenoor dié van winter- en groentegewasse wat onderskeidelik 100 en 700% kan beloop. Onder besproeiing beloop die bate/omset van winter-, somer- en groentegewasse onderskeidelik 300, 200 en 1500%. Met betrekking tot vee behoort melkkoeie 'n bate/omset van 150% te behaal teenoor die 50% van vleisbeeskoeie en die 80% van skaapooie.

Die bate/omset wat in tabel 3.1 bepaal is, word as 'n konstante waarde deur die model gebruik. Die rede daarvoor is dat hierdie waarde onveranderd behoort te bly, al sou die markwaarde van die fisiese eenheid of die bruto produksiewaarde daarvan verander. Hoewel daar verskeie persoonlike en omgewingsfaktore by betrokke is, is die produktiewe waarde van 'n fisiese produksie-eenheid die belangrikste faktor by prysbepaling (Van Reenen & Davel, 1986:212-217). Produktiewe waarde word soos volg bepaal, soos aangepas uit Van Reenen en Davel (1986:217):

$$PRYS = \frac{NETTO OPBRENGS}{KAPITALISASIEKOERS}$$

Indien die kapitalisasiekoers onveranderd bly, behoort 'n verhoging of verlaging in prys slegs plaas te vind as daar 'n styging of daling in netto opbrengs is. Die bate/omset van so 'n produksie-eenheid behoort teen 'n vaste kapitalisasiekoers dus konstant te bly al sou enige van die waardes verander. Daarom kan die bate/omset in tabel 3.1 as konstante waardes in die model gebruik word om die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat mee te bepaal.

3.5.1.1. GROND

Die totale bruto produksiewaarde van grond is die som van die onderlinge bruto produksiewaardes wat vir elke gewas bepaal word met behulp van die gegewens wat in tabel 3.1 verskaf is.

... [BPW_g]

Wintergewasse (Droëland)

Die bruto produksiewaarde van wintergewasse op droëland word soos volg bereken:

$$BPW_{wd} = WG_{wd} \times BO_{wd} \times Ha_{wd}$$

Waar BPW_{wd} gelyk is aan die bruto produksiewaarde vir wintergewasse op droëland

WG_{wd} gelyk is aan die markwaarde van grond vir wintergewasse

BO_{wd} gelyk is aan die bate/omset van wintergewasse op droëland naamlik 'n konstante van 100

Ha_{wd} gelyk is aan die hektaar grond waarop wintergewasse op droëland verbou word

... [BPW_{wd}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van wintergewasse op droëland aan die hand van die markwaarde van grond, die bate/omset en aantal hektare wat onder hierdie gewas verbou word.

Somergewasse (Droëland)

Die bruto produksiewaarde van somergewasse op droëland word soos volg bereken:

$$BPW_{sd} = WG_{sd} \times BO_{sd} \times Ha_{sd}$$

Waar BPW_{sd} gelyk is aan die bruto produksiewaarde vir somergewasse op droëland

WG_{sd} gelyk is aan die markwaarde van grond vir somergewasse

BO_{sd} gelyk is aan die bate/omset van somergewasse op droëland naamlik 'n konstante van 80

Ha_{sd} gelyk is aan die hektaar grond waarop somergewasse op droëland verbou word

... [BPW_{sd}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van somergewasse op droëland aan die hand van die markwaarde van grond, die bate/omset en aantal hektare wat onder hierdie gewas verbou word.

Groentegewasse (Droëland)

Die bruto produksiewaarde van groentegewasse op droëland word soos volg bereken:

$$BPW_{gd} = WG_{gd} \times BO_{gd} \times Ha_{gd}$$

- Waar BPW_{gd} gelyk is aan die bruto produksiewaarde vir groentegewasse op droëland
 WG_{gd} gelyk is aan die markwaarde van grond vir groentegewasse
 BO_{gd} gelyk is aan die bate/omset van groentegewasse op droëland naamlik 'n konstante van 700
 Ha_{gd} gelyk is aan die hektaar grond waarop groentegewasse op droëland verbou word
... [BPW_{gd}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van groentegewasse op droëland aan die hand van die markwaarde van grond, die bate/omset en aantal hektare wat onder hierdie gewas verbou word.

Wintergewasse (Besproei)

Die bruto produksiewaarde van wintergewasse onder besproeiing word soos volg bereken:

$$BPW_{wb} = WG_{wb} \times BO_{wb} \times Ha_{wb}$$

- Waar BPW_{wb} gelyk is aan die bruto produksiewaarde vir wintergewasse onder besproeiing
 WG_{wb} gelyk is aan die markwaarde van grond vir wintergewasse
 BO_{wb} gelyk is aan die bate/omset van wintergewasse onder besproeiing naamlik 'n konstante van 300
 Ha_{wb} gelyk is aan die hektaar grond waarop wintergewasse onder besproeiing verbou word
... [BPW_{wb}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van wintergewasse onder besproeiing aan die hand van die markwaarde van grond, die bate/omset en aantal hektare wat onder hierdie gewas verbou word.

Somergewasse (Besproei)

Die bruto produksiewaarde van somergewasse onder besproeiing word soos volg bereken:

$$BPW_{sb} = WG_{sb} \times BO_{sb} \times Ha_{sb}$$

Waar BPW_{sb} gelyk is aan die bruto produksiewaarde vir somergewasse onder besproeiing

WG_{sb} gelyk is aan die markwaarde van grond vir somergewasse

BO_{sb} gelyk is aan die bate/omset van somergewasse onder besproeiing naamlik 'n konstante van 200

Ha_{sb} gelyk is aan die hektaar grond waarop somergewasse onder besproeiing verbou word

... [BPW_{sb}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van somergewasse onder besproeiing aan die hand van die markwaarde van grond, die bate/omset en aantal hektare wat onder hierdie gewas verbou word.

Groentegewasse (Besproei)

Die bruto produksiewaarde van groentegewasse onder besproeiing word soos volg bereken:

$$BPW_{gb} = WG_{gb} \times BO_{gb} \times Ha_{gb}$$

Waar BPW_{gb} gelyk is aan die bruto produksiewaarde vir groentegewasse onder besproeiing

WG_{gb} gelyk is aan die markwaarde van grond vir groentegewasse

BO_{gb} gelyk is aan die bate/omset van groentegewasse onder besproeiing naamlik 'n konstante van 1500

Ha_{gb} gelyk is aan die hektaar grond waarop groentegewasse onder besproeiing verbou word

... [BPW_{gb}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van groentegewasse onder besproeiing aan die hand van die markwaarde van grond, die bate/omset en aantal hektare wat onder hierdie gewas verbou word.

3.5.1.2. VEE

Die totale bruto produksiewaarde van vee is die som van die bruto produksiewaardes wat vir elke veevertakking bepaal word met behulp van die gegewens wat in tabel 3.1 verskaf is.

... [BPW_v]

Melkkoeie

Die bruto produksiewaarde van melkkoeie word soos volg bereken:

$$BPW_{mk} = WD_{mk} \times BO_{mk} \times GD_{mk}$$

Waar BPW_{mk} gelyk is aan die bruto produksiewaarde van melkkoeie

WD_{mk} gelyk is aan die markwaarde van n melkkoei

BO_{mk} gelyk is aan die bate/omset van n melkkoei
naamlik n konstante van 150

GD_{mk} die getal melkkoeie wat in produksie is

... [BPW_{mk}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van melkkoeie aan die hand van die markwaarde van die dier, die bate/omset en getal diere waarmee geboer word.

Vleisbeeskoeie

Die bruto produksiewaarde van vleisbeeskoeie word soos volg bereken:

$$BPW_{vk} = WD_{vk} \times BO_{vk} \times GD_{vk}$$

Waar BPW_{vk} gelyk is aan die bruto produksiewaarde van
vleisbeeskoeie

WD_{vk} gelyk is aan die markwaarde van n vleisbeeskoei

BO_{vk} gelyk is aan die bate/omset van n vleisbeeskoei
naamlik n konstante van 50

GD_{vk} die getal vleisbeeskoeie wat in produksie is

... [BPW_{vk}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van vleisbeeskoeie aan die hand van die markwaarde van die dier, die bate/omset en getal diere waarmee geboer word.

Skaapooie

Die bruto produksiewaarde van skaapooie word soos volg bereken:

$$BPW_{so} = WD_{so} \times BO_{so} \times GD_{so}$$

Waar BPW_{so} gelyk is aan die bruto produksiewaarde van skaapooie
 WD_{so} gelyk is aan die markwaarde van n skaapooi
 BO_{so} gelyk is aan die bate/omset van n skaapooi
naamlik n konstante van 80
 GD_{so} die getal skaapooie wat in produksie is
... [BPW_{so}]

Die model bereken die bruto produksiewaarde van skaapooie aan die hand van die markwaarde van die dier, die bate/omset en getal diere waarmee geboer word.

3.5.1.3. TOTALE BATE/OMSET

Die totale bate/omset van grond en vee is aan die hand van die onderlinge markwaarde en die bate/omset van die fisiese produksie-eenhede bepaal. Die totale bruto produksiewaarde van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat is dus die somtotaal van die bate/omset uit gewasse en vee.

... [BPW_t]

3.5.2. TERUGBETAALVERMOË

Die terugbetaalvermoë van n boerdery is in hoofstuk 2, paragraaf 2.4.5.2, onder andere as n absolute waarde gedefinieer wat in vereenvoudigde vorm soos volg bereken word:

$$\begin{aligned} & \text{NETTO BOERDERY-INKOMSTE} \\ & + \text{NIE BOERDERY-INKOMSTE} \\ & + \text{DEPRESIASIE} \\ & - \text{BELASTING BETAAL} \\ & - \text{PRIVAAT TREKKINGS} \\ & = \text{KAPITAALVERVANGINGS- EN SKULDDEKKINGSKAPASITEIT} \end{aligned}$$

Hierdie waarde bepaal die onderneming se vermoë om fondse vir die afbetaal van lenings met n termyn van langer as een jaar te kan voorsien en om verouderde bates te kan vervang. Die waarde veronderstel dat korttermynskuld binne die huidige tydperk gedelg kan word uit die kontant wat deur die bruto produksiewaarde voorsien word.

Korttermynskuld word nie altyd binne dieselfde finansiële tydperk deur bruto produksiewaarde gedelg nie. Indien daar reeds uitgawes aangegaan is ten opsigte van bruto produksiewaarde wat eers in n volgende finansiële tydperk gaan realiseer, kan daar op n gegewe tydstip korttermynverpligtinge voorkom teenoor ongebruikte, halfklaar- of klaarvoorraad wat nog nie in kontant omgesit is nie. Hierdie argument geld veral ten opsigte van boerderye omdat daar n tydsverloop van tot ses maande

tussen die aangaan van uitgawes en die ontvangs van inkomste van 'n graanoes kan wees.

Bogenoemde formule kan aangepas word deur korttermynverpligtinge en rente in berekening te bring om die totale paaieimentsverpligting ten opsigte van alle laste van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat te kan bepaal, mits die ongebruikte, halfklaar- en klaaroeste as voorraad onder bedryfsbates ingereken word. Die formule sal dan soos volg lyk:

$$\begin{aligned} & \text{NETTO BOERDERY-INKOMSTE} \\ & - \text{HUUR} \\ & + \text{OPBRENGS VAN BELEGGINGS BUITE DIE BOERDERY} \\ & - \text{TREKKINGS} \\ & = \text{TERUGBETAALVERMOË} \end{aligned} \quad \dots [\text{TV}]$$

Depresiasie word buite rekening gelaat omdat die model die markwaarde van bates gebruik. Inkomstebelasting word nie deur die model in berekening gebring nie omdat die optimale finansiële struktuur vóór die betaling van belasting bereken word. Dit vergelyk dan met die beleggingskoers van 'n handelsbank wat ook voor belasting verdien word.

3.5.2.1. NETTO BOERDERY-INKOMSTE

Netto boerdery-inkomste is die wins wat die totale kapitaalaanwending van 'n boerdery genereer. Indien die waarde van totale kapitaalaanwending en die verlangde rentabiliteit daarop bekend is, kan die optimale netto boerdery-inkomste soos volg bepaal word (Van Zyl, 1988:59):

$$NBI = TK \times Kk$$

Waar *NBI* gelyk is aan netto boerdery-inkomste
TK gelyk is aan totale kapitaalaanwending
Kk gelyk is aan die kapitalisasiekoers

... [NBI]

Die model bereken die optimale netto boerdery-inkomste aan die hand van die waarde van totale kapitaalaanwending en die kapitalisasiekoers wat verlang word.

3.5.2.2. TREKKINGS

Soos vroër by die insamel van data in paragraaf 3.4.4.8 genoem, word die boer se werklike trekkings ten opsigte van sy privaat uitgawes op die tydstep van berekening

van die optimale finansiële struktuur as 'n gegewe waarde beskou. Dit word sonder verdere verwerkings van die netto boerdery-inkomste afgetrek om die terugbetaalvermoë te kan bepaal.

3.5.2.3. HUUR

Die rentabiliteit wat die verhuurder op sy kapitaal kan verdien, is reeds in paragraaf 3.4.3.3 by die insamel van data bespreek. Indien die beleggingskoers en die totale waarde van gehuurde bates bekend is, kan die uitgawe ten opsigte van huur soos volg bereken word:

$$PMT_h = GB \times O_h$$

Waar PMT_h gelyk is aan die huurpaaieiment
 GB gelyk is aan die totale waarde van gehuurde bates
 O_h gelyk is aan die opbrengskoers wat die verhuurder kan verdien

... [PMT_h]

Die model bereken die vergoeding vir gehuurde bates aan die hand van die waarde daarvan en die opbrengskoers wat die verhuurder op sy kapitaal kan verdien.

3.5.2.4. INKOMSTE UIT BELEGGINGS BUIE DIE BOERDERY

Die rentabiliteit wat beleggings buite die boerdery kan verdien, is reeds vroër in paragraaf 3.4.3.3 by die insamel van data bespreek. Indien die beleggingskoers en die totale waarde van beleggings buite die boerdery bekend is, kan die inkomste ten opsigte van hierdie bates soos volg bereken word:

$$PMT_b = BE \times O_b$$

Waar PMT_b gelyk is aan die opbrengs wat die beleggings buite die boerdery kan verdien
 BE gelyk is aan die waarde van totale beleggings buite die boerdery
 O_b gelyk is aan die opbrengskoers wat die beleggings buite die boerdery kan verdien

... [PMT_b]

Die model bereken die opbrengs van beleggings buite die boerdery aan die hand van die waarde daarvan en die opbrengskoers wat op die beleggings verdien kan word.

3.5.3. SAMESTELLING VAN LASTE

Verskeie bronne (Van Zyl, 1988:135 en Van Reenen & Davel, 1986:176) huldig die siening dat die termyn van afbetaling aan die finansiering van 'n bate ooreen moet stem met die leeftyd van die betrokke item maar die beste motivering vir hierdie stelling word deur Mazzocco verskaf. Sy mening is: "... a larger proportion of fixed assets than term liabilities ... may indicate a future liquidity problem as assets may be generating cash flow or converting to cash at a slower pace than demanded by the maturity structure of liabilities." (Mazzocco, 1989:107). Hy word ondersteun deur Hardin (1973:1) wat van mening is dat die verkeerde finansiering van 'n bate-item nie maklik verander kan word nie en waarskynlik slegs reggestel kan word deur die gedeeltelike of ten volle likwidasië van 'n onderneming.

Soos vroër reeds in paragraaf 3.4.4 genoem, gebruik die model die bestaande batestruktuur as 'n gegewe uitgangspunt. Indien hierdie bates tydens verkryging oor die korrekte afbetalingstermyn gefinansier is, behoort die lastestruktuur onderling ooreen te stem met die batestruktuur. Dit sal nie noodwendig in volume ooreenstem nie want die boer kon 'n gedeelte self gefinansier het of 'n deel van die oorspronklike bedrag reeds terugbetaal het. Daar teenoor word die bate-item ook geleidelik in kontant omgesit (gedepresieer) sodat, volgens Mazzocco, die onderlinge samestelling van totale laste in 'n optimale finansiële struktuur ooreen moet stem met die onderlinge samestelling van totale bates. Gevolglik kan die model die optimale samestelling van laste aan die hand van die bates se samestelling bereken.

3.5.3.1. TOTALE LASTE

Soos genoem, word die samestelling van werklike bates op die tydstip van berekening as basis vir die bepaling van die optimale laste gebruik. Totale bates beloop 100% en gevolglik is totale laste ook gelyk aan 100%. Ten einde die optimale samestelling van laste met behulp van 'n formule vanaf die onderlinge samestelling van bates te kan bepaal, is die waarde van totale laste by hierdie punt in die model voorlopig 100 en kan dit as 'n proporsie van totale bates bereken word.

3.5.3.2. BEDRYFSLASTE

Die proporsionele waarde van bedryfslaste kan soos volg aan die hand van die batestruktuur bereken word:

$$BL_p = \frac{BB}{TB} \times \frac{100}{1}$$

Waar BL_p gelyk is aan die proporsionele gedeelte van bedryfslaste

BB gelyk is aan bedryfsbates

TB gelyk is aan totale bates

... [BL_p]

Die model bereken die proporsionele gedeelte van bedryfslaste aan die hand van die proporsionele gedeelte van bedryfsbates.

3.5.3.3. MIDDELTERMYNLASTE

Die proporsionele waarde van middeltermynlaste kan soos volg aan die hand van die batestruktuur bereken word:

$$ML_p = \frac{MB}{TB} \times \frac{100}{I}$$

Waar ML_p gelyk is aan die proporsionele gedeelte van middeltermynlaste

MB gelyk is aan middeltermynbates

TB gelyk is aan totale bates

... [ML_p]

Die model bereken die proporsionele gedeelte van middeltermynlaste aan die hand van die proporsionele gedeelte van middeltermynbates.

3.5.3.4. LANGTERMYNLASTE

Die proporsionele waarde van langtermynslaste kan soos volg aan die hand van die batestruktuur bereken word:

$$LL_p = \frac{VB}{TB} \times \frac{100}{I}$$

Waar LL_p gelyk is aan die proporsionele gedeelte van langtermynslaste

VB gelyk is aan vaste bates

TB gelyk is aan totale bates

... [LL_p]

Die model bereken die proporsionele gedeelte van langtermynlaste aan die hand van die proporsionele gedeelte van vaste bates.

3.5.4. UITLEENKOERSE

Die minimum uitleenkoerse wat vir die onderskeie laste geld, is tydens die insamel van data aan die model verskaf. Die model moet hierdie minimum koerse aan die hand van die bestuursevaluasie verwerk.

Soos reeds vroëer in paragraaf 3.4.1 aangedui, word daar by boerderye ñ penalisasiekoers van tot 5% bo die minimum uitleenkoers gevoeg om ñ onderskeid tussen hoë en lae risikogevalle te tref. Daar is ook aangetoon dat die vyf kriteria se invloed met ñ gewig bepaal kan word. Die model verwerk hierdie data om ñ finale uitleenkoers te bereken waarvolgens die optimale finansiële struktuur van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word.

3.5.4.1. FINALE UITLEENKOERS

Die finale uitleenkoers word bereken nadat die invloed van elke kriterium soos volg bepaal is:

$$Pk_n = \frac{(10-P_n)}{10} \times \frac{(GW_n)}{1}$$

Waar P_k gelyk is aan die penalisasiekoers
 n gelyk is aan die betrokke kriterium
 P gelyk is aan die punt uit tien vir die kriterium
 GW gelyk is aan die gewig uit vyf vir die kriterium

Die somtotaal van Pk_1 tot Pk_5 is die persentasiepunte waarmee die model die uitleenkoers mee moet verhoog om die risiko van die spesifieke boerdery onder beskouing in berekening te bring.

... [Pk₁₋₅]

3.5.4.2. BEDRYFSLASTE

Die finale uitleenkoers vir bedryfslaste word soos volg bereken:

$$U_b = \sum(Pk_{1-5}) + Uk_b$$

Waar U_b gelyk is aan die finale uitleenkoers
van bedryfslaste
 Pk_{1-5} gelyk is aan die penalisasiekoers
van elke kriterium
 Uk_b gelyk is aan die minimum uitleenkoers
van bedryfslaste

... [U_b]

Die minimum uitleenkoers vir bedryfslaste word met die penalisasiekoers van elke kriterium verhoog om die finale uitleenkoers te bepaal.

3.5.4.3. MIDDELTERMYNLASTE

Die finale uitleenkoers vir middeltermynlaste word soos volg bereken:

$$U_m = \sum(Pk_{i-5}) + Uk_m$$

Waar U_m gelyk is aan die finale uitleenkoers
van middeltermynlaste

Pk_{i-5} gelyk is aan die penalisasiekoers
van elke kriterium

Uk_m gelyk is aan die minimum uitleenkoers
van middeltermynlaste

... [U_m]

Die minimum uitleenkoers vir middeltermynlaste word met die penalisasiekoers van elke kriterium verhoog om die finale uitleenkoers te bepaal.

3.5.4.4. LANGTERMYNLASTE

Die finale uitleenkoers vir langtermynlaste word soos volg bereken:

$$U_l = Uk_l$$

Waar U_l gelyk is aan die finale uitleenkoers
van langtermynlaste

Uk_l gelyk is aan die minimum uitleenkoers
van langtermynlaste

... [U_l]

Die model doen geen verdere verwerking van langtermynlaste se uitleenkoers nie. Soos reeds in paragraaf 3.4.1 genoem, is die Landbank se uitleenkoers vir alle boerderye dieselfde en word daar nie onderskeid tussen hoë en lae risikogevalle getref nie.

3.5.5. PROPORSIONELE BEDRAG VIR PAAIEMENTE

Met die proporsionele gedeelte (BL_p , ML_p en LL_p), die finale uitleenkoers (U_b , U_m en U_l) en ook die aanvaarde afbetalingstermyne (1, 5 en 20 jaar) van die laste wat bekend is, kan elke lastegroep se jaarlikse proporsionele paaieiment bereken word.

3.5.5.1. BEDRYFSLASTE

Die formule vir die berekening van die proporsionele paaieiment vir bedryfslaste is soos volg (Kay & Edwards 1994:288):

$$PMT_{bp} = BL_p \times \frac{U_b}{1 - (1 + U_b)^{-n}}$$

Waar PMT_{bp} gelyk is aan die proporsionele paaieiment wat vir bedryfslaste bereken word

BL_p gelyk is aan die proporsionele bedrag wat geleen word

U_b gelyk is aan die finale uitleenkoers

n gelyk is aan die termyn van afbetaling

... [PMT_{bp}]

Die model bereken die paaieiment vir die proporsionele gedeelte van bedryfslaste teen n aangepaste uitleenkoers en n afbetalingstermyne van een jaar.

Ten spyte daarvan dat hierdie laste in dieselfde jaar afgelos word, word n paaieiment vir die afbetaal van bedryfslaste ook bereken. Dit is nodig om die onderlinge samestelling van die laste te kan bereken. Die uitgangspunt, soos in hoofstuk 2, paragraaf 2.4.5.2, by die kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge bespreek is, is wel dat bedryfslaste die bedryfsuitgawes verteenwoordig wat binne die huidige tydperk gedelg moet word uit die kontant wat deur die bruto produksiewaarde voorsien word. Hierdie aspek word later deur die model in ag geneem.

3.5.5.2. MIDDELTERMYNLASTE

Die formule vir die berekening van die proporsionele paaieiment vir middeltermynlaste is soos volg (Kay & Edwards 1994:288):

$$PMT_{mp} = ML_p \times \frac{U_m}{1 - (1 + U_m)^{-n}}$$

Waar PMT_{mp} gelyk is aan die proporsionele paaieiment wat vir middeltermynlaste bereken word

ML_p gelyk is aan die proporsionele bedrag wat geleen word
 U_m gelyk is aan die finale uitleenkoers
 n gelyk is aan die termyn van afbetaling
... [PMT_{mp}]

Die model bereken die proporsionele gedeelte van die paaieiment vir middeltermynlaste teen 'n aangepaste uitleenkoers en 'n afbetalingstermyn van vyf jaar.

3.5.5.3. LANGTERMYNLASTE

Die formule vir die berekening van die proporsionele paaieiment vir langtermynlaste is soos volg (Kay & Edwards 1994:288):

$$PMT_{lp} = LL_p \times \frac{U_l}{1 - (1 + U_l)^{-n}}$$

Waar PMT_{lp} gelyk is aan die proporsionele paaieiment wat vir langtermynlaste breken word
 LL_p gelyk is aan die proporsionele bedrag wat geleen word
 U_l gelyk is aan die finale uitleenkoers
 n gelyk is aan die termyn van afbetaling
... [PMT_{lp}]

Die model bereken die proporsionele gedeelte van die paaieiment vir langtermynlaste teen 'n gegewe uitleenkoers en 'n afbetalingstermyn van 20 jaar.

3.5.5.4. VERDELING VAN TERUGBETAALVERMOË

Nadat die proporsionele paaieimente bereken is, kan dié gedeelte van die terugbetaalvermoë wat vir elke las beskikbaar is, bepaal word. Dit word soos volg bereken:

$$PMT_{bp} + PMT_{mp} + PMT_{lp} = \Sigma PMT_p$$

Maar $\Sigma PMT_w = TV$

Dus is $PMT_{bw} = \frac{PMT_{bp}}{\Sigma PMT_p} \times \frac{TV}{1}$

$$PMT_{mw} = \frac{PMT_{mp}}{\Sigma PMT_p} \times \frac{TV}{1}$$

$$PMT_{lw} = \frac{PMT_{lp}}{\Sigma PMT_p} \times \frac{TV}{I}$$

Waar PMT_w gelyk is aan die som van die werklike paaimente
 PMT_{bw} gelyk is aan die werklike paaiment vir bedryfslaste
 PMT_{mw} gelyk is aan die werklike paaiment vir
middeltermynlaste
 PMT_{lw} gelyk is aan die werklike paaiment vir langtermynlaste

.... [PMT_w]
... [PMT_{bw}]
... [PMT_{mw}]
... [PMT_{lw}]

Die proporsionele gedeelte van elke las se paaiment is as basis gebruik om die werklike paaiment met behulp van die terugbetaalvermoë te bereken. Terugbetaalvermoë is reeds as 'n werklike bedrag vanuit bruto produksiewaarde bereken. Gevolglik is PMT_{bw} , PMT_{mw} en PMT_{lw} die onderskeie laste se werklike jaarlikse paaimentsbedrae waarmee die werklike waarde van die lastegroepe bereken kan word.

3.5.6. WAARDE VAN TOTALE LASTE

Die waarde van die optimale laste wat 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met sy terugbetaalvermoë kan delg, kan bepaal word aan die hand van die veranderlikes wat in die voorafgaande bespreking bereken is. Omdat die onderlinge samestelling van die laste reeds proporsioneel vasgestel is, kan die waarde van die laste onderling bereken word ten einde die optimale finansiële struktuur vir gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat te kan bepaal.

3.5.6.1. BEDRYFSLASTE

Die formule vir die berekening van die waarde van die optimale bedryfslaste is soos volg (Kay & Edwards 1994:288):

$$BL_w = PMT_{bw} \times \frac{1 - (1 + U_b)^{-n}}{U_b}$$

Waar BL_w gelyk is aan die optimale waarde van bedryfslaste
 PMT_{bw} gelyk is aan die beskikbare paaiment wat vir
die optimale bedryfslaste bereken is

U_b gelyk is aan die finale uitleenkoers van bedryfslaste
 n gelyk is aan die termyn van afbetaling
... [BL_w]

Die model bereken die waarde van die optimale bedryfslaste teen 'n vasgestelde paaierement, 'n aangepaste uitleenkoers en 'n gegewe afbetalingstermyn van 1 jaar.

3.5.6.2. MIDDELTERMYNLASTE

Die formule vir die berekening van die waarde van die optimale middeltermynlaste is soos volg (Kay & Edwards 1994:288):

$$ML_w = PMT_{mw} \times \frac{1 - (1 + U_m)^{-n}}{U_m}$$

Waar ML_w gelyk is aan die optimale waarde van middeltermynlaste
 PMT_{mw} gelyk is aan die beskikbare paaierement wat vir die optimale middeltermynlaste bereken is
 U_m gelyk is aan die finale uitleenkoers van middeltermynlaste
 n gelyk is aan die termyn van afbetaling
... [ML_w]

Die model bereken die waarde van die optimale middeltermynlaste teen 'n vasgestelde paaierement, 'n aangepaste uitleenkoers en 'n gegewe afbetalingstermyn van 5 jaar.

3.5.6.3. LANGTERMYNLASTE

Die formule vir die berekening van die waarde van die optimale langtermynlaste is soos volg (Kay & Edwards 1994:288):

$$LL_w = PMT_{lw} \times \frac{1 - (1 + U_l)^{-n}}{U_l}$$

Waar LL_w gelyk is aan die optimale waarde van langtermynlaste
 PMT_{lw} gelyk is aan die beskikbare paaierement wat vir die optimale langtermynlaste bereken is
 U_l gelyk is aan die finale uitleenkoers van langtermynlaste
 n gelyk is aan die termyn van afbetaling
... [LL_w]

Die model bereken die waarde van die optimale langtermynlaste teen 'n vasgestelde paaieiment, 'n aangepaste uitleenkoers en 'n gegewe afbetalingstermyn van 20 jaar.

3.5.6.4. TOTALE LASTE

Totale laste is die som van bedryfs-, middeltermyn- en langtermynlaste.

... [TL]

3.5.6.5. NETTO WAARDE

By die bepaling van die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat moet die optimale netto waarde ook bepaal word. Dit word soos volg bereken:

$$NW = TB - TL$$

Waar NW gelyk is aan netto waarde
 TB gelyk is aan totale bates
 TL gelyk is aan totale laste

... [NW]

Die netto waarde is die balanserende bedrag van die balansstaat en word bereken deur totale laste van totale bates af te trek.

3.5.7. JAARLIKSE RENTE

Met uitsondering van die bedryfslaste, waar rente maandeliks gekapitaliseer word, is middel- en langtermynlaste geammortiseerde termynlenings (Weston & Brigham, 1981:717). Dit beteken eerstens dat die lening deur middel van paaieimente oor 'n termyn afbetaal word maar tweedens dat die rente op die uitstaande balans bereken word. By die ontwikkeling van die model is dit wel moontlik om die ouderdom van 'n termynlening in berekening te bring en sodoende die jaarlikse rente, met inagneming van reedsbetaalde paaieimente, te kan bereken.

Die optimale finansiële struktuur is reeds ter aanvang van hierdie studie gedefinieer as die spesifieke punt wat deur die finansiële norme uitgewys word waar die samestelling van die balans- en inkomstestaat die onderneming lewensvatbaar maak. Dit is dus onder andere dié punt waar 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat die grootste hoeveelheid laste kan dra, voordat enige paaieimente betaal is. Die model bereken gevolglik die jaarlikse rente vir bedryfs-, middeltermyn- en langtermynlaste asof alle skuld nog uitstaande is.

3.5.7.1. BEDRYFSLASTE

Die jaarlikse rente vir bedryfslaste word soos volg bereken:

$$JR_b = BL_w \times U_b$$

Waar JR_b gelyk is aan die jaarlikse rente
van bedryfslaste
 BL_w gelyk is aan die waarde van bedryfslaste
 U_b gelyk is aan die uitleenkoers
van bedryfslaste

... [JR_b]

Die model bereken die jaarlikse rente aan die hand van die optimale waarde van bedryfslaste en die aangepaste uitleenkoers van hierdie lastegroep. Rente wat maandeliks gekapitaliseer word, word nie in berekening gebring nie maar so ook die feit dat bedryfslaste aan die begin van die termyn veronderstel is om geen balans te hê nie en geleidelik na die maksimum uitstaande bedrag moet oploop. Die rente word aan die einde van n periode van een jaar bereken.

3.5.7.2. MIDDELTERMYNLASTE

Die jaarlikse rente vir middeltermynlaste word soos volg bereken:

$$JR_m = ML_w \times U_m$$

Waar JR_m gelyk is aan die jaarlikse rente
van middeltermynlaste
 ML_w gelyk is aan die waarde van middeltermynlaste
 U_m gelyk is aan die uitleenkoers
van middeltermynlaste

... [JR_m]

Die model bereken die jaarlikse rente aan die hand van die optimale waarde van middeltermynlaste en die aangepaste uitleenkoers van hierdie lastegroep asof daar nog geen paaiemente betaal is nie. Die rente word aan die einde van n periode van een jaar bereken.

3.5.7.3. LANGTERMYNLASTE

Die jaarlikse rente vir langtermynlaste word soos volg bereken:

$$JR_l = LL_w \times U_l$$

Waar JR_l gelyk is aan die jaarlikse rente
van langtermynlaste
 LL_w gelyk is aan die waarde van langtermynlaste
 U_l gelyk is aan die uitleenkoers
van langtermynlaste
... [JR_l]

Die model bereken die jaarlikse rente aan die hand van die optimale waarde van langtermynlaste en die aangepaste uitleenkoers van hierdie lastegroep asof daar nog geen paaiemente betaal is nie. Die rente word aan die einde van n periode van een jaar bereken.

3.5.8. INKOMSTESTAAT

Soos in hoofstuk 2, paragraaf 2.6.1.2, aangetoon, bestaan die inkomstestaat uit vier onderafdelings. Vir elkeen van hierdie afdelings kan n resultaat aan die hand van verhoudingsgetalle bereken word (Penson *et al*, 1982:46-50). By die bepaling van die optimale finansiële struktuur van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat moet hierdie afdelings, naamlik groei in netto waarde, boerderywins, netto boerdery-inkomste en bruto produksiewaarde, se resultaat ook bereken kan word. Laasgenoemde twee komponente is reeds vroëer deur die model bereken.

3.5.8.1. BOERDERYWINS

Boerderywins kan bereken word omdat netto boerdery-inkomste en die bedrae wat afgetrek moet word, aan die model bekend is. Indien die uitgawes ten opsigte van gehuurde en geleende kapitaal ook bekend is, kan die optimale boerderywins soos volg bepaal word:

$$BW = NBI - PMT_h - JR_b - JR_m - JR_l$$

Waar BW gelyk is aan boerderywins
 NBI gelyk is aan netto boerdery-inkomste
 PMT_h gelyk is aan die uitgawes ten opsigte van gehuurde bates
 JR_b gelyk is aan die jaarlikse rente van bedryfslaste
 JR_m gelyk is aan die jaarlikse rente van middeltermynlaste
 JR_l gelyk is aan die jaarlikse rente van langtermynlaste

... [NBI]

Die model bereken die optimale boerderywins deur die uitgawes ten opsigte van gehuurde en geleende kapitaal van netto boerdery-inkomste af te trek.

3.5.8.2. GROEI IN NETTO WAARDE

Groei in netto waarde (voor die berekening van inkomstebelasting) kan bereken word omdat boerderywins, en die bedrae wat daarvan afgetrek of bygetel word, aan die model bekend is.

Die groei in netto waarde wat die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat moet realiseer, kan soos volg bepaal word:

$$GNW = BW + PMT_b - TR$$

Waar GNW gelyk is aan groei in netto waarde
 BW gelyk is aan boerderywins
 PMT_b gelyk is aan die inkomste van beleggings
buite die boerdery
 TR gelyk is aan trekkings

... [GNW]

Die model bereken die optimale groei in netto waarde deur die inkomste van beleggings buite die boerdery by boerderywins te tel en dan weer trekkings daarvan af te trek.

3.5.8.3. BOERDERY-UITGAWES

Die bruto produksiewaarde is reeds vroëer in paragraaf 3.5.1.3 aan die hand van die bate/omset bepaal. Wat wel nog van belang is, is dat die optimale boerdery-uitgawes daaruit bepaal kan word, indien netto boerdery-inkomste, wat in paragraaf 3.5.2.1 bereken is, bekend is. Die berekening daarvan is soos volg:

$$BU = BPW_t - NBI$$

Waar BU gelyk is aan boerdery-uitgawes
 BPW_t gelyk is aan bruto produksiewaarde
 NBI gelyk is aan netto boerdery-inkomste


... [BU]

Die model bereken die optimale boerdery-uitgawes deur netto boerdery-inkomste van bruto produksiewaarde af te trek.

3.5.9. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERWERKING VAN DATA

Die verwerking van data vir die model waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word, word skematies in figuur 3.3 aangetoon:

FIGUUR 3.3: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERWERKING VAN DATA VIR DIE MODEL



Figuur 3.3 toon aan dat die model die ingesamelde data verder verwerk. Hierdie verwerkings behels die bepaling van bate/omset, terugbetaalvermoë, samestelling van laste, uitleenkoerse, proporsionele bedrag vir paaiemente, waarde van totale laste, jaarlikse rente en die samestelling van die inkomstestaat.

3.6. VERSLAGDOENING

Die model gebruik die ingesamelde data en verwerk dit om daarmee die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat te kan bepaal. Daarna moet dit verslag oor die resultate van die verwerkings doen. Die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat moet in die vorm van 'n balans- en inkomstestaat weergegee kan word. Die werklike finansiële struktuur van so 'n boerdery kan daarnaas vertoon word om vas te stel of daar afwykings teenoor die optimale struktuur bestaan. Die vernaamste verhoudings kan ook vir beide strukture bereken word om 'n verdere aanduiding van afwykings of ooreenstemmings tussen die werklike en optimale finansiële strukture te kan kry.

3.6.1. BALANSSTAAT

Die verslagdoening oor die balansstaat van die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat word skematies in figuur 3.4 aangetoon:

FIGUUR 3.4: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BALANSSTAAT

		Werklik	Optimaal
LASTE	BEDRYFSLASTE	BL	BL
	MIDDELTERMYNLASTE	ML	ML
	LANGTERMYNLASTE	LL	LL
	TOTALE LASTE	TL	TL
	NETTO WAARDE	NW	NW
BATES	BEDRYFSBATES	BB	BB
	<i>Bankrekening & BTW</i>	BB ₁	BB ₁
	<i>Oeste op hande</i>	BB ₂	BB ₂
	<i>Handelsdebiteure</i>	BB ₃	BB ₃
	<i>Bemerkbare vee & voorraad</i>	BB ₄	BB ₄
	MIDDELTERMYNBATES	MB	MB
	<i>Aanteelvee</i>	MB ₁	MB ₁
	<i>Los bates</i>	MB ₂	MB ₂
	<i>Debiteure</i>	MB ₃	MB ₃
	VASTE BATES	VB	VB
	BELEGGINGS	BE	BE
	TOTALE BATES	TB	TB
	GEHUURDE BATES	GB	GB
	TOTALE KAPITAALAANWENDING	TK	TK

Figuur 3.4 toon aan hoe die model verslag doen oor die optimale balansstaat van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Daarteenoor word die werklik balansstaat van so n boerdery vertoon.

3.6.2. INKOMSTESTAAT

Die verslagdoening oor die inkomstestaat van die optimale finansiële struktuur van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat word skematies in figuur 3.5 aangetoon:

FIGUUR 3.5: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE INKOMSTESTAAT


		<i>Werklik</i>	<i>Optimaal</i>
		BPW_v	BPW_v
INKOMSTESTAAT	Bruto produksiewaarde - Vee	BPW_v	BPW_v
	+ Bruto produksiewaarde - Gewasse	BPW_g	BPW_g
	= BRUTO PRODUKSIEWAARDE	BPW_t	BPW_t
	- Boerdery uitgawes	BU	BU
	= NETTO BOERDERY-INKOMSTE	NBI	NBI
	- Huur betaal	PMT_h	PMT_h
	- Rente betaal	JR_{b+m+l}	JR_{b+m+l}
	= BOERDERYWINS	BW	BW
	+ Inkomste uit buitebeleggings	PMT_b	PMT_b
	- Trekkings	TR	TR
= GROEI IN NETTO WAARDE	GNW	GNW	

Figuur 3.5 toon aan hoe die model verslag doen oor die optimale inkomstestaat van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Daarteenoor word die werklik inkomstestaat van so n boerdery vertoon.

3.6.3. VERHOUDINGS

Die verslagdoening oor die verhoudings van die optimale finansiële struktuur van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat word skematies in figuur 3.6 aangetoon:

FIGUUR 3.6: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERHOUDINGS



Figuur 3.6 toon aan hoe die model verslag doen oor die optimale verhoudings van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Daarteenoor word die werklike verhoudings van so n boerdery vertoon.

3.7. KOMPONENTE VAN DIE MODEL

Hierdie model stel n vaste punt daar met behulp van sekere gegewe komponente waaruit verdere verwerkings gemaak kan word om uiteindelik verslag oor die optimale finansiële struktuur van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat te kan doen.

3.7.1. GEGEWE KOMPONENTE

Die model gebruik die bestaande batestruktuur en die fisiese grootte van produksie-eenhede as n gegewe uitgangspunt. Dit is die werklike bates wat op die spesifieke tydstip van berekening in die boerdery teenwoordig is en indien dit korrek waardeer is, is dit n aanvaarbare vaste punt vanwaar die res van die finansiële struktuur bepaal kan

word. Vanuit die gegewe batestruktuur word die onderlinge samestelling van laste, die bruto produksiewaarde en boerderywins bepaal.

Saam met die bestaande batestruktuur word die uitleen- en opbrengskoerse van lenings en beleggings ten tye van die berekening ook as gegewe komponente aanvaar. Dit is weer eens aanvaarbare norme wat algemeen bekend is sodat daar nie agterdog oor die geldigheid daarvan kan bestaan nie. Met behulp van die batestruktuur en die rentekoerse, is die model in staat om sekere verwerkings te doen waaruit verdere norme afgelei kan word.

3.7.2. AFGELEIDE KOMPONENTE

Die skakel tussen die optimale balansstaat en die optimale inkomstestaat, naamlik bate/omset, is afgelei uit die historiese produksievermoë van die fisiese produksie-eenhede in die Oos-Vrystaat. Dit word as konstante waardes in die model gebruik.

Die finale uitleenkoerse word afgelei nadat die minimum koerse met behulp van die resultate van die bestuursevaluasie aangepas is. Daardeur word onderskeid tussen hoë en lae risikodraende boerderye getref.

Die koers waarteen bates gekapitaliseer word, word afgelei nadat n risikokoers by die opbrengskoers van beleggings gevoeg is. Daardeur word voorsiening gemaak om die risiko in berekening te bring waaraan n boerdery blootgestel is, teenoor die veiligheid van n belegging by n finansiële instelling.

3.7.3. BEREKENDE KOMPONENTE

Die model bereken die ontbrekende komponente van die optimale finansiële struktuur aan die hand van gegewe en afgeleide komponente. Die terugbetaalvermoë, wat op sy beurt met behulp van die bate/omset bepaal word, word eerste bereken. Hoewel dit ook vir die opstel van die inkomstestaat gebruik word, is die aanvanklike aanwending daarvan die berekening van die optimale lastestruktuur. Tesame met die gegewe batestruktuur, kan die optimale balansstaat dus voltooi word.

Die eerste gedeelte van die inkomstestaat, naamlik bruto produksiewaarde, word terselfdertyd bepaal wanneer die terugbetaalvermoë bereken word en is gebaseer op die gegewe batestruktuur se produksievermoë. Die derde deel, naamlik boerderywins, word ook met behulp van die gegewe batestruktuur bereken en wel op grond van die kapitalisasievermoë daarvan. Die lastestruktuur, bruto produksiewaarde en boerderywins word dus vanuit die gegewe batestruktuur bepaal.

Die ontbrekende dele van die inkomstestaat word deur middel van verdere berekenings bepaal. Groei in netto waarde word bereken nadat sekere items (inkomste uit

beleggings buite die boerdery en trekkings) by boerderywins in berekening gebring is. Netto boerdery-inkomste word bepaal nadat verdere items (huur en rente) by boerderywins in berekening gebring is. Boerdery-uitgawes word dan bereken deur netto boerdery-inkomste van bruto produksiewaarde af te trek en sodoende word die optimale inkomstestaat voltooi.

Die model gebruik sekere verhoudingsgetalle om die balans- en inkomstestaat vanaf 'n vaste punt saam te stel. Gevolglik kan die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met aanvaarbare norme vanaf 'n vaste punt bepaal word waarteen die werklike balans- en inkomstestaat, ook weer met behulp van verhoudingsgetalle, gemeet kan word.

3.8. SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n model te ontwikkel waarvolgens die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat aan die hand van verhoudingsgetalle bepaal kan word. Hierdie model vereis sekere data oor die boerdery en stel die uitleenkoerse van lenings en opbrengskoerse van beleggings op die tydstip van berekening vas.

Die model gebruik die boerdery se bestaande batesstruktuur as 'n vaste punt vanwaar die lastestruktuur en die inkomstestaat opgestel kan word. Die onderlinge samestelling van bates word eers gebruik om die optimale samestelling van laste te bepaal waarna die terugbetaalvermoë van die fisiese produksie-eenhede gebruik word om die optimale waarde van elke lastegroep te bereken. Nadat die optimale balansstaat voltooi is, word die inkomstestaat deur middel van verdere verwerkings saamgestel.

Die model doen verslag oor die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat in die vorm van 'n balans- en inkomstestaat. Daarnaas word die werklike finansiële struktuur van so 'n boerdery vertoon om vas te stel of daar afwykings tussen die werklike en die optimale struktuur bestaan. Die vernaamste verhoudings word ook vir beide strukture bereken om 'n verdere aanduiding van afwykings of ooreenstemmings tussen die werklike en optimale finansiële strukture te kan kry.

Die model gebruik verhoudingsgetalle om die balans- en inkomstestaat vanaf 'n vaste punt saam te stel, net soos wat standaardtyd vanaf Greenwich-tyd bepaal word. Die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat kan gevolglik aan die hand van aanvaarbare norme bepaal word met inagneming van die uniekheid van elke individuele boerdery.

4. TOEPASSING VAN DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR OP GEMENGDE BOERDERYE IN DIE OOS-VRYSTAAT

4.1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n model ontwikkel wat die optimale balans- en inkomstestaat van 'n boerdery vanaf 'n vaste punt saamstel. Die optimale finansiële struktuur van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat kan gevolglik aan die hand van aanvaarbare norme bepaal word met inagneming van die uniekheid van elke individuele boerdery.

Soos in hoofstuk 1, paragraaf 1.2.1, genoem, gebruik landboukoöperasies en handelsbanke boere se finansiële state en verwerk die gegewens tot groepsgemiddeldes. Daaruit word norme afgelei wat as maatstawwe by die verskaffing van geleende kapitaal gebruik word. Indien daar aanvaar word dat die huidige finansiële struktuur van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat daarvolgens tot stand gekom het en in stand gehou word, kan die struktuurmodel dus gebruik word om te bepaal in watter mate hierdie boerderye van hul optimale finansiële struktuur afwyk.

4.2. BESKRYWING VAN DIE DEELNEMENDE BOERE

Die 65 boere wie se finansiële data in hierdie studie gebruik is, is reeds in hoofstuk 1, paragraaf 1.4.4, aan die hand van plaasgrootte, batewaarde, bruto produksiewaarde en belangrikheid van vertakkings beskryf. Die finansiële inligting van elke individuele boer is in die bylae vervat.

Dit is nie prakties wenslik om elkeen van hierdie boere se balans- en inkomstestate afsonderlik aan die optimale finansiële struktuur te meet nie aangesien dit te omvangryk binne die konteks van hierdie studie sal wees. Gevolglik is die deelnemende boere se finansiële syfers as 'n groepsgemiddeld teenoor die optimale finansiële struktuur ontleed. Omdat daar 'n redelike omvang van variasie binne die groepsgemiddeld kan voorkom, is die onderlinge gemiddeld van die beste en swakste derde groep boere ook aan die optimale finansiële struktuur gemeet. Die finansiële inligting van die groepsgemiddeld, asook die beste en swakste derde, vir die produksiejaar vanaf 1 September 1996 tot 31 Augustus 1997 is in bylaag 2 vervat.

4.3. NORM VIR BESTE EN SWAKSTE DERDE

Solvabiliteit meet die finansiële posisie van 'n onderneming aan die hand van netto waarde, totale laste en totale bates. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is die netto waarde/lasteverhouding (S_{nw}) as solvabiliteitsmaatstaf gebruik om die deelnemende boere in die beste en swakste derde te sorteer.

Tabel 4.1 bevat gegewens oor die solvabiliteit van die verskillende groepe waarin die deelnemende boere vir die doeleindes van hierdie hoofstuk gesorteer is aan die hand van inligting wat in bylaag 2 vervat is:

TABEL 4.1: SOLVABILITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD, BESTE EN SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

SOLVABILITEIT	GROEPSGEMIDDELD D	BESTE DERDE	SWAKSTE DERDE
Gemiddeld	60.8%	83.2%	35.7%
Laagste	6.2%	71.1%	6.2%
Hoogste	94.2%	94.2%	48.5%

Tabel 4.1 toon aan dat die solvabiliteit van die groepsgemiddeld 60,8% beloop teenoor die 83,2% van die beste derde en die 35,7% van die swakste derde. Die laagste solvabiliteit is 6,2% en die hoogste is 94,2%.

4.4. GROEPSGEMIDDELD

Die struktuurmodel kan gebruik word om te bepaal in watter mate die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat van hul optimale finansiële struktuur afwyk. Die gesamentlike gegewens van die deelnemende boere wat in bylaag 2 vervat is, is vir die struktuurmodel ingesamel en verwerk waarna daar verslag gedoen word oor die optimale en die werklike finansiële struktuur van hierdie boerderye.

4.4.1. INSAMEL VAN DATA

Die data wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat te bepaal, verskyn in tabel 4.2:

TABEL 4.2: INSAMEL VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

		Punt/10	Gewig
EVALUASIE	Karakter	5	1
	Kapasiteit	5	1
	Kapitaal	5	1
	Kondisies	5	1
	Kredietwaarde	5	1
↓			
FISIES	GROND	Rand/ha	Hektaar
	TOTALE HEKTARE		1938.00
	Lande onder wintergewasse (Droog)	2000.00	412.00
	Lande onder somergewasse (Droog)	2000.00	251.00
	Lande onder groentegewasse (Droog)	2000.00	15.00
	Lande onder wintergewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	Lande onder somergewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	Lande onder groentegewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	VEE	Rand/dier	Getal
	Melkkoeie & gedekte verse	4000.00	57.00
	Vleisbeeskoeie & gedekte verse	2500.00	213.00
	Skaapooie & vervangingsooie	400.00	480.00
	↓		
RENTEKOERSE	UITLEENKOERSE	%	
	Bedryfslaste	20.25	
	Middeltermynlaste	20.25	
	Langtermynlaste	17.00	
	RENTABILITEIT		
	Beleggingskoers	14.50	
	Risikokoers	3.00	
	Kapitalisasiekoers	17.50	
	GEHUURDE BATES EN BELEGGINGS		
	Opbrengskoers van gehuurde bates	14.50	
	Opbrengskoers van beleggings	14.50	
↓			
FINANSIEEL	Bedryfsbates	492157	
	<i>Bankrekening & BTW</i>	79518	
	<i>Oeste op hande</i>	0	
	<i>Handelsdebiteure</i>	247921	
	<i>Bemarkbare vee & voorraad</i>	164718	
	Middeltermynbates	2727474	
	<i>Aanteelvee</i>	676129	
	<i>Los bates</i>	1484130	
	<i>Debiteure</i>	198340	
	<i>Beleggings buite die boerdery</i>	368875	
	Vastebates	1422858	
	Totale bates	4642490	
	Gehuurde bates	845094	
	Totale kapitaalaanwending	5487583	
	Totale paaiemente van termynlenings	353810	
	Trekkings	116243	

Tabel 4.2 toon die data aan wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat te bepaal. Die data behels ñ bestuursevaluasie, fisiese data, rentekoerse en die finansiële data van hierdie boere se groepsgemiddeld.

4.4.1.1. BESTUURSEVALUASIE

Die bestuursevaluasie bepaal die risiko wat aan die koste van geleende kapitaal gekoppel moet word omdat boere se vermoë om hierdie kapitaal te bestuur kan verskil. In die geval van die groepsgemiddeld is ñ evaluasiepunt van 5 uit 10 vir die doeleindes van hierdie studie aan elke kriterium gekoppel.

4.4.1.2. FISIESE DATA

Die fisiese data word in die struktuurmodel gebruik om die bruto produksiewaarde van ñ boerdery te bepaal. Die waardes van die groepsgemiddeld is bereken deur die deelnemende boere se waardes bymekaar te tel en deur die aantal deelnemers te deel. Die resultaat daarvan verskyn in bylaag 2.

4.4.1.3. RENTEKOERSE

Die uitleen- en opbrengskoerse word in die struktuurmodel gebruik om die terugbetaalvermoë en rentabiliteit van ñ boerdery te bepaal. Die uitleenkoerse wat vir die doeleindes van die groepsgemiddeld gebruik is, is die koerse wat op 31 Augustus 1997 gegeld het. Die prima uitleenkoers was toe 20,25% en die Landbank verbandleningskoers 17%.¹ Die penalisasiekoers wat aan die hand van die bestuursevaluasie bereken is, kom op 2,5% te staan.

Die vaste depositokoers vir beleggings van 12 maande van die vernaamste handelsbanke was op 31 Augustus 1997 14,5% (Anon., 1997:9). Hierdie koers is as beleggingskoers gebruik om die optimale finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat te bepaal. Die risikokoers is op 3% vasgestel.²

¹ *Telefoniese bevestiging van uitleenkoerse by Standard Bank en Landbank, Bethlehem, 1997.*

² *Risikokoers wat deur Computus Bestuursburo vir boere in die Oos-Vrystaat gebruik word, 1997.*

4.4.1.4. FINANSIËLE DATA

Die finansiële data word in die struktuurmodel gebruik om die balansstaat van ñ boerdery saam te stel. Die waardes van die groepsgemiddeld is bereken deur die deelnemende boere se waardes bymekaar te tel en deur die aantal deelnemers te deel. Die resultaat daarvan verskyn in bylaag 2.

4.4.2. VERWERKING VAN DATA

Die struktuurmodel gebruik die ingesamelde data om ñ boerdery se optimale finansiële struktuur te bepaal. Soos in hoofstuk 3, paragraaf 3.4.4, verduidelik, is die boerdery se bestaande batestruktuur as ñ vaste punt gebruik vanwaar die lastestruktuur en die inkomstestaat opgestel kan word. Die onderlinge samestelling van bates is eers gebruik om die optimale samestelling van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se groepsgemiddelde laste te bepaal waarna die terugbetaalvermoë van die fisiese produksie-eenhede gebruik is om die optimale waarde van elke lastegroep te bereken. Nadat die optimale balansstaat van die groepsgemiddeld voltooi is, is die inkomstestaat deur middel van verdere verwerkings saamgestel.

Die resultate van die verwerkings wat deur die struktuurmodel gedoen is om die optimale finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat te bepaal, verskyn in tabel 4.3:

TABEL 4.3: VERWERKING VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

BATE/OMSET	GROND	Berekening	Konstante	
	Wintergewasse (Droëland)	1435600.00		
	Somergewasse (Droëland)	824000.00	100	
	Groentegewasse (Droëland)	401600.00	80	
	Wintergewasse (Besproeiing)	210000.00	700	
	Somergewasse (Besproeiing)	0.00	300	
	Groentegewasse (Besproeiing)	0.00	200	
		0.00	1500	
	VEE	761850.00		
	Melkkoeie	342000.00	150	
	Vleisbeeskoeie	266250.00	50	
Skaapoeie	153600.00	80		
	TOTALE BATE/OMSET	2197450.00		
⇩				
VERMOë	TERUGBETAALVERMOë	775032.27		
	NETTO BOERDERY-INKOMSTE	960327.03		
	TREKKINGS	116243.00		
	HUUR	122538.63		
	INKOMSTE UIT BELEGGINGS	53486.88		
⇩				
LASTE	TOTALE LASTE	100.00		
	BEDRYFSLASTE	10.60		
	MIDDELTERMYNLASTE	58.75		
	LANGTERMYNLASTE	30.65		
⇩				
KOERSE	PENALISASIEKOERS	2.50		
	BEDRYFSLASTE	22.75		
	MIDDELTERMYNLASTE	22.75		
	LANGTERMYNLASTE	17.00		
⇩				
PMT	BEDRYFSLASTE	13.01	256595.58	1
	MIDDELTERMYNLASTE	20.85	411050.26	5
	LANGTERMYNLASTE	5.45	107386.43	20
	VERDELING VAN VERMOë	39.30	775032.27	
⇩				
LASTE	BEDRYFSLASTE	209039.17		
	MIDDELTERMYNLASTE	1158469.54		
	LANGTERMYNLASTE	604345.87		
	TOTALE LASTE	1971854.58		
	NETTO WAARDE	2670635.42		
⇩				
RENTE	BEDRYFSLASTE	47556.41		
	MIDDELTERMYNLASTE	263551.82		
	LANGTERMYNLASTE	102738.80		
⇩				
INKOM	BOERDERYWINS	423941.37		
	GROEI IN NETTO WAARDE	361185.24		
	BOERDERY-UITGAWES	1237122.98		

Tabel 4.3 toon die verwerkings van die data aan wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat te bepaal.

4.4.3. VERSLAGDOENING

Die optimale finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat word in die vorm van 'n balans- en inkomstestaat weergegee. Die werklike finansiële struktuur van hierdie boere word daarnaas vertoon om vas te stel of daar afwykings teenoor die optimale struktuur bestaan. Die vernaamste verhoudings is ook bereken om 'n verdere aanduiding van afwykings of ooreenstemmings tussen die werklike en optimale finansiële strukture te kry.

4.4.3.1. BALANSSTAAT

Die werklike en die optimale balansstaat van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in tabel 4.4:

TABEL 4.4: WERKLIKE EN OPTIMALE BALANSSTAAT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

		Werklik	Optimaal
		Rand	Rand
LASTE	BEDRYFSLASTE	976034	209039
	MIDDELTERMYNLASTE	524383	1158470
	LANGTERMYNLASTE	320129	604346
	TOTALE LASTE	1820547	1971855
	NETTO WAARDE	2821943	2670635
	KAPITAAL AANGEWEND	4642490	4642490
BATES	BEDRYFSBATES	492157	492157
	<i>Bankrekening & BTW</i>	79518	79518
	<i>Oeste op hande</i>	0	0
	<i>Handelsdebiteure</i>	247921	247921
	<i>Bemarkbare vee & voorraad</i>	164718	164718
	MIDDELTERMYNBATES	2727474	2727474
	<i>Aanteelvee</i>	676129	676129
	<i>Los bates</i>	1484130	1484130
	<i>Debiteure</i>	198340	198340
	<i>Beleggings buite die boerdery</i>	368875	368875
	VASTE BATES	1422858	1422858
	TOTALE BATES	4642490	4642490
	GEHUURDE BATES	845094	845094
	TOTALE KAPITAALAANWENDING	5487583	5487583

Tabel 4.4 toon aan dat die werklike batestruktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat presies ooreenstem met die optimale batestruktuur. Die rede hiervoor is dat die struktuurmodel die werklike batestruktuur as gegewe uitgangspunt gebruik om die res van die finansiële struktuur mee te bepaal.

Met betrekking tot die lastestruktuur toon tabel 4.4 aan dat die werklike netto waarde R2 821 943,00 beloop teenoor die R2 670 635,00 wat deur die struktuurmodel as optimaal bereken is. Bedryfslaste beloop R976 034,00 teenoor die optimale waarde van R209 039,00. Die werklike middel- en langtermynlaste beloop onderskeidelik R524 383,00 en R320 129,00 teenoor die optimale waardes van onderskeidelik R1 158 470,00 en R604 346,00 wat deur die struktuurmodel bepaal is.

4.4.3.2. INKOMSTESTAAT

Die werklike, asook die optimale inkomstestaat van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat, verskyn in tabel 4.5:

TABEL 4.5: WERKLIKE EN OPTIMALE INKOMSTESTAAT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

		<i>Werklik</i>	<i>Optimaal</i>
		<i>Rand</i>	<i>Rand</i>
INKOMSTESTAAT	Bruto produksiewaarde - Vee	624765	761850
	+ Bruto produksiewaarde - Gewasse	1499196	1435600
	= BRUTO PRODUKSIEWAARDE	2123961	2197450
	- Boerdery uitgawes	1574759	1237123
	= NETTO BOERDERY-INKOMSTE	549202	960327
	- Huur betaal	76901	122539
	- Rente betaal	235569	413847
	= BOERDERYWINS	236732	423941
	+ Inkomste uit buitebeleggings	70483	53487
	- Trekkings	116243	116243
	= GROEI IN NETTO WAARDE	190972	361185

Tabel 4.5 toon aan dat die werklike bruto produksiewaarde van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat R2 123 961,00 beloop teenoor die bedrag van R2 197 450,00 wat deur die struktuurmodel as optimaal beskou word. Die werklike netto boerdery-inkomste en die boerderywins beloop onderskeidelik R549 202,00 en R236 732,00 teenoor die optimale waardes van R960 327,00 en R423 941,00. Die werklike groei in netto waarde beloop R190 972,00 teenoor die optimale waarde van R361 185,00.

4.4.3.3. VERHOUDINGS

Die werklike en die optimale verhoudingsgetalle van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in tabel 4.6:

TABEL 4.6: WERKLIKE EN OPTIMALE VERHOUDINGSGETALLE VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

		<i>Werklik</i>	<i>Optimaal</i>
SOLVENT	BATE/LASTE	39.2%	42.5%
	NETTO WAARDE/LASTE	60.8%	57.5%
	HEFBOOM	83.8%	90.7%
LIKIED	BEDRYFSVERHOUDING	50.4%	235.4%
	BEDRYFSKAPITAAL	-R 483,877.40	R 283,117.83
	SKULDSTRUKTUUR	51.9%	100.0%
DOELMATIG	BATE/OMSET	38.7%	40.0%
	BEDRYFSWINS	25.9%	43.7%
	PRODUKSIEKOSTE	74.1%	56.3%
	RENTE	11.1%	18.8%
	BOERDERYWINS	11.1%	19.3%
RENTE	ONDERNEMINGSRENTABILITEIT	10.0%	17.5%
	RENTABILITEIT OP EIE KAPITAAL	8.4%	15.9%
VERMOë	SKULD- & BRUIKHUURDEKKING	120.6%	100.0%
	KAPITAALVERVANG & SKULDDEK	R 190,972.00	R 361,185.24

Tabel 4.6 toon die werklike verhoudingsgetalle van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat aan teenoor die optimale verhoudingsgetalle wat deur die struktuurmodel bepaal is.

Solvabiliteit

Tabel 4.6 toon aan dat die werklike bate/laste-verhouding 39,2% beloop teenoor die optimale verhouding van 42,5%. Die werklike netto waarde/lasteverhouding beloop

60,8% teenoor die optimale verhouding van 57,5%. Die optimale hefboomverhouding (rentabiliteit van eie kapitaal ÷ rentabiliteit van die onderneming) is 90,7% teenoor die werklike verhouding van 83,8%.

Gemeet aan die optimale struktuur is die solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se groeps-gemiddeld bykans dieselfde as die werklike solvabiliteit. Wat egter van belang is, is dat die onderlinge samestelling van die werklike lastestruktuur met dié van die optimale struktuur verskil. Volgens die optimale balansstaat is die werklike bedryfslaste van R976 034,00 (53,6%) aansienlik hoër as die optimale bedryfslaste van R209 039,00 (10,6%). Die rede hiervoor kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat landboukoöperasies tevrede is as 'n boer se skuld iewers gedurende 'n periode van twaalf maande ten minste net gelyk aan sy ledebelaan kom en nie noodwendig totaal afgelos word nie. Daarmee saam vereis handelsbanke veilige sekuriteit soos gesedeerde polisse en dekkingsverbande op oortrokke rekeninge en solank die boer binne hierdie sekuriteitsperke bly, is daar oënskynlik nie 'n probleem met die afbring van die saldo na nul toe nie.

Hierdie verkeerde aanwending van bedryfslaste verhoog eerstens die boer se riskantheid en tweedens die koste van finansiering. In die praktyk is rentekoerse op oortrokke bankrekeninge en produksiekrediet by landboukoöperasies hoër as dié van middel- en langtermynlaste.

Likiditeit

Tabel 4.6 toon aan dat die werklike bedryfsverhouding 50,4% beloop teenoor die optimale verhouding van 235,4%. Die werklike bedryfskapitaal beloop 'n negatiewe waarde van R483 877,43 teenoor die positiewe optimale waarde van R283 117,83. Die optimale skuldstruktuurindeks is 100% en die werklike indeks is 51,9%.

Die feit dat die werklike likiditeit heelwat swakker is as wat as optimaal beskou kan word kan weer eens toegeskryf word aan die verwronge onderlinge samestelling van die lastestruktuur. Dit toon duidelik dat bates nie volgens hul lewensduur gefinansier word nie en dat aankope van trekkers of bakkies en selfs grond gevolglik deur middel van oortrokke bankrekenings gedoen word. Die aanname by die verkryging van hierdie finansiering is skynbaar dat die boerdery genoegsame inkomste sal genereer om middel- en langtermyn bates in een jaar te finansier maar die optimale struktuur wys duidelik dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat nie voldoende likiditeit daarvoor genereer nie.

Doelmatigheid

Die werklike bate/omsetverhouding beloop 38,7% volgens tabel 4.6 teenoor die optimale verhouding van 40%. Die werklike bedryfswinsverhouding (netto boerdery-inkomste ÷ bruto produksiewaarde) beloop 25,9% en die produksiekosteverhouding 74,1% teenoor die optimale verhoudings van onderskeidelik 43,7%

en 56,3%. Die werklike rente- en boerderywinsverhouding beloop beide 11,1% teenoor die optimale verhoudings van 18,8% en 19,3%.

Die optimale struktuur toon duidelik aan dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat nie in staat is om π hoë bate/omset te kan genereer nie en dat π hoë netto boerdery-inkomste dus deur π optimale bedryfswinsverhouding bepaal word. Dit is egter nie die geval met die werklike bedryfswinsverhouding nie en moet daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die uitgawes wat aangegaan is nie doelmatig is in die realisering van inkomste nie. In die geval van die groepsgemiddeld is daar bykans 75 sent se uitgawes aangegaan om R1,00 se inkomste te genereer. Hierdie boere se oesverwagtinge is waarskynlik te hoog wat beteken dat die uitgawes vir π groter inkomste aangegaan word as wat die boerderye kan realiseer.

Rentabiliteit

Die werklike rentabiliteit van die onderneming en van eie kapitaal beloop volgens tabel 4.6 onderskeidelik 10% en 8,4% teenoor die optimale verhoudings van 17,5% en 15,9%.

Gemeet aan die optimale rentabiliteit wat behaal behoort te word, is beide die rentabiliteit van die onderneming en dié van eie kapitaal van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat nie bevredigend nie. Die rentabiliteit is laer as die beleggingskoers by π handelsbank maar daar moet in gedagte gehou word dat die appresiasie van boerderybates nie in aanmerking geneem is nie. Die voortdurende styging van grond- en veewaardes bied vir boerderye π verskansing teen inflasie wat nie die geval is met beleggings by π handelsbank nie. Inaggenome hierdie feit, wil dit steeds voorkom of boere, uit π beleggingsoogpunt, nie regmatig vir hul blootstelling aan hoë risiko's vergoed is nie.

Die lae rentabiliteit spruit voort uit die lae bedryfswinsverhouding. Indien die boerdery-uitgawes meer doelmatig aangewend kan word, sal die rentabiliteit ook verhoog.

Terugbetaalvermoë

Tabel 4.6 toon aan dat die werklike skuld- en bruikhuurdekking 120,6% beloop teenoor die optimale verhouding van 100%. Die werklike kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge beloop R190 972,00 teenoor die marge van R361 185,24 wat as optimaal beskou word.


Die terugbetaalvermoë van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat is voldoende om die rente- en kapitaalgedeelte van middel- en langtermynlaste te kan betaal. Hoewel die terugbetaalvermoë onder druk is, is daar tog ruimte by die groepsgemiddeld om π groter paaierement as wat nodig is, te kan betaal. Hierdie aspek hou verband met die solvabiliteit van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat

en beteken dat ñ gedeelte van die oormatig hoë bedryfslaste na middel- of langtermynlaste oorgeplaas kan word sonder om druk op hierdie boerderye se kontantvloei te plaas.

4.4.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR

Die werklike en die optimale kumulatiewe finansiële struktuur van die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 4.1:

FIGUUR 4.1: WERKLIKE EN OPTIMALE KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Figuur 4.1 wys dat die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se werklike en optimale kumulatiewe finansiële strukture ñ noue ooreenstemming toon. Die optimale struktuur toon wel dat hierdie boerderye teen ñ laer netto waarde steeds lewensvatbaar sal wees maar dat ñ beter netto boerdery-inkomste gerealiseer behoort te word. Hoewel die kumulatiewe struktuur op bykans dieselfde punt eindig, het die optimale struktuur vanaf ñ laer basis begin.

Die vergelyking van die werklike kumulatiewe struktuur met die optimale kumulatiewe struktuur toon dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat in staat is om hul verpligtinge ten opsigte van laste te kan nakom. Die finansiële oorlewingsvermoë van hierdie boerdery kan dus verbeter word deur die boerdery-uitgawes meer doelmatig aan te wend en om die geleende kapitaal oor ñ toepaslike termyn af te betaal.

4.5. BESTE DERDE

Die struktuurmodel kan gebruik word om te bepaal in watter mate die beste derde van die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se finansiële resultate van hul optimale finansiële struktuur afwyk. Die gesamentlike gegewens van die beste derde deelnemende boere wat in bylaag 2 vervat is, is vir die struktuurmodel ingesamel en verwerk waarna daar verslag gedoen word oor die optimale en die werklike finansiële struktuur van hierdie boerderye.

4.5.1. INSAMEL VAN DATA

Die data wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere te bepaal, verskyn in tabel 4.7:

TABEL 4.7: INSAMEL VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

EVALUASIE	Karakter	Punt/10	Gewig
	Kapasiteit	8	1
	Kapitaal	8	1
	Kondisies	8	1
	Kredietwaarde	8	1
⇩			
FISIES	GROND	Rand/ha	Hektaar
	TOTALE HEKTARE		2548.00
	Lande onder wintergewasse (Droog)	2000.00	319.00
	Lande onder somergewasse (Droog)	2000.00	209.00
	Lande onder groentegewasse (Droog)	2000.00	9.00
	Lande onder wintergewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	Lande onder somergewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	Lande onder groentegewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	VEE	Rand/dier	Getal
	Melkkoeie & gedekte verse	4000.00	57.00
	Vleisbeeskoeie & gedekte verse	2500.00	391.00
	Skaapooie & vervangingsooie	400.00	666.00
	⇩		
RENTEKOERSE	UITLEENKOERSE	%	
	Bedryfslaste	20.25	
	Middeltermynlaste	20.25	
	Langtermynlaste	17.00	
	RENTABILITEIT		
	Beleggingskoers	14.50	
	Risikokoers	3.00	
	Kapitalisasiekoers	17.50	
	GEHUURDE BATES EN BELEGGINGS		
	Opbrengskoers van gehuurde bates	14.50	
	Opbrengskoers van beleggings	14.50	
⇩			
FINANSIEEL	Bedryfsbates	Rand	
	Bankrekening & BTW	677004	
	Oeste op hande	158256	
	Handelsdebiteure	0	
	Bemarkbare vee & voorraad	232021	
	Middeltermynbates	286726	
	Aanteelvee	3064810	
	Los bates	1199726	
	Debiteure	1346898	
	Beleggings buite die boerdery	148064	
	Vastebates	370122	
	Totale bates	1689910	
	Gehuurde bates	5431724	
	Totale kapitaalaanwending	869327	
	Totale paaiemente van termynlenings	6301051	
	Trekkings	136268	
	113896		

Tabel 4.7 toon die data aan wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere te bepaal. Die data behels ñ bestuursevaluasie, fisiese data, rentekoerse en die finansiële data van hierdie boere.

4.5.1.1. BESTUURSEVALUASIE

Soos in die geval van die groepsgemiddeld, bepaal die bestuursevaluasie die risiko wat aan die koste van geleende kapitaal gekoppel moet word omdat boere se vermoë om hierdie kapitaal te bestuur kan verskil. In die geval van die beste derde hou die bestuursvermoë ñ kleiner risiko in en is ñ evaluasiepunt van 8 uit 10 vir die doeleindes van hierdie studie aan elke kriterium gekoppel.

4.5.1.2. FISIESE DATA

Die fisiese data is in die struktuurmodel gebruik om die bruto produksiewaarde van die beste derde deelnemende boere te bepaal. Die waardes van die beste derde is bereken deur die 21 deelnemende boere met die hoogste solvabiliteit se waardes bymekaar te tel en deur die aantal deelnemers te deel. Die resultaat daarvan verskyn in bylaag 2.

4.5.1.3. RENTEKOERSE

Die uitleen- en opbrengskoerse is in die struktuurmodel gebruik om die terugbetaalvermoë en rentabiliteit van die beste derde deelnemende boere te bepaal. Soos in die geval van die groepsgemiddeld, is die uitleenkoerse wat vir die doeleindes van die beste derde deelnemende boere gebruik is, die koerse wat op 31 Augustus 1997 gegeld het. Die penalisasiekoerse wat aan die hand van die bestuursevaluasie bereken is, kom op 1% te staan.

Die vaste depositokoerse vir beleggings van 12 maande, naamlik 14,5%, is soos in die geval van die groepsgemiddeld, ook as beleggingskoerse gebruik om die optimale finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere te bepaal. Die risikokoerse is op 3% vasgestel.

4.5.1.4. FINANSIËLE DATA

Die finansiële data is in die struktuurmodel gebruik om die balansstaat van die beste derde deelnemende boere saam te stel. Die waardes van die beste derde is bereken deur die 21 deelnemende boere met die hoogste solvabiliteit se waardes bymekaar te tel en deur die aantal deelnemers te deel. Die resultaat daarvan verskyn in bylaag 2.

4.5.2. VERWERKING VAN DATA

Die beste derde deelnemende boere se bestaande batestruktuur is as 'n vaste punt gebruik vanwaar die lastestruktuur en die inkomstestaat opgestel is. Die onderlinge samestelling van bates is eers gebruik om die optimale samestelling van die beste derde deelnemende boere se laste te bepaal waarna die terugbetaalvermoë van die fisiese produksie-eenhede gebruik is om die optimale waarde van elke lastegroep te bereken. Nadat die optimale balansstaat van die beste derde deelnemende boere voltooi is, is die inkomstestaat deur middel van verdere verwerkings saamgestel.

Die resultate van die verwerkings wat in die struktuurmodel gedoen is om die optimale finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere te bepaal, verskyn in tabel 4.8:

TABEL 4.8: VERWERKING VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

BATE/OMSET	GROND	Berekening	Konstante	
	Wintergewasse (Droëland)	1098400.00		
	Somergewasse (Droëland)	638000.00	100	
	Groentegewasse (Droëland)	334400.00	80	
	Wintergewasse (Besproeiing)	126000.00	700	
	Somergewasse (Besproeiing)	0.00	300	
	Groentegewasse (Besproeiing)	0.00	200	
		0.00	1500	
	VEE	1043870.00		
	Melkkoeie	342000.00	150	
	Vleisbeeskoeie	488750.00	50	
	Skaapoeie	213120.00	80	
	TOTALE BATE/OMSET	2142270.00		
	⇩			
VERMOë	TERUGBETAALVERMOë	916403.17		
	NETTO BOERDERY-INKOMSTE	1102683.89		
	TREKKINGS	113896.00		
	HUUR	126052.42		
	INKOMSTE UIT BELEGGINGS	53667.69		
	⇩			
LASTE	TOTALE LASTE	100.00		
	BEDRYFSLASTE	12.46		
	MIDDELTERMYNLASTE	56.42		
	LANGTERMYNLASTE	31.11		
	⇩			
KOERSE	PENALISASIEKOERS	1.00		
	BEDRYFSLASTE	21.25		
	MIDDELTERMYNLASTE	21.25		
	LANGTERMYNLASTE	17.00		
	⇩			
PMT	BEDRYFSLASTE	15.11	345974.56	1
	MIDDELTERMYNLASTE	19.39	443867.93	5
	LANGTERMYNLASTE	5.53	126560.67	20
	VERDELING VAN VERMOë	40.03	916403.17	
	⇩			
LASTE	BEDRYFSLASTE	285339.85		
	MIDDELTERMYNLASTE	1291739.30		
	LANGTERMYNLASTE	712253.99		
	TOTALE LASTE	2289333.13		
	NETTO WAARDE	3142390.67		
	⇩			
RENTE	BEDRYFSLASTE	60634.72		
	MIDDELTERMYNLASTE	274494.60		
	LANGTERMYNLASTE	121083.18		
	⇩			
INKOM	BOERDERYWINS	520418.98		
	GROEI IN NETTO WAARDE	460190.67		
	BOERDERY-UITGAWES	1039586.11		

Tabel 4.8 toon die verwerkings van die data aan wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere te bepaal.

4.5.3. VERSLAGDOENING

Die optimale finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere word in die vorm van 'n balans- en inkomstestaat weergegee. Die werklike finansiële struktuur van hierdie boere word daarnaas vertoon om vas te stel of daar afwykings teenoor die optimale struktuur bestaan. Die vernaamste verhoudings is ook bereken om 'n verdere aanduiding van afwykings of ooreenstemmings tussen die werklike en optimale finansiële strukture te kry.

4.5.3.1. BALANSSTAAT

Die werklike en die optimale balansstaat van die beste derde deelnemende boere verskyn in tabel 4.9:

TABEL 4.9: WERKLIKE EN OPTIMALE BALANSSTAAT VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		Werklik	Optimaal
		Rand	Rand
LASTE	BEDRYFSLASTE	477214	285340
	MIDDELTERMYNLASTE	181265	1291739
	LANGTERMYNLASTE	255055	712254
	TOTALE LASTE	913533	2289333
	NETTO WAARDE	4518190	3142391
	KAPITAAL AANGEWEND	5431724	5431724
BATES	BEDRYFSBATES	677004	677004
	<i>Bankrekening & BTW</i>	158256	158256
	<i>Oeste op hande</i>	0	0
	<i>Handelsdebiteure</i>	232021	232021
	<i>Bemerkbare vee & voorraad</i>	286726	286726
	MIDDELTERMYNBATES	3064810	3064810
	<i>Aanteelvee</i>	1199726	1199726
	<i>Los bates</i>	1346898	1346898
	<i>Debiteure</i>	148064	148064
	<i>Beleggings buite die boerdery</i>	370122	370122
	VASTE BATES	1689910	1689910
	TOTALE BATES	5431724	5431724
	GEHUURDE BATES	869327	869327
	TOTALE KAPITAALAANWENDING	6301051	6301051

Tabel 4.9 toon aan dat die werklike batestruktuur van die beste derde deelnemende boere presies met die optimale batestruktuur ooreenstem. Die rede hiervoor is dat die struktuurmodel die werklike batestruktuur as gegewe uitgangspunt gebruik om die res van die finansiële struktuur te bepaal.

Met betrekking tot die lastestruktuur toon tabel 4.9 aan dat die werklike netto waarde R4 518 190,00 beloop teenoor die R3 142 391,00 wat deur die struktuurmodel as optimaal bereken is. Bedryfslaste beloop R477 214,00 teenoor die waarde van R285 340,00 wat as optimaal beskou word. Die werklike middel- en langtermynlaste beloop onderskeidelik R181 265,00 en R255 055,00 teenoor die optimale waardes van R1 291 739,00 en R712 254,00 wat deur die struktuurmodel bepaal is.

4.5.3.2. INKOMSTESTAAT

Die werklike, asook die optimale inkomstestaat van die beste derde deelnemende boere, verskyn in tabel 4.10:

TABEL 4.10: WERKLIKE EN OPTIMALE INKOMSTESTAAT VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		Werklik	Optimaal
		Rand	Rand
INKOMSTESTAAT	Bruto produksiewaarde - Vee	869046	1043870
	+ Bruto produksiewaarde - Gewasse	1209357	1098400
	= BRUTO PRODUKSIEWAARDE	2078403	2142270
	- Boerdery uitgawes	1401349	1039586
	= NETTO BOERDERY-INKOMSTE	677054	1102684
	- Huur betaal	69178	126052
	- Rente betaal	115017	456212
	= BOERDERYWINS	492859	520419
	+ Inkomste uit buitebeleggings	58528	53668
	- Trekkings	113896	113896
	= GROEI IN NETTO WAARDE	437491	460191

Tabel 4.10 toon aan dat die werklike bruto produksiewaarde van die beste derde deelnemende boere R2 078 403,00 beloop teenoor die R2 142 270,00 wat deur die struktuurmodel as optimaal beskou word. Die werklike netto boerdery-inkomste en die boerderywins beloop onderskeidelik R677 054,00 en R492 859,00 teenoor die optimale waardes van R1 102 684,00 en R520 419,00. Die werklike groei in netto waarde beloop R437 491,00 teenoor die optimale waarde van R460 191,00.

4.5.3.3. VERHOUDINGS

Die werklike en die optimale verhoudingsgetalle van die beste derde deelnemende boere verskyn in tabel 4.11:

TABEL 4.11: WERKLIKE EN OPTIMALE VERHOUDINGSGETALLE VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		<i>Werklik</i>	<i>Optimaal</i>
SOLVENT	BATE/LASTE	16.8%	42.1%
	NETTO WAARDE/LASTE	83.2%	57.9%
	HEFBOOM	101.5%	94.6%
LIKIED	BEDRYFSVERHOUDING	141.9%	237.3%
	BEDRYFSKAPITAAL	R 199,789.90	R 391,663.95
	SKULDSTRUKTUUR	54.6%	100.0%
DOELMATIG	BATE/OMSET	33.0%	34.0%
	BEDRYFSWINS	32.6%	51.5%
	PRODUKSIEKOSTE	67.4%	48.5%
	RENTE	5.5%	21.3%
	BOERDERYWINS	23.7%	24.3%
RENTE	ONDERNEMINGSRENTABILITEIT	10.7%	17.5%
	RENTABILITEIT OP EIE KAPITAAL	10.9%	16.6%
VERMOë	SKULD- & BRUIKHUURDEKKING	405.5%	100.0%
	KAPITAALVERVANG & SKULDDEK	R 437,491.00	R 460,190.67

Tabel 4.11 toon die werklike verhoudingsgetalle van die beste derde deelnemende boere aan teenoor die optimale verhoudingsgetalle wat deur die struktuurmodel bepaal is.

Solvabiliteit

Tabel 4.11 toon aan dat die werklike bate/lasteverhouding 16,8% beloop teenoor die optimale verhouding van 42,1%. Die werklike netto waarde/lasteverhouding beloop

83,2% teenoor die optimale verhouding van 57,9%. Die optimale hefboomverhouding (rentabiliteit van eie kapitaal ÷ rentabiliteit van die onderneming) is 94,6% teenoor die werklike verhouding van 101,5%.

Die solvabiliteit van die beste derde toon dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat wel lewensvatbaar kan wees indien hul hulpbronne reg bestuur word. Hierdie boere is in staat om hul boerderye sonder oormatig hoë geleende kapitaal te bedryf en steeds 'n bevredigende hefboomverhouding te handhaaf.

Likiditeit

Tabel 4.11 toon aan dat die werklike bedryfsverhouding 141,9% beloop teenoor die optimale verhouding van 237,3%. Die werklike bedryfskapitaal beloop die bedrag van R199 789,90 teenoor die optimale waarde van R391 663,95. Die optimale skuldstruktuurindeks is 100% en die werklike indeks is 54,6%.

Selfs in die geval van die beste derde is die bedryfslaste ook te hoog en word daar sodoende druk op die likiditeit geplaas. Al het hierdie boerderye 'n lae vlak van geleende kapitaal word dit steeds oor 'n te kort termyn terugbetaal.

Doelmatigheid

Die werklike bate/omsetverhouding beloop 33% volgens tabel 4.11 teenoor die optimale verhouding van 34%. Die werklike bedryfswinsverhouding (netto boerdery-inkomste ÷ bruto produksiewaarde) beloop 32,6% en die produksiekosteverhouding 67,4% teenoor die optimale verhoudings van onderskeidelik 51,5% en 48,5%. Die werklike rente- en boerderywinsverhouding beloop 5,5% en 23,7% teenoor die optimale verhoudings van 21,3% en 24,3%.

Soos in die geval van die groepsgemiddeld, handhaaf die beste derde 'n bevredigende bate/omset maar die boerdery-uitgawes is te hoog. Hierdie boerderye behoort 'n hoër netto boerdery-inkomste te realiseer as wat die werklike syfer te kenne gee. Omdat die beste derde weer aansienlik minder rente betaal as wat die optimale struktuur toelaat, is die werklike boerderywins nader aan die optimale syfer as wat die geval met die netto boerdery-inkomste is.

Rentabiliteit

Die werklike rentabiliteit van die onderneming en van eie kapitaal beloop volgens tabel 4.11 onderskeidelik 10,7% en 10,9% teenoor die optimale verhoudings van 17,5% en 16,6%.

Hoewel die beste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit toon dat daar wel 'n bevredigende rentabiliteit gehandhaaf word, toon die optimale struktuur aan dat die rentabiliteit hoër behoort te wees. In die geval van die beste

derde geld die argument waarskynlik in 'n groter mate dat daar ook kapitaalgroei is wat nie in die rentabiliteit weerspieël word nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die beste derde bykans geen uitstaande skuld op hul vaste bates het nie, mits daar nie van hierdie items is wat verkeerdelik deur middel van bedryfslaste gefinansier is nie.

Terugbetaalvermoë

Tabel 4.11 toon aan dat die werklike skuld- en bruikhuurdekking 405,5% beloop teenoor die optimale verhouding van 100%. Die werklike kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge beloop R437 491,00 teenoor die marge van R460 190,67 wat as optimaal beskou word.


In die geval van die beste derde is daar voldoende ruimte om groter paaie te kan betaal. Daar is dus kapasiteit om 'n gedeelte van die oormatige bedryfslaste na middel- of langtermynlaste oor te plaas en dit sodoende deur middel van 'n paaie, wat rente en kapitaal insluit, af te betaal.

Omdat die beste derde van gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat nie al die skuld opneem wat die optimale lastestruktuur toelaat nie, is daar 'n aansienlike reserwe in die vorm van terugbetaalvermoë. Dit beklemtoon weer eens dat hierdie boerdery se finansiële oorlewingsvermoë nie onder druk is nie en dat daar geen riskantheid in hul finansiële strukture bestaan nie.

4.5.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR

Die werklike en die optimale kumulatiewe finansiële struktuur van die beste derde deelnemende boere verskyn in figuur 4.2:

FIGUUR 4.2: WERKLIKE EN OPTIMALE KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE BESTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997



Figuur 4.2 wys dat die beste derde deelnemende boere se werklike en optimale kumulatiewe finansiële strukture nie ñ noue ooreenstemming toon nie. Die optimale struktuur toon dat hierdie boerderye teen ñ laer netto waarde steeds lewensvatbaar sal wees. Hoewel die optimale struktuur aantoon dat ñ beter netto boerdery-inkomste gerealiseer behoort te word, is die werklike boerderywins bykans dieselfde. Wanneer die geleende kapitaal uit die kumulatiewe struktuur gehaal word, lyk dit asof die werklike kurwe swakker as die optimale kurwe vertoon maar wat van belang is, is dat die verskil tussen die begin- en eindpunte dieselfde toename toon. Hierdie boerderye sal waarskynlik nie ñ beter hefboomverhouding realiseer deur van meer geleende kapitaal gebruik te maak nie as wat hulle huidiglik met hul eie kapitaal handhaaf.

4.6. SWAKSTE DERDE

Die struktuurmodel kan gebruik word om te bepaal in watter mate die swakste derde van die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se finansiële resultate van hul optimale finansiële struktuur afwyk. Die gesamentlike gegewens van die swakste derde deelnemende boere wat in bylaag 2 vervat is, is vir die struktuurmodel ingesamel en verwerk waarna daar verslag gedoen word oor die optimale en die werklike finansiële struktuur van hierdie boerderye.

4.6.1. INSAMEL VAN DATA

Die data wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere te bepaal, verskyn in tabel 4.12:

TABEL 4.12: INSAMEL VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE SWAKSTE DERDE DEEL-NEMENDE BOERE, 1997

EVALUASIE	Karakter	Punt/10	Gewig
	Kapasiteit	3	1
	Kapitaal	3	1
	Kondisies	3	1
	Kredietwaarde	3	1
↓			
FISIES	GROND	Rand/ha	Hektaar
	TOTALE HEKTARE		1585.00
	Lande onder wintergewasse (Droog)	2000.00	481.00
	Lande onder somergewasse (Droog)	2000.00	281.00
	Lande onder groentegewasse (Droog)	2000.00	10.00
	Lande onder wintergewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	Lande onder somergewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	Lande onder groentegewasse (Besproei)	2000.00	0.00
	VEE	Rand/dier	Getal
	Melkkoeie & gedekte verse	4000.00	60.00
	Vleisbeeskoeie & gedekte verse	2500.00	102.00
	Skaapooie & vervangingsooie	400.00	264.00
↓			
RENTEKOERSE	UITLEENKOERSE	%	
	Bedryfslaste	20.25	
	Middeltermynlaste	20.25	
	Langtermynlaste	17.00	
	RENTABILITEIT		
	Beleggingskoers	14.50	
	Risikokoers	3.00	
	Kapitalisasiekoers	17.50	
	GEHUURDE BATES EN BELEGGINGS		
	Opbrengskoers van gehuurde bates	14.50	
Opbrengskoers van beleggings	14.50		
↓			
FINANSIEEL		Rand	
	Bedryfsbates	365945	
	Bankrekening & BTW	27738	
	Oeste op hande	0	
	Handelsdebiteure	276170	
	Bemarkbare vee & voorraad	62037	
	Middeltermynbates	2738706	
	Aanteelvee	368893	
	Los bates	1701894	
	Debiteure	276820	
	Beleggings buite die boerdery	391099	
	Vastebates	1619632	
	Totale bates	4724283	
	Gehuurde bates	810728	
	Totale kapitaalaanwending	5535011	
Totale paaielemente van termynlenings	456164		
Trekkings	125247		

Tabel 4.12 toon die data aan wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere te bepaal. Die data behels ñn bestuursevaluasie, fisiese data, rentekoerse en die finansiële data van hierdie boere.

4.6.1.1. BESTUURSEVALUASIE

Soos in die geval van die groepsgemiddeld, bepaal die bestuursevaluasie die risiko wat aan die koste van geleende kapitaal gekoppel moet word omdat boere se vermoë om hierdie kapitaal te bestuur kan verskil. In die geval van die swakste derde hou die bestuursvermoë ñn groter risiko in en is ñn evaluasiepunt van 3 uit 10 vir die doeleindes van hierdie studie aan elke kriterium gekoppel.

4.6.1.2. FISIESE DATA

Die fisiese data is in die struktuurmodel gebruik om die bruto produksiewaarde van die swakste derde deelnemende boere te bepaal. Die waardes van die swakste derde is bereken deur die 21 deelnemende boere met die laagste solvabiliteit se waardes bymekaar te tel en deur die aantal deelnemers te deel. Die resultaat daarvan verskyn in bylaag 2.

4.6.1.3. RENTEKOERSE

Die uitleen- en opbrengskoerse is deur die struktuurmodel gebruik om die terugbetaalvermoë en rentabiliteit van die swakste derde deelnemende boere te bepaal. Soos in die geval van die groepsgemiddeld, is die uitleenkoerse wat vir die doeleindes van die swakste derde deelnemende boere gebruik is, die koerse wat op 31 Augustus 1997 gegeld het. Die penalisasiekoers wat aan die hand van die bestuursevaluasie bereken is, kom op 3,5% te staan.

Die vaste depositokoers vir beleggings van 12 maande, naamlik 14,5%, is soos in die geval van die groepsgemiddeld, ook as beleggingskoers gebruik om die optimale finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere te bepaal. Die risikokoers is op 3% vasgestel.

4.6.1.4. FINANSIËLE DATA

Die finansiële data is in die struktuurmodel gebruik om die balansstaat van die swakste derde deelnemende boere saam te stel. Die waardes van die swakste derde is bereken deur die 21 deelnemende boere met die laagste solvabiliteit se waardes

bymekaar te tel en deur die aantal deelnemers te deel. Die resultaat daarvan verskyn in bylaag 2.

4.6.2. VERWERKING VAN DATA

Die swakste derde deelnemende boere se bestaande batestruktuur is as 'n vaste punt gebruik vanwaar die lastestruktuur en die inkomstestaat opgestel is. Die onderlinge samestelling van bates is eers gebruik om die optimale samestelling van die swakste derde deelnemende boere se laste te bepaal waarna die terugbetaalvermoë van die fisiese produksie-eenhede gebruik is om die optimale waarde van elke lastegroep te bereken. Nadat die optimale balansstaat van die swakste derde deelnemende boere voltooi is, is die inkomstestaat deur middel van verdere verwerkings saamgestel.

Die resultate van die verwerkings wat deur die struktuurmodel gedoen is om die optimale finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere te bepaal, verskyn in tabel 4.13:

TABEL 4.13: VERWERKING VAN DATA VIR DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		<i>Berekening</i>	<i>Konstante</i>	
BATE/OMSET	GROND	1551600.00		
	Wintergewasse (Droëland)	962000.00	100	
	Somergewasse (Droëland)	449600.00	80	
	Groentegewasse (Droëland)	140000.00	700	
	Wintergewasse (Besproeiing)	0.00	300	
	Somergewasse (Besproeiing)	0.00	200	
	Groentegewasse (Besproeiing)	0.00	1500	
	VEE	571980.00		
	Melkkoeie	360000.00	150	
	Vleisbeeskoeie	127500.00	50	
	Skaapoeie	84480.00	80	
	TOTALE BATE/OMSET	2123580.00		
		⇩		
VERMOë	TERUGBETAALVERMOë	782533.72		
	NETTO BOERDERY-INKOMSTE	968626.93		
	TREKKINGS	125247.00		
	HUUR	117555.56		
	INKOMSTE UIT BELEGGINGS	56709.36		
	⇩			
LASTE	TOTALE LASTE	100.00		
	BEDRYFSLASTE	7.75		
	MIDDELTERMYNLASTE	57.97		
	LANGTERMYNLASTE	34.28		
	⇩			
KOERSE	PENALISASIEKOERS	3.50		
	BEDRYFSLASTE	23.75		
	MIDDELTERMYNLASTE	23.75		
	LANGTERMYNLASTE	17.00		
	⇩			
PMT	BEDRYFSLASTE	9.59	204482.61	1
	MIDDELTERMYNLASTE	21.01	448101.32	5
	LANGTERMYNLASTE	6.09	129949.79	20
	VERDELING VAN VERMOë	36.68	782533.72	
	⇩			
LASTE	BEDRYFSLASTE	165238.47		
	MIDDELTERMYNLASTE	1236632.82		
	LANGTERMYNLASTE	731327.16		
	TOTALE LASTE	2133198.46		
	NETTO WAARDE	2591084.54		
	⇩			
RENTE	BEDRYFSLASTE	39244.14		
	MIDDELTERMYNLASTE	293700.29		
	LANGTERMYNLASTE	124325.62		
	⇩			
INKOM	BOERDERYWINS	393801.32		
	GROEI IN NETTO WAARDE	325263.67		
	BOERDERY-UITGAWES	1154953.08		

Tabel 4.13 toon die verwerkings van die data aan wat in die struktuurmodel gebruik is om die optimale finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere te bepaal.

4.6.3. VERSLAGDOENING

Die optimale finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere word in die vorm van 'n balans- en inkomstestaat weergegee. Die werklike finansiële struktuur van hierdie boere word daarnaas vertoon om vas te stel of daar afwykings teenoor die optimale struktuur bestaan. Die vernaamste verhoudings is ook bereken om 'n verdere aanduiding van afwykings of ooreenstemmings tussen die werklike en optimale finansiële strukture te kry.

4.6.3.1. BALANSSTAAT

Die werklike en die optimale balansstaat van die swakste derde deelnemende boere verskyn in tabel 4.14:

TABEL 4.14: WERKLIKE EN OPTIMALE BALANSSTAAT VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		Werklik	Optimaal
		Rand	Rand
LASTE	BEDRYFSLASTE	1696774	165238
	MIDDELTERMYNLASTE	866852	1236633
	LANGTERMYNLASTE	473693	731327
	TOTALE LASTE	3037320	2133198
	NETTO WAARDE	1686963	2591085
	KAPITAAL AANGEWEND	4724283	4724283
BATES	BEDRYFSBATES	365945	365945
	<i>Bankrekening & BTW</i>	27738	27738
	<i>Oeste op hande</i>	0	0
	<i>Handelsdebiteure</i>	276170	276170
	<i>Bemerkbare vee & voorraad</i>	62037	62037
	MIDDELTERMYNBATES	2738706	2738706
	<i>Aanteelvee</i>	368893	368893
	<i>Los bates</i>	1701894	1701894
	<i>Debiteure</i>	276820	276820
	<i>Beleggings buite die boerdery</i>	391099	391099
	VASTE BATES	1619632	1619632
	TOTALE BATES	4724283	4724283
	GEHUURDE BATES	810728	810728
	TOTALE KAPITAALAANWENDING	5535011	5535011

Tabel 4.14 toon aan dat die werklike batestruktuur van die swakste derde deelnemende boere presies met die optimale batestruktuur ooreen stem. Die rede hiervoor is dat die struktuurmodel die werklike batestruktuur as gegewe uitgangspunt gebruik om die res van die finansiële struktuur te bepaal.

Met betrekking tot die lastestruktuur toon tabel 4.14 aan dat die werklike netto waarde R1 686 963,00 beloop teenoor die R2 591 085,00 wat deur die struktuurmodel as optimaal bereken is. Bedryfslaste beloop R1 696 774,00 teenoor die waarde van R165 238,00 wat as optimaal beskou word. Die werklike middel- en langtermynlaste beloop onderskeidelik R866 852,00 en R473 693,00 teenoor die optimale waardes van R1 236 633,00 en R731 327,00 wat deur die struktuurmodel bepaal is.

4.6.3.2. INKOMSTESTAAT

Die werklike, asook die optimale inkomstestaat van die swakste derde deelnemende boere, verskyn in tabel 4.15:

TABEL 4.15: WERKLIKE EN OPTIMALE INKOMSTESTAAT VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		<i>Werklik</i>	<i>Optimaal</i>
		<i>Rand</i>	<i>Rand</i>
INKOMSTESTAAT	Bruto produksiewaarde - Vee	429392	571980
	+ Bruto produksiewaarde - Gewasse	1690656	1551600
	= BRUTO PRODUKSIEWAARDE	2120048	2123580
	- Boerdery uitgawes	1720359	1154953
	= NETTO BOERDERY-INKOMSTE	399689	968627
	- Huur betaal	103421	117556
	- Rente betaal	392177	457270
	= BOERDERYWINS	-95909	393801
	+ Inkomste uit buitebeleggings	125612	56709
	- Trekkings	125247	125247
	= GROEI IN NETTO WAARDE	-95544	325264

Tabel 4.15 toon aan dat die werklike bruto produksiewaarde van die swakste derde deelnemende boere R2 120 048,00 beloop teenoor die R2 123 580,00 wat deur die struktuurmodel as optimaal beskou word. Die werklike netto boerdery-inkomste en die boerderywins beloop onderskeidelik R399 689,00 en -R95 909,00 teenoor die optimale waardes van R968 627,00 en R393 801,00. Die werklike groei in netto waarde beloop óR95 544,00 teenoor die optimale waarde van R325 264,00.

4.6.3.3. VERHOUDINGS

Die werklike en die optimale verhoudingsgetalle van die swakste derde deelnemende boere verskyn in tabel 4.16:

TABEL 4.16: WERKLIKE EN OPTIMALE VERHOUDINGSGETALLE VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997

		<i>Werklik</i>	<i>Optimaal</i>
SOLVENT	BATE/LASTE	64.3%	45.2%
	NETTO WAARDE/LASTE	35.7%	54.8%
	HEFBOOM	-78.7%	86.8%
LIKIED	BEDRYFSVERHOUDING	21.6%	221.5%
	BEDRYFSKAPITAAL	-R 1,330,829	R 200,707
	SKULDSTRUKTUUR	47.8%	100.0%
DOELMATIG	BATE/OMSET	38.3%	38.4%
	BEDRYFSWINS	18.9%	45.6%
	PRODUKSIEKOSTE	81.1%	54.4%
	RENTE	18.5%	21.5%
	BOERDERYWINS	-4.5%	18.5%
RENTE	ONDERNEMINGSRENTABILITEIT	7.2%	17.5%
	RENTABILITEIT OP EIE KAPITAAL	-5.7%	15.2%
VERMOë	SKULD- & BRUIKHURDEKKING	63.8%	100.0%
	KAPITAALVERVANG & SKULDDEK	-R 95,544	R 325,264

Tabel 4.16 toon die werklike verhoudingsgetalle van die swakste derde deelnemende boere aan teenoor die optimale verhoudingsgetalle wat deur die struktuurmodel bepaal is.

Solvabiliteit

Tabel 4.16 toon aan dat die werklike bate/lasteverhouding 64,3% beloop teenoor die optimale verhouding van 45,2%. Die werklike netto waarde/lasteverhouding beloop

35,7% teenoor die optimale verhouding van 54,8%. Die optimale hefboomverhouding (rentabiliteit van eie kapitaal \div rentabiliteit van die onderneming) is 86,9% teenoor die werklike verhouding van 678,7%.

Die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se finansiële struktuur het reeds onder dié punt gedaal waar sulke boerderye nog as lewensvatbaar beskou kan word. Daar is ook oormatig van bedryfslaste gebruik gemaak ten koste van middel- en langtermynlaste.

Die swakste derde toon 'n negatiewe hefboomverhouding. Dit beteken dat hierdie boerderye se koste van geleende kapitaal meer is as die wins wat daaruit gerealiseer is. Hierdie aspek hou moontlik verband met die onderlinge samestelling van laste.

Die gevolgtrekking waartoe gekom kan word, is eerstens dat die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat 'n nie-lewensvatbare graad van solvensie handhaaf en dat die waarde van bedryfslaste te hoog is ten koste van middel- en langtermynlaste. Tweedens is die koste van geleende kapitaal ook nie winsgewend nie en benadeel dit die rentabiliteit van eie kapitaal.

Likiditeit

Tabel 4.16 toon aan dat die werklike bedryfsverhouding 21,6% beloop teenoor die optimale verhouding van 221,5%. Die werklike bedryfskapitaal beloop 'n negatiewe waarde van R1 330 829,00 teenoor die positiewe optimale waarde van R200 707,00. Die optimale skuldstruktuurindeks is 100% en die werklike indeks is 47,8%.

Die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se likiditeit is ook te laag. Hierdie aspek kan toegeskryf word aan die hoë vlak van bedryfslaste. Dit wil voorkom of kredietverskaffers aanhoudend meer bedryfslaste aan hierdie boerderye voorsien het in 'n poging om hul solvabiliteit te verbeter. Die optimale struktuur toon duidelik dat hierdie strategie net nog meer druk op die boerderye se finansiële vermoë geplaas het.

Doelmatigheid

Die werklike bate/omsetverhouding beloop 38,3% volgens tabel 4.16 teenoor die optimale verhouding van 38,4%. Die werklike bedryfswinsverhouding (netto boerdery-inkomste \div bruto produksiewaarde) beloop 18,9% en die produksiekosteverhouding 81,1% teenoor die optimale verhoudings van onderskeidelik 45,6% en 54,4%. Die werklike rente- en boerderywinsverhouding beloop 18,5% en 64,5% teenoor die optimale verhoudings van 21,5% en 18,5%.

Die lae solvabiliteit en likiditeit van die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat behoort geen invloed op die netto-boerdery-inkomste van hierdie boerderye te hê nie. Tog is die doelmatigheid waarmee hierdie boerderye se

boerdery-uitgawes aangewend word aansienlik swakker as dié van die groepsgemiddeld en die beste derde. Die afleiding kan dus gemaak word dat die solvabiliteit en likiditeit van die swakste derde so laag is omdat hierdie boere nie hul boerdery-uitgawes onder beheer het nie.

Rentabiliteit

Die werklike rentabiliteit van die onderneming en van eie kapitaal beloop volgens tabel 4.16 onderskeidelik 7,2% en 65,7% teenoor die optimale verhoudings van 17,5% en 15,2%.

Die hoë boerdery-uitgawes van die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat plaas druk op hierdie boerderye se kontantvloei en gevolglik moet daar tot 'n groter mate van geleende kapitaal gebruik gemaak word. Dit veroorsaak weer 'n groter rentelas vir hierdie boerderye wat tot lae vlakke van rentabiliteit lei.

Terugbetaalvermoë


Tabel 4.16 toon aan dat die werklike skuld- en bruikhuurdekking 63,8% beloop teenoor die optimale verhouding van 100%. Die werklike kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge beloop 'n negatiewe waarde van R95 544,00 teenoor die positiewe optimale marge van R325 264,00.

Die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat is nie meer in staat om al hul middel- en langtermynverpligtinge te kan nakom nie. Hierdie boerderye behoort as eerste uitweg 'n gedeelte van die bates te verkoop om met behulp van die opbrengs daarvan die lastestruktuur weer tot 'n bestuurbare vlak te herstruktureer. Indien hierdie opsie nie die gewenste uitwerking het nie, is insolvensie die enigste ander alternatief.

4.6.4. KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR

Die werklike en die optimale kumulatiewe finansiële struktuur van die swakste derde deelnemende boere verskyn in figuur 4.3:

FIGUUR 4.3: WERKLIKE EN OPTIMALE KUMULATIEWE FINANSIËLE STRUKTUUR VAN DIE SWAKSTE DERDE DEELNEMENDE BOERE, 1997



Figuur 4.3 wys dat die swakste derde deelnemende boere se werklike en optimale kumulatiewe finansiële strukture nie ñ noue ooreenstemming toon nie. Die optimale struktuur toon dat hierdie boerderye ñ groter skuld las as die optimale skuld las het. Hoewel ñ hoë bruto produksiewaarde behaal is, toon die optimale struktuur dat ñ beter netto boerdery-inkomste gerealiseer behoort te word en dat die werklike boerderywins ook heelwat laer as die optimale boerderywins is. Die verskil tussen die begin- en eindpunte van die werklike struktuur toon geen verskil nie wat beteken dat daar nie ñ groei in netto waarde voorgekom het nie.

Volgens die kumulatiewe finansiële struktuur wend die swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat meer kapitaal aan as wat die optimale struktuur toelaat. Hierdie boerderye verbeur egter weer al hierdie kapitaal wanneer die komponent van geleende kapitaal uit die kumulatiewe struktuur gehaal word. Die geleende kapitaal lei tot ñ negatiewe hefboomverhouding wat beteken dat die hoë vlak van laste hierdie boerderye riskant maak en ñ negatiewe invloed op hul finansiële oorlewingsvermoë het.

4.7. SAMEVATTING

Die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se werklike finansiële strukture is in hierdie hoofstuk teenoor hul optimale finansiële strukture gemeet. Dit het aan die hand van hierdie boere se groeps-gemiddeld, asook die beste en swakste derde volgens solvabiliteit, geskied.

Die vergelyking het aangetoon dat die werklike finansiële struktuur van die groeps-gemiddeld 'n redelike ooreenstemming met die optimale struktuur toon. Hoewel die beste en swakste derde se werklike finansiële strukture van die optimale strukture afwyk, is die beste derde aan die positiewe kant en die swakste derde aan die negatiewe kant daarvan.

Na aanleiding van die vergelyking van die werklike en optimale finansiële strukture, kon daar tot die gevolgtrekking gekom word dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit bevredigend is maar dat daar te veel bedryfslaste ten koste van middel- en langtermynlaste is. Daar is ook 'n derde van die boere waarvan die solvabiliteit reeds die lewensvatbare optimale punt oorskry het.

Die likiditeit van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat is nie bevredigend nie. Dit hou waarskynlik verband met die verkeerdelike onderlinge samestelling van laste.

Die doelmatigheid van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se bate/omset is bevredigend maar die doelmatigheid waarmee boerdery-uitgawes 'n inkomste genereer is te laag. Wanneer die hoë renteverpligting ook nog in berekening gebring word, realiseer gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat 'n boerderywins wat net genoegsaam is om 'n aanvaarbare terugbetaalvermoë te bied.

Gemeet aan die optimale finansiële struktuur, is die werklike finansiële struktuur van die meerderheid gemengde boere in die Oos-Vrystaat bevredigend maar die onderlinge samestelling van laste is verwring. Die struktuurmodel toon ook ten slotte aan dat die uitgawes van hierdie boerderye te hoog is in verhouding tot die inkomste wat dit moet realiseer.

5. DIE VERWANTSKAP TUSSEN SOLVABILITEIT, LIKIDITEIT, DOELMATIGHEID, RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË

5.1. INLEIDING

∞ Verhoudingsgetal is ∞ verwantskap tussen twee of meer waardes wat in die balans- of inkomstestaat van ∞ onderneming vervat is. Die gebruik van verhoudingsgetalle is aan sekere gevare, beperkings en voorwaardes blootgestel en daarom beveel die literatuur aan dat die resultate van die verhoudings altyd as ∞ geheel geïnterpreteer moet word. Die vraag kan dus gevra word of daar dan ook ∞ onderlinge verwantskap tussen die individuele verhoudings bestaan.

Verhoudingsgetalle meet ∞ onderneming se solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë aan die hand van ∞ aantal individuele verhoudings. Omdat die waardes van ∞ onderneming se balans- en inkomstestaat met behulp van verhoudingsgetalle teenoor mekaar geplaas word, kan ∞ verandering in likiditeit moontlik ook ∞ verandering in solvabiliteit beteken. Net so kan ∞ verandering in doelmatigheid dalk ∞ verandering in rentabiliteit tot gevolg hê.

In hierdie hoofstuk word die onderlinge verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë bepaal. Dit geskied aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se individuele finansiële inligting.

5.2. BESKRYWING VAN DIE DEELNEMENDE BOERE

Die 65 boere wie se finansiële data in hierdie studie gebruik is, is reeds in hoofstuk 1, paragraaf 1.4.4, aan die hand van plaasgrootte, batewaarde, bruto produksiewaarde en belangrikheid van vertakkings beskryf. Die fisiese gegewens, die balansstaat, inkomstestaat en die berekende finansiële verhoudings van elke individuele boer wat in hierdie hoofstuk gebruik is, is in bylaag 3 vervat.

5.3. TOEPASSING VAN VERHOUDINGS

In hierdie hoofstuk word die verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid,

rentabiliteit en terugbetaalvermoë grafies voorgestel deur telkens die bepalende verhouding as π vaste kurwe te toon en dan die ander verhoudings as π veranderlike kurwe daarteenoor aan te dui. Die vaste kurwe word vertoon nadat die 65 deelnemende boere se individuele waardes van dié betrokke verhouding van laag na hoog gerangskik is. Die ander verhoudings word dan telkens as π veranderlike kurwe aangetoon om die verwantskap te bepaal.

Soos in hoofstuk 2, paragraaf 2.4, aangetoon, bestaan daar meer as een onderlinge verhouding, en soms ook waarde, om solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë mee te bepaal. Dit is nie prakties moontlik om elkeen van hierdie onderlinge verhoudings of waardes grafies teenoor mekaar te toon nie en daarom is slegs een per indeling gebruik.

5.3.1. SOLVABILITEIT

Die drie verhoudings wat vir die bepaling van solvabiliteit gebruik word, is die bate/laste-, die netto waarde/laste- en die hefboomverhouding. Aangesien hierdie verhoudings telkens dieselfde waardes in π ander verhouding gebruik, sal dit nie saak maak watter verhouding vir die doeleindes van hierdie hoofstuk gebruik word nie. Daar is gevolglik besluit om die netto waarde/lasteverhouding (S_{nw}) te gebruik om die verwantskap van solvabiliteit teenoor die ander verhoudings te bepaal.

5.3.2. LIKIDITEIT

Die een verhouding en een berekening wat vir die bepaling van likiditeit gebruik word, is die bedryfsverhouding en die waarde van bedryfskapitaal. Aangesien beide die berekenings dieselfde waardes gebruik, is daar besluit om vir die doeleindes van hierdie hoofstuk van die verhouding (L_{bv}) gebruik te maak omdat dit grafies makliker teenoor die ander verhoudings vertoon kan word.

5.3.3. DOELMATIGHEID

Die basiese verhoudings wat vir die bepaling van doelmatigheid gebruik word, is die bate/omset-, bedryfswins- en bedryfsverhouding. Aangesien dit te omvangryk vir die doeleindes van hierdie hoofstuk sou wees om twee of meer doelmatigheidsverhoudings te gebruik, is daar besluit om slegs die bate/omsetverhouding (D_{bo}) te gebruik. Afleidings oor die verwantskap van bedryfswins kan wel nog met behulp van bate/omset en rentabiliteit gemaak word.

5.3.4. RENTABILITEIT

Die twee verhoudings wat vir die bepaling van rentabiliteit gebruik word, is die rentabiliteit van die onderneming en die rentabiliteit van eie kapitaal. ð Voorlopige ontleding van die deelnemende boere op grond van beide hierdie verhoudings het aangetoon dat daar ð direkte verwantskap tussen die rentabiliteit van die onderneming en die rentabiliteit van eie kapitaal bestaan. Enigeen van hierdie verhoudings kon dus gebruik word om die verwantskap van rentabiliteit met dié van ander verhoudings te bepaal. Aangesien rentabiliteit van die onderneming (R_o) ð beter maatstaf van die boerdery se resultate is, is daar besluit om dié verhouding vir die doeleindes van hierdie hoofstuk te gebruik.

5.3.5. TERUGBETAALVERMOË

Die een verhouding en een berekening wat vir die bepaling van terugbetaalvermoë gebruik word, is die skuld- en bruikhuurdekkingsverhouding, asook die kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge. Die jaarlikse skulddelgings- en bruikhuurpaaielemente moet vir hierdie berekenings bekend wees maar aangesien die individuele boere se bedrae nie beskikbaar is nie, kan nie een van hierdie berekenings gedoen word nie. Die kapitaalvervangings- en skulddekkingsmarge is vir die doeleindes van hierdie hoofstuk soos volg aangepas om die terugbetaalvermoë van die deelnemende boere te bepaal:

$$\begin{aligned} & \text{NETTO BOERDERY-INKOMSTE} \\ & + \text{NIE-BOERDERY-INKOMSTE} \\ & + \text{DEPRESIASIE} \\ & - \text{BELASTING BETAAL} \\ & - \text{PRIVAAT TREKKINGS} \\ & = \text{KAPITAALVERVANGINGS- EN SKULDDEKKINGSKAPASITEIT} \end{aligned}$$

5.3.6. WAARDES EN VARIASIES

Tabel 5.1 bevat gegewens oor die solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë van die deelnemende boere, gemeet aan die verhoudings wat vroeër in paragraaf 5.3 in hierdie hoofstuk beskryf is:

TABEL 5.1: SOLVABILITEIT, LIKIDITEIT, DOELMATIGHEID, RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997

VERHOUDING	GROEPSGEMIDDEL D	LAAGSTE	HOOGSTE
Solvabiliteit	60.8%	6.2%	94.2%
Likiditeit	50.1%	3.1%	964.8%
Doelmatigheid	43.7%	12.2%	117.5%
Rentabiliteit	11.3%	-21.2%	37.4%
Terugbetaalvermoë	R386	R-739	R1512

Tabel 5.1 toon aan dat die solvabiliteit van die groeps-gemiddeld 60,8% beloop teenoor die laagste waarde van 6,2% en die hoogste van 94,2%. Die groeps-gemiddeld se likiditeit is 50,1% waarvan die hoogste 964,8% en die laagste 3,1% is. Die doelmatigheid is gemiddeld 43,7% teenoor die hoogste waarde van 117,5% en die laagste waarde van 12,2%. Die hoogste rentabiliteit beloop 37,4% en die laagste is 'n negatiewe waarde van 21,2%. Die gemiddelde rentabiliteit is 11,3%. Die terugbetaalvermoë is gemiddeld R386,00 waarvan die hoogste R1 512,00 en die laagste 'n negatiewe waarde van R739,00 is.

5.3.7. NEIGINGSKURWE

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is daar van 'n neigingskurwe gebruik gemaak om die verwantskappe tussen verhoudingsgetalle uit te wys. Die 65 deelnemende boere se data is met behulp van die rekenaarprogram, *Microsoft Excel*,¹ verwerk en die program se ingeboude regressie analise-funksie is gebruik om 'n lineêre passing op die veranderlike kurwes te doen. Sodoende kon die neiging van een verhouding se verwantskap teenoor dié van 'n ander een bepaal word. Die neigingskurwe word telkens grafies vertoon tesame met die werklike kurwe van die vaste en veranderlike waardes.

5.4. SOLVABILITEIT


Die verwantskap van solvabiliteit met likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë is grafies volgens 'n lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting. Die 65 deelnemende boere is van laag na hoog volgens hul solvabiliteit gerangskik waarna die ander verhoudings as veranderlike waarde vertoon word.

¹ *Microsoft Excel* is 'n elektroniese sigbladprogram wat as geïntegreerde komponent van *Microsoft Office 97* in die handel beskikbaar is.

5.4.1. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die solvabiliteit en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.1:

FIGUUR 5.1: VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Hoewel daar 'n mate van wisselvalligheid is, toon figuur 5.1 tog aan dat daar 'n sterk positiewe verwantskap tussen die solvabiliteit en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit toeneem, likiditeit vanaf -25% tot 275% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde likiditeit 50,1% en varieer dit van 3,1% tot 964,8%.


'n Gesonde likiditeit beteken dat bedryfslaste in die regte verhouding met bedryfsbates verkeer. Soos in hoofstuk 4, tabel 4.4, aangetoon is, stem die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se werklike solvabiliteit redelik ooreen met die optimale solvabiliteit maar die onderlinge samestelling van laste is verwing.

Volgens figuur 5.1 wil voorkom of hierdie verwringing deur middel van die korrekte aanwending van bedryfslaste reggestel kan word.

5.4.2. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID

Gegewens oor die verwantskap tussen die solvabiliteit en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.2:

FIGUUR 5.2: VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Hoewel daar nie 'n duidelike direkte verwantskap is nie, toon figuur 5.2 tog aan dat daar 'n geringe negatiewe verwantskap tussen die solvabiliteit en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit toeneem, doelmatigheid vanaf 48% tot 35% afneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde doelmatigheid 43,7% en varieer dit van 12,2% tot 117,5%.

Die oënskynlike afleiding wat uit figuur 5.2 gemaak kan word, is dat bates minder produktief raak namate ñ boerdery minder van geleende kapitaal gebruik maak. ñ Meer aanvaarbare verklaring vir hierdie teenstrydigheid is eerder dat hoër produktiewe vertakkings (saaierij) riskant is en ook meer geleende kapitaal verg wat druk op ñ boerdery se likiditeit, en gevolglik ook solvabiliteit, plaas. Daarteenoor verg lae produktiewe vertakkings (vee) minder geleende kapitaal, is dit minder riskant en wisselvallig, met hoër vlakke van bedryfsbates.

5.4.3. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die solvabiliteit en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.3:

FIGUUR 5.3: VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Figuur 5.3 toon aan dat daar nie ñ verwantskap tussen die solvabiliteit en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan nie. Die lineêre neigingskurwe


toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit toeneem, rentabiliteit konstant op 11% bly. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde rentabiliteit 11,3% en varieer dit van 621,2% tot 37,4%.

Die afleiding wat uit figuur 5.3 gemaak kan word is dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat in staat is om 'n wins te genereer. Aangesien 'n hoë solvabiliteit 'n aanduiding van volgehoue positiewe rentabiliteit is, moet daar dus aanvaar word dat 'n lae solvabiliteit met 'n wisselvallige rentabiliteit gepaard sal gaan.

5.4.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die verwantskap tussen die solvabiliteit en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.4:

FIGUUR 5.4: VERWANTSKAP TUSSEN DIE SOLVABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Figuur 5.4 toon aan dat daar geen verwantskap tussen die solvabiliteit en terugbetaal-

vermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan nie. Hoewel die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit toeneem, is die terugbetaalvermoë só wisselvallig dat die lineêre neigingskurwe konstant op R375,00 bly. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde terugbetaalvermoë R386,00 en varieer dit van R6739,00 tot R1 512,00.

Solvabiliteit toon geen verwantskap met terugbetaalvermoë nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat π hoë vlak van solvabiliteit nie met π hoë omset of terugbetaalvermoë verband hou nie maar eerder met die hoë likiditeitsvlak van bedryfsbates.


5.5. LIKIDITEIT

Die verwantskap van likiditeit met solvabiliteit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë is grafies volgens π lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting. Die 65 deelnemende boere is van laag na hoog volgens hul likiditeit gerangskik waarna die ander verhoudings as veranderlike kurwe vertoon word. Die likiditeitsverhouding word per 10% aangetoon om die kurwes beter ingepas te kry.

5.5.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die likiditeit en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.5:

FIGUUR 5.5: VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSSTAAT, 1997




Hoewel daar 'n mate van wisselvaligheid is, toon figuur 5.5 tog aan dat daar 'n sterk positiewe verwantskap tussen die likiditeit en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se likiditeit toeneem, solvabiliteit met 35% tot 85% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde solvabiliteit 60,8% en varieer dit van 6,2% tot 94,2%.

Soos reeds vroër in paragraaf 5.4.1 genoem, hou solvabiliteit waarskynlik verband met die korrekte aanwending van geleende kapitaal. Indien geleende kapitaal so aangewend word dat die boerdery steeds likied is, sal die solvabiliteit ook hoog wees.

5.5.2. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID

Gegewens oor die verwantskap tussen die likiditeit en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.6:

FIGUUR 5.6: VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRystaat, 1997



Hoewel daar nie 'n duidelike direkte verwantskap is nie, toon figuur 5.6 tog aan dat daar 'n geringe negatiewe verwantskap tussen die likiditeit en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se likiditeit toeneem, doelmatigheid vanaf 45% tot 39% afneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde doelmatigheid 43,7% en varieer dit van 12,2% tot 117,5%.


Die afname in doelmatigheid kan toegeskryf word aan die feit dat 'n lae likiditeit met hoër produktiewe maar meer riskante vertakkings (saaierij) gepaard gaan. Laer likiditeit gaan klaarblyklik met lae produktiewe en minder riskante vertakkings (vee) gepaard.

5.5.3. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die likiditeit en rentabiliteit van deelnemende

boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.7:

FIGUUR 5.7: VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRystaat, 1997




Hoewel daar 'n mate van wisselvalligheid is, toon figuur 5.7 tog aan dat daar 'n matige verwantskap tussen die likiditeit en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se likiditeit toeneem, rentabiliteit vanaf 10% tot 17% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde rentabiliteit 11,3% en varieer dit van 21,2% tot 37,4%.

Ten spyte van 'n laer doelmatigheid, gaan 'n hoër likiditeit met 'n hoër rentabiliteit gepaard. Dit beteken dat boerdery-uitgawes afneem namate likiditeit toeneem. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat laer boerdery-uitgawes minder geleende kapitaal verg en dat likiditeit sodoende verhoog kan word.

5.5.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die verwantskap tussen die likiditeit en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.8:

FIGUUR 5.8: VERWANTSKAP TUSSEN DIE LIKIDITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Hoewel daar ñ mate van wisselvaligheid is, toon figuur 5.8 tog aan dat daar ñ matige positiewe verwantskap tussen die likiditeit en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se likiditeit toeneem, terugbetaalvermoë vanaf R260,00 tot R505,00 toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde terugbetaal-vermoë R386,00 en varieer dit van R6739,00 tot R1 512,00.

Likiditeit toon ñ positiewe verwantskap met terugbetaalvermoë. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ñ hoë vlak van likiditeit nie met ñ hoë omset verband hou nie maar dat die hoë likiditeitsvlak van bedryfsbates ñ boer in staat stel tot ñ hoër rentabiliteit en ook ñ skulddelgingskapasiteit.


5.6. DOELMATIGHEID

Die verwantskap van doelmatigheid met solvabiliteit, likiditeit, rentabiliteit en terugbetaalvermoë is grafies volgens 'n lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting. Die 65 deelnemende boere is van laag na hoog volgens hul doelmatigheid gerangskik waarna die ander verhoudings as veranderlike waarde vertoon word.

5.6.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die doelmatigheid en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.9:

FIGUUR 5.9: VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Hoewel daar 'n mate van wisselvaligheid is, toon figuur 5.9 tog aan dat daar 'n


geringe negatiewe verwantskap tussen die doelmatigheid en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se doelmatigheid toeneem, solvabiliteit vanaf 68% tot 53% afneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde solvabiliteit 60,8% en varieer dit van 6,2% tot 94,2%.

Soos reeds in paragraaf 5.4.2 genoem, is die moontlike verklaring vir hierdie teënstrydigheid eerder dat hoër produktiewe vertakkings (saaierij) riskant is en ook meer geleende kapitaal verg wat druk op 'n boerdery se likiditeit, en gevolglik ook solvabiliteit, plaas. Daar teenoor verg lae produktiewe vertakkings (vee) minder geleende kapitaal, is minder riskant en wisselvallig maar gaan met hoër vlakke van bedryfsbates gepaard.

5.6.2. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die doelmatigheid en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.10.

FIGUUR 5.10: VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Hoewel daar 'n mate van wisselvalligheid is, toon figuur 5.10 tog aan dat daar 'n matige negatiewe verwantskap tussen die doelmatigheid en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se doelmatigheid toeneem, likiditeit vanaf 200% tot 25% afneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde likiditeit 50,1% en varieer dit van 3,1% tot 964,8%.

Soos in paragraaf 5.5.2 genoem, kan die afname in doelmatigheid toegeskryf word aan die feit dat 'n lae likiditeit met hoër produktiewe maar riskante vertakkings (saaierij) gepaard gaan. Laer likiditeit gaan weer met lae produktiewe en minder riskante vertakkings (vee) gepaard.

5.6.3. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die doelmatigheid en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.11:

FIGUUR 5.11: VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Figuur 5.11 toon aan dat daar ñ sterk positiewe verwantskap tussen die doelmatigheid en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se doelmatigheid toeneem, rentabiliteit vanaf 5% tot 19% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde rentabiliteit 11,3% en varieer dit van 621,2% tot 37,4%.

Doelmatigheid toon ñ positiewe verwantskap met rentabiliteit. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ñ hoë bate/omset nie met ñ hoë solvabiliteit of likiditeit verband hou nie maar dat die hoë omset van bates ñ boer in staat stel tot ñ hoër rentabiliteit en skulddelgingskapasiteit.

5.6.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die verwantskap tussen die doelmatigheid en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.12:

FIGUUR 5.12: VERWANTSKAP TUSSEN DIE DOELMATIGHEID EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Hoewel daar ñ mate van wisselvaligheid is, toon figuur 5.12 aan dat daar ñ sterk positiewe verwantskap tussen die doelmatigheid en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se doelmatigheid toeneem, terugbetaalvermoë vanaf R65,00 tot R700,00 toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde terugbetaalvermoë R386,00 en varieer dit van R6739,00 tot R1 512,00.

ñ Hoë doelmatigheid lei tot ñ hoë terugbetaalvermoë maar ñ swakker solvabiliteit en likiditeit. Dit wil dus voorkom of ñ hoë terugbetaalvermoë as aanmoediging vir die gebruik van geleende kapitaal lei en dat die gevolg hiervan ñ verswakking in solvabiliteit en likiditeit is.


5.7. RENTABILITEIT

Die verwantskap van rentabiliteit met solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid en terugbetaalvermoë is grafies volgens ñ lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting. Die 65 deelnemende boere is van laag na hoog volgens hul rentabiliteit gerangskik waarna die ander verhoudings as veranderlike waarde vertoon word.

5.7.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die rentabiliteit en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.13:

FIGUUR 5.13: VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Figuur 5.13 toon aan dat daar ñ groot mate van wisselvalligheid is en dat daar gevolglik slegs ñ geringe positiewe verwantskap tussen die rentabiliteit en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se rentabiliteit toeneem, solvabiliteit vanaf 57% tot 65% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde solvabiliteit 60,8% en varieer dit van 6,2% tot 94,2%.


Soos in paragraaf 5.4.3 genoem, kan die afleiding gemaak word dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat in staat is om ñ wins te genereer. Aangesien ñ hoë solvabiliteit ñ aanduiding van volgehoue positiewe rentabiliteit is, moet daar dus aanvaar word dat ñ lae solvabiliteit met ñ wisselvallige rentabiliteit gepaard.

5.7.2. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die rentabiliteit en likiditeit van deelnemende

boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.14:

FIGUUR 5.14: VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Hoewel daar wisselvalligheid is, toon figuur 5.14 tog aan dat daar 'n geringe positiewe verwantskap tussen die rentabiliteit en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se rentabiliteit toeneem, likiditeit van 40% tot 190% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde likiditeit 50,1% en varieer dit van 3,1% tot 964,8%.

Soos in paragraaf 5.5.3 aangetoon, gaan hoë likiditeit met hoë rentabiliteit gepaard. Dit beteken dat boerdery-uitgawes afneem namate likiditeit toeneem. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat laer boerdery-uitgawes minder geleende kapitaal verg en dat rentabiliteit sodoende verhoog kan word.

5.7.3. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID

Gegewens oor die verwantskap tussen die rentabiliteit en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.15:

FIGUUR 5.15: VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Figuur 5.15 toon aan dat daar 'n sterk positiewe verwantskap tussen die rentabiliteit en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se rentabiliteit toeneem, doelmatigheid van 28% tot 65% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde doelmatigheid 43,7% en varieer dit van 12,2% tot 117,5%.

Rentabiliteit toon 'n positiewe verwantskap met doelmatigheid. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat rentabiliteit die gevolg is van 'n hoër doelmatigheid. Hoër doelmatigheid lei egter nie noodwendig tot hoër solvabiliteit nie wat beteken dat wins (rentabiliteit) korrek aangewend moet word om 'n positiewe uitwerking op solvabiliteit te kan hê.

5.7.4. VERWANTSKAP MET TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die verwantskap tussen die rentabiliteit en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.16:

FIGUUR 5.16: VERWANTSKAP TUSSEN DIE RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997



Figuur 5.16 toon aan dat daar 'n sterk positiewe verwantskap tussen die rentabiliteit en terugbetaalvermoë van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se rentabiliteit toeneem, terugbetaalvermoë van 0 tot R760,00 toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde terugbetaalvermoë R386,00 en varieer dit van R6739,00 tot R1 512,00.

Rentabiliteit toon 'n sterk positiewe verwantskap met doelmatigheid en terugbetaalvermoë. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n hoë rentabiliteit nie met 'n hoë solvabiliteit of likiditeit verband hou nie maar dat 'n hoë bate/omset tot 'n hoë rentabiliteit en gevolglik ook 'n hoë terugbetaalvermoë lei.


5.8. TERUGBETAALVERMOË

Die verwantskap van terugbetaalvermoë met solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid en rentabiliteit is grafies volgens 'n lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting. Die 65 deelnemende boere is van laag na hoog volgens hul terugbetaalvermoë gerangskik waarna die ander verhoudings as veranderlike waarde vertoon word.

5.8.1. VERWANTSKAP MET SOLVABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.17:

FIGUUR 5.17: VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN SOLVABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRystaat, 1997



Figuur 5.17 toon aan dat daar 'n groot mate van wisselvalligheid is en dat daar


gevolglik geen verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en solvabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan nie. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se terugbetaalvermoë toeneem, solvabiliteit konstant op 57% bly. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde solvabiliteit 60,8% en varieer dit van 6,2% tot 94,2%.

Terugbetaalvermoë toon geen verwantskap met solvabiliteit nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat ñ hoë vlak van terugbetaalvermoë sommige boere aanmoedig om van geleende kapitaal gebruik te maak terwyl ander meer dissipline aan die dag lê om eerder hul wins in die boerdery te herinvesteer.

5.8.2. VERWANTSKAP MET LIKIDITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.18:

FIGUUR 5.18: VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN LIKIDITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Hoewel daar wisselvalligheid is, toon figuur 5.18 tog aan dat daar 'n geringe positiewe verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en likiditeit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se terugbetaalvermoë toeneem, likiditeit van 80% tot 175% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde likiditeit 50,1% en varieer dit van 3,1% tot 964,8%.

Soos reeds in paragraaf 5.5.4 genoem, toon likiditeit en terugbetaalvermoë 'n positiewe verwantskap met mekaar. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n hoër vlak van likiditeit nie met 'n hoër omset verband hou nie maar dat die hoër likiditeitsvlak van bedryfsbates 'n boer in staat stel tot 'n hoër rentabiliteit en ook terugbetaalvermoë.

5.8.3. VERWANTSKAP MET DOELMATIGHEID

Gegewens oor die verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.19:

FIGUUR 5.19: VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN DOELMATIGHEID VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT, 1997




Figuur 5.19 toon aan dat daar 'n sterk positiewe verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en doelmatigheid van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se terugbetaalvermoë toeneem, doelmatigheid van 30% tot 58% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde doelmatigheid 43,7% en varieer dit van 12,2% tot 117,5%.

'n Hoë terugbetaalvermoë is die gevolg van 'n hoë doelmatigheid maar dit gaan nie met 'n hoë solvabiliteit of likiditeit gepaard nie. Dit beklemtoon dus weer eens dat 'n hoë terugbetaalvermoë as aanmoediging vir die gebruik van geleende kapitaal lei en dat dit gevolglik weer tot 'n verswakking in solvabiliteit en likiditeit lei.

5.8.4. VERWANTSKAP MET RENTABILITEIT

Gegewens oor die verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat verskyn in figuur 5.20:

FIGUUR 5.20: VERWANTSKAP TUSSEN DIE TERUGBETAALVERMOË EN RENTABILITEIT VAN DEELNEMENDE BOERE IN DIE OOS-VRystaat, 1997



Figuur 5.20 toon aan dat daar 'n sterk positiewe verwantskap tussen die terugbetaalvermoë en rentabiliteit van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat bestaan. Die lineêre neigingskurwe toon aan dat, namate die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se terugbetaalvermoë toeneem, rentabiliteit vanaf 0% tot 22% toeneem. Volgens tabel 5.1 is die gemiddelde rentabiliteit 11,3% en varieer dit van 21,2% tot 37,4%.

Terugbetaalvermoë toon 'n sterk positiewe verwantskap met doelmatigheid en rentabiliteit. Dit bevestig die stelling dat 'n hoë terugbetaalvermoë nie met 'n hoë solvabiliteit verband hou nie maar dat dit eerder die gevolg van 'n hoë bate/omset en rentabiliteit is.

5.9. GEVOLGTREKKING

Die ontleding van die onderlinge verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë toon aan dat sekere verhoudings van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat 'n positiewe verwantskap met mekaar het terwyl ander 'n negatiewe of geen verwantskap met mekaar het nie. In die geval van 'n positiewe of negatiewe verwantskap het dit ook van 'n sterk of matige verwantskap gewissel tot een wat baie gering was.

Die ontledings het getoon dat solvabiliteit 'n sterk positiewe verwantskap met likiditeit het. Dieselfde resultaat is gekry toe likiditeit se verwantskap met solvabiliteit bepaal is maar beide verhoudings het egter 'n geringe negatiewe verwantskap met doelmatigheid.

Solvabiliteit het geen verwantskap met rentabiliteit nie maar likiditeit en doelmatigheid het wel. In laasgenoemde geval is die verwantskap baie sterk. Dieselfde resultaat is gekry toe rentabiliteit se verwantskap met solvabiliteit, likiditeit en doelmatigheid bepaal is.

In die geval van terugbetaalvermoë is daar ook geen verwantskap met solvabiliteit nie en slegs 'n geringe positiewe verwantskap met likiditeit. Hierdie verwantskappe geld wedersyds.

Terugbetaalvermoë het 'n sterk positiewe verwantskap met doelmatigheid en rentabiliteit. Dieselfde verwantskappe geld ook tussen doelmatigheid en terugbetaalvermoë en ook rentabiliteit en terugbetaalvermoë.

Uit bogenoemde wil dit voorkom of 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met 'n hoë bate/omset ook 'n hoë rentabiliteit sal hê en dat laasgenoemde weer tot 'n hoë skulddelgingskapasiteit sal lei. Hoe hoër hierdie drie verhoudings, hoe beter behoort die likiditeit te wees maar dit sal nie noodwendig beteken dat die solvabiliteit van sulke boerderye hoog is nie.

Die ander verhoudings het, teen die verwagting in, nie 'n sterk positiewe verwantskap met solvabiliteit nie. Daar moet dus ander faktore wees wat die solvabiliteit van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat beïnvloed.

Solvabiliteit meet die finansiële posisie van 'n onderneming aan die hand van netto waarde, totale laste en totale bates en kan ook as die kumulatiewe resultaat van al die ander verhoudingsgetalle beskou word. Die vraag kan dus gevra word waarom doelmatigheid en terugbetaalvermoë afneem en rentabiliteit konstant bly namate likiditeit en solvabiliteit toeneem. Die antwoord hierop kan waarskynlik in die riskantheid van die deelnemende boerderye gevind word. Vertakkings met 'n hoër potensiële omset is meer riskant as vertakkings met 'n laer potensiële omset. Die hoër risiko moet noodwendig tot gevolg hê dat eersgenoemde vertakkings se potensiële omset nie altyd in die praktyk realiseer nie, terwyl daar 'n beter kans is dat laasgenoemde vertakkings 'n meer stabiele inkomste sal lewer. Wanneer die hoër potensiële inkomste as gevolg van wisselvallige klimaatsomstandighede in 'n gegewe seisoen nie realiseer nie, realiseer die potensiële rentabiliteit en terugbetaalvermoë ook nie en daarom verswak die likiditeit en solvabiliteit van sulke boerderye. 'n Hoër solvabiliteit blyk derhalwe eerder die gevolg van stabiele doelmatigheid te wees wat dan ook 'n stabiele rentabiliteit en terugbetaalvermoë sal verseker. Hierdie boere kan hulself dan makliker ten opsigte van die korrekte aanwending van vreemde kapitaal dissipliner sodat daar minder druk op hul solvabiliteit sal wees.

Vertakkings met 'n laer potensiële inkomste verg ook minder boerdery-uitgawes. Laer uitgawes lei tot 'n kleiner behoefte aan geleende bedryfskapitaal en gevolglik is sulke boerderye se likiditeit nie onder druk nie. Dit beteken egter nie dat daar nie ruimte vir vertakkings met 'n hoër potensiële inkomste in die Oos-Vrystaat bestaan nie. Hierdie betrokke streek leen hom juis tot gemengde boerderye en daarom moet die hoër riskante vertakkings net met meer stabiele en minder riskante vertakkings ondersteun word sodat 'n groei in solvabiliteit oor die lang duur volgehou kan word.

5.10. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die onderlinge verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë bepaal. Die verwantskappe van die verskillende verhoudings is grafies volgens 'n lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting.

Die ontleding van die onderlinge verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë toon aan dat sekere verhoudings van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat 'n positiewe verwantskap met mekaar het, terwyl ander 'n negatiewe of geen verwantskap met mekaar het nie. In die geval van 'n positiewe of negatiewe verwantskap het dit ook van 'n sterk of matige verwantskap gewissel tot een wat baie gering was.

Dit wil voorkom of ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met ñ hoë bate/omset ook ñ hoë rentabiliteit sal hê en dat laasgenoemde weer tot ñ hoë skuld-delgingskapasiteit sal lei. Hoe hoër hierdie drie verhoudings, hoe beter behoort die likiditeit te wees maar dit sal nie noodwendig beteken dat die solvabiliteit van sulke boerderye hoog is nie.

Die ander verhoudings het, anders as wat verwag is, nie ñ sterk positiewe verwantskap met solvabiliteit nie. Daar moet gevolglik ander faktore wees wat die solvabiliteit van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat beïnvloed.

Die negatiewe korrelasie tussen sommige van die verhoudingsgetalle en solvabiliteit kan waarskynlik toegeskryf word aan die riskantheid van sekere vertakkings binne ñ boerdery. Vertakkings met ñ hoër potensiële omset is meer riskant as vertakkings met ñ laer potensiële omset. Hoër riskante vertakkings behoort dus met meer stabiele en minder riskante vertakkings ondersteun te word sodat ñ langdurige groei in solvabiliteit volgehou kan word.

6. DIE INVLOED VAN FISIESE FAKTORE OP DIE RESULTATE VAN VERHOUDINGSGETALLE

6.1. INLEIDING

Individuele boerderye kan nie net op grond van 'n groepsgemiddeld alleen beoordeel word nie omdat elke boerdery in 'n dinamiese eiesoortige omgewing funksioneer. Vir die finansiële voortbestaan van die landboubedryf is dit noodsaaklik dat finansiële norme die uniekheid van elke boerdery se omgewingsfaktore ook in ag moet neem.

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die onderlinge verhoudings, anders as wat verwag is, nie 'n sterk positiewe verwantskap met solvabiliteit het nie. Daar kan moontlik dus omgewingsfaktore ook wees wat die solvabiliteit van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat beïnvloed.

Teen die agtergrond van bogenoemde is daar in hierdie hoofstuk bepaal watter invloed fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle het. Die ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte oor 'n tydsverloop is op die resultate van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se verhoudingsgetalle aangetoon.

6.2. BESKRYWING VAN DEELNEMENDE GROEPE

Die 65 boere, wie se finansiële data in hierdie studie gebruik is, is vir die doeleindes van hierdie hoofstuk in vyftien subgroepe volgens ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte verdeel. Die fisiese gegewens, balansstaat, inkomstestaat en die berekende finansiële verhoudings van elke subgroep is vir 1996 en 1997 in bylaag 4 en 5 vervat.

6.3. FISIESE FAKTORE

Die deelnemers is volgens ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte in elke subgroep teenoor die groep (Gp) geplaas.

Ligging

Die 65 boere bedryf hoofsaaklik gemengde boerderye in die distrikte van Bethlehem (Bm), Kestell (Kl), Lindley (Ly), Memel (Ml), Reitz (Rz) en Warden (Wn). Die eerste vyf subgroepe is dus gebruik om deelnemers in 'n geografiese verdeling volgens die distrikte te plaas.

Batebesit

By batebesit word bedoel die hoeveelheid grond wat die boer self besit teenoor die hoeveelheid wat hy huur. Indien 'n boer meer hektare grond huur as wat hy self besit, is hy in hierdie subgroep (Hr) geplaas.

Vertakkings

Die 65 deelnemende boere is ook volgens prominente vertakkings in subgroepe geplaas. Die minimum produksie-eenhede vir die onderskeie subgroepe is soos volg:¹

Saaierij:	500 ha	(Si)
Vleisbeeste:	100 GVE	(Bs)
Melkbeeste:	100 GVE	(Mk)
Skape:	50 GVE	(Sp)
Groente:	20 ha	(Ge)

Wanneer 'n boerdery net soveel of meer van bogenoemde produksie-eenhede bevat het, is dit in die betrokke subgroep geplaas. Indien 'n boer se vertakking minder as die minimum aantal produksie-eenhede beslaan maar dit dra meer as 50% van die totale bruto produksiewaarde by, is so 'n vertakking ook as 'n prominente vertakking beskou.

Fisiese Grootte

Die 65 deelnemende boere is ook volgens plaasgrootte in subgroepe verdeel. Die hektare vir die onderskeie subgroepe (eie en gehuur saam), is soos volg:²

Groot:	2 000 ha en meer	(Gr)
Medium:	tussen 1 000 en 2 000 ha	(Md)
Klein:	1 000 ha en minder	(Kn)

¹ *Basis wat deur Computus Bestuursburo gebruik word vir die verdeling van gemengde boerderye in subgroepe.*

² *Ibid.*

Tyd

Die resultate van die subgroepe is vir 1996 en 1997 bereken. Die verhoudings vir beide jare word grafies teenoor mekaar aangetoon om te bepaal of tydsverloop, wat met wisselvallige klimaatsomstandighede gepaard kan gaan, 'n invloed op die resultate van verhoudingsgetalle het.

6.4. FINANSIËLE NORME

Dit is reeds in hierdie studie aangetoon dat daar meer as een onderlinge verhouding, en soms ook waarde, bestaan om solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë mee te bepaal. Soos in hoofstuk 5 se geval, is slegs een per indeling ook in hierdie hoofstuk gebruik, en wel soos volg:

- Die netto waarde/totale lasteverhouding (S_{nw}) is gebruik om die subgroepe se solvabiliteit te bepaal.
- Die bedryfsverhouding (L_{bv}) is gebruik om die subgroepe se likiditeit te bepaal.
- Die bate/omsetverhouding (D_{bo}) is gebruik om die subgroepe se doelmatigheid te bepaal.
- Die rentabiliteit van die onderneming (R_o) is gebruik om die subgroepe se rentabiliteit te bepaal.
- Die skulddelgingskapasiteit, soos in hoofstuk 5, paragraaf 5.3.5 gedefinieer, is gebruik om die subgroepe se terugbetaalvermoë te bepaal.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is die netto waarde/lasteverhouding (S_{nw}) as solvabiliteitsmaatstaf gebruik om die deelnemende boere binne die subgroepe in die beste en swakste derde te sorteer.


6.5. GROEPSGEMIDDELD

Die invloed van fisiese faktore op die groepsgemiddeld van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat is aan die hand van subgroepverdelings bepaal. Die resultate van die verhoudingsgetalle word grafies voorgestel op grond van inligting wat in bylaag 4 en 5 vervat is.

6.5.1. SOLVABILITEIT

Gegewens oor die solvabiliteit van die groeps-gemiddeld van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.1:

FIGUUR 6.1: SOLVABILITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.1 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die solvabiliteit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Met betrekking tot ligging toon figuur 6.1 aan dat daar drie distrikte is waarvan die solvabiliteit redelik ooreenstem met dié van die totale groep. Twee distrikte toon 'n beter solvabiliteit as die res terwyl een 'n swakker solvabiliteit toon. Die subgroep wat meer hektare grond huur as wat hulle self besit, se solvabiliteit toon 'n ooreenstemming met dié van die totale groep. Met uitsondering van medium boerderye en boerderye in die distrikte van Kestell en Memel, het al die subgroepe se solvabiliteit vanaf 1996 na 1997 in 'n geringe mate verswak.


Subgroepe met ñ prominente veevertakking het ñ beter solvabiliteit as subgroepe met ñ prominente saai- of groentevertakking. In die gevalle van vleisbees-, melkbees- en skaapvertakkings, is die solvabiliteit beter as dié van saai- of groentevertakkings. Figuur 6.1 toon aan dat groter boerderye ñ hoër solvabiliteit as medium boerderye handhaaf. Op hulle beurt het medium boerderye weer ñ beter solvabiliteit as klein boerderye.

Dit wil voorkom of die resultate van sekere distrikte se verhoudingsgetalle beter as dié van ander is. Hierdie gevolgtrekking kan misleidend wees omdat die resultate eerder met die vertakkings te doen het wat in ñ distrik beoefen word as met die ligging van die boerderye. Hierdie stelling stem ooreen met die gevolgtrekking waartoe daar in hoofstuk 5, paragraaf 5.9 gekom is, naamlik dat ñ hoër solvabiliteit eerder die gevolg van minder riskante maar meer stabiele vertakkings is.

6.5.2. LIKIDITEIT

Gegewens oor die likiditeit van die groepsgemiddeld van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.2:

FIGUUR 6.2: LIKIDITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.2 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die likiditeit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Volgens figuur 6.2 is daar drie distrikte wat 'n beter likiditeit as die totale groep het terwyl daar drie is waarvan die likiditeit swakker as die totale groep is. In die geval van Memel is die likiditeit merkbaar hoër as die res van die subgroepe. Die likiditeit van die meeste subgroepe het 'n styging vanaf 1996 na 1997 getoon. Enkele van die subgroepe (huur, saai, groente en Bethlehem) het 'n daling in likiditeit getoon terwyl Memel 'n merkbare verbetering getoon het.


Die subgroep wat meer grond huur as wat hulle self besit handhaaf 'n hoë vlak van likiditeit. Slegs die Memel- en skaapsubgroep het 'n hoër likiditeit as die huursubgroep. Die subgroepe met prominente veevertakkings handhaaf 'n hoër likiditeit as vertakkings wat graan of groente verbou. Waar skape 'n prominente vertakking is, word 'n hoë vlak van likiditeit gehandhaaf. Daar is nie 'n merkbare verskil tussen die likiditeit van die plaasgrootte subgroepe nie. Die groot-, medium-, en kleinsubgroepe se likiditeit is bykans dieselfde.

Dit wil voorkom of die prominensie van veevertakkings in 'n boerdery aanleiding tot hoër likiditeit gee. Gevolglik is daar 'n kleiner behoefte aan geleende kapitaal en is die solvabiliteit ook uiteindelik beter as wat die geval met saai en groente is.

6.5.3. DOELMATIGHEID

Gegewens oor die doelmatigheid van die groepsgemiddeld van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.3:

FIGUUR 6.3: DOELMATIGHEID VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997




Figuur 6.3 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die doelmatigheid van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Volgens die voorstelling van figuur 6.3 is daar vir 1996 drie distrikte waarvan die doelmatigheid beter en drie waarvan die doelmatigheid swakker as die totale groep is. Vir 1997 is dit slegs Memel wat 'n swakker doelmatigheid as die groep behaal het. Die subgroep wat meer hektare grond huur as wat hulle self besit, se doelmatigheid toon 'n redelike ooreenstemming met dié van die totale groep. Al die subgroepe het vanaf 1996 na 1997 'n verbetering in doelmatigheid getoon. In die geval van Bethlehem en die groot boerderye was die styging gering terwyl dit in al die ander gevalle, veral Lindley en Kestell, redelik skerp toegeneem het.

Die melk- en groentesubgroepe het 'n hoër doelmatigheid as saai, vleisbeeste en skape behaal. Ten opsigte van 1996 toon figuur 6.3 aan dat klein boerderye 'n beter doelmatigheid as medium en groot boerderye behaal het. Met betrekking tot 1997 het medium boerderye die beste doelmatigheid behaal terwyl groot boerderye die laagste gehad het.

6.5.4. RENTABILITEIT

Gegewens oor die rentabiliteit van die groepsgemiddeld van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.4:

FIGUUR 6.4: RENTABILITEIT VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.4 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die rentabiliteit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Vir 1996 was daar twee distrikte wat bykans geen rentabiliteit kon toon nie, terwyl drie van die distrikte beter as die totale groep gevaar het. Vir 1997 toon die meeste distrikte 'n noue ooreenstemming met die totale groep terwyl Lindley se rentabiliteit merkbaar hoër is. Die rentabiliteit van die huursubgroep is vir 1996 hoër as dié van die totale groep maar vir 1997 toon dit 'n noue ooreenstemming.

Hoewel die skaap- en groentesubgroepe ietwat laer as die res is, is daar tog 'n redelike ooreenstemming in die rentabiliteit van prominente vertakkings vir veral 1997. Vir 1996 toon groot boerderye 'n beter rentabiliteit as medium en klein boerderye. In


1997 was beide medium en klein boerderye se rentabiliteit beter as dié van groot boerderye.

Figuur 6.4 toon aan dat daar, met uitsondering van groot boerderye, 'n merkbare verbetering in rentabiliteit vanaf 1996 na 1997 was. In 'n swakker jaar, wanneer doelmatigheid laer as normaal is, wil dit ook voorkom of 'n boerdery met meer gehuurde grond 'n hoër rentabiliteit behaal as boerderye wat meer grond self besit. Die rede hiervoor is dat rente- en paaieimentsverpligtinge 'n groter las op likiditeit en rentabiliteit plaas as wat die geval met huurpaaieimente is.

6.5.5. TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die terugbetaalvermoë van die groepsgemiddeld van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.5:

FIGUUR 6.5: TERUGBETAALVERMOË VAN DIE GROEPSGEMIDDELD VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.5 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die terugbetaalvermoë van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Met betrekking tot ligging toon figuur 6.5 aan dat daar drie distrikte is waarvan die terugbetaalvermoë beter as dié van die totale groep was terwyl drie swakker was. Dit is vir beide 1996 en 1997 die geval, hoewel dit nie telkens dieselfde distrikte is nie. Die terugbetaalvermoë van boere wat meer grond huur as wat hulle self besit is hoër as dié van die totale groep. Volgens figuur 6.5 is daar vanaf 1996 na 1997 'n merkbare verbetering in die terugbetaalvermoë van al die subgroepe.

Waar saaiery 'n prominente vertakking is, is die terugbetaalvermoë hoër as wat die geval met ander prominente vertakkings is. By vleisbeeste is die terugbetaalvermoë die laagste. Die terugbetaalvermoë van klein boerderye is vir beide 1996 en 1997 beter as dié van medium en groot boerderye. Medium boerderye se terugbetaalvermoë was in 1996 laer as groot en klein boerderye.

Daar is nie 'n duidelike verskil in die resultate van verhoudingsgetalle van die onderskeie boerderygroottes nie. Dit wil wel voorkom of groot boerderye konstant 'n aanvaarbare doelmatigheid en rentabiliteit oor 'n tydsverloop kan handhaaf en dat dit gevolglik tot 'n konstante likiditeit en terugbetaalvermoë kan lei.

Tydsverloop het 'n beduidende invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat omdat die wisselvalligheid van omset daardeur aangetoon kan word. Hierdie wisselvalligheid sal eerstens die doelmatigheid vanaf een jaar tot 'n volgende beïnvloed. Daarna sal die rentabiliteit en terugbetaalvermoë vanaf een na 'n volgende jaar ook verbeter of verswak na gelang van klimaatstoestande. In die laaste instansie sal die solvabiliteit en likiditeit van gemengde boerderye se groeps-gemiddeld dus oor die verloop van tyd beïnvloed word as gevolg van die wisselvalligheid van omset oor dieselfde tydsduur.


6.6. BESTE DERDE

Die invloed van fisiese faktore op die beste derde van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat is aan die hand van subgroepverdelings bepaal. Die resultate van die verhoudingsgetalle word grafies voorgestel op grond van inligting wat in bylaag 4 en 5 vervat is.

6.6.1. SOLVABILITEIT

Gegewens oor die solvabiliteit van die beste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.6:

FIGUUR 6.6: SOLVABILITEIT VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.6 toon aan dat daar ñ geringe reëlmatigheid in die solvabiliteit van deelnemende boere se subgroepverdelings is. Met betrekking tot ligging toon figuur 6.6 aan dat daar vier distrikte is waarvan die solvabiliteit in 1996 beter as dié van die totale groep was. Twee distrikte toon ñ swakker solvabiliteit as die res. Slegs twee distrikte se solvabiliteit het vanaf 1996 na 1997 verbeter. Die subgroep wat meer hektare grond huur as wat hulle self besit, se solvabiliteit toon ñ redelike ooreenstemming met dié van die totale groep. Met uitsondering van die Memel-distrik, het al die subgroepe se solvabiliteit vanaf 1996 na 1997 in ñ geringe mate verswak.

Subgroepe met ñ prominente veevertakking het ñ geringe beter solvabiliteit as subgroepe met ñ prominente saai- of groentevertakking. Figuur 6.6 toon aan dat groter boerderye ñ hoër solvabiliteit as medium boerderye handhaaf. Op hulle beurt het medium boerderye weer ñ beter solvabiliteit as klein boerderye. In 1997 was die solvabiliteit van medium en klein boerderye bykans dieselfde.


Dit wil voorkom of die solvabiliteit van sekere distrikte beter as dié van ander is. Soos in die geval van die groeps-gemiddeld, kan hierdie gevolgtrekking misleidend

wees omdat die resultate van die beste derde ook eerder met die vertakkings te doen het wat in  n distrik beoefen word as met die ligging van die boerderye.

6.6.2. LIKIDITEIT

Gegewens oor die likiditeit van die beste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.7:

FIGUUR 6.7: LIKIDITEIT VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.7 toon aan dat daar nie  n re lmatigheid in die likiditeit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Volgens figuur 6.7 toon die distrikte se likiditeit vir 1996  n geringe ooreenkoms met di  van die totale groep terwyl daar drie is waarvan die likiditeit vir 1997 swakker is. In die geval van Memel is die likiditeit vir 1997 merkbaar ho r as die res van die subgroepe. Die subgroep wat meer grond huur as wat hulle self besit handhaaf  n ho  vlak van likiditeit. Vir beide 1996 en 1997 was hierdie subgroep se likiditeit beter as di  van die totale groep gewees. Die likiditeit van die meeste subgroepe het vanaf 1996 na 1997  n styging getoon. Enkele


van die subgroepe (huur en Reitz) het 'n daling in likiditeit getoon terwyl Memel 'n merkbare verbetering getoon het.

Die subgroepe met prominente veevertakkings handhaaf 'n hoër likiditeit as vertakkings wat graan of groente verbou. Waar vleisbeeste, melkbeeste en skape 'n prominente vertakking is, word 'n hoër vlak van likiditeit gehandhaaf. Daar is 'n afname in likiditeit namate die plaasgrootte van subgroepe afneem. Veral in 1997 het die likiditeit verbeter soos wat die boerderye groter word.

6.6.3. DOELMATIGHEID

Gegewens oor die doelmatigheid van die beste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.8:

FIGUUR 6.8: DOELMATIGHEID VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.8 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die doelmatigheid van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Daar is drie distrikte waarvan die doelmatigheid beter en drie waarvan die doelmatigheid swakker as dié van die totale


groep is, volgens die voorstelling van figuur 6.8 vir 1996. Vir 1997 is dit slegs Memel wat ñ swakker doelmatigheid as die groep behaal het. Die subgroep wat meer hektare grond huur as wat hulle self besit, se doelmatigheid toon ñ redelike ooreenstemming met dié van die totale groep. Met die uitsondering van skape en groot boerderye het die subgroepe vanaf 1996 na 1997 ñ verbetering in doelmatigheid getoon. In die geval van Reitz en saaiery was die styging gering terwyl dit in al die ander gevalle, veral Lindley en Kestell, redelik skerp toegeneem het.

Die melk- en groentesubgroepe het ñ hoër doelmatigheid as vleisbeeste en skape behaal. Hoewel nie so hoog soos eersgenoemde twee groepe nie, het saaiery ook ñ hoë doelmatigheid vir beide jare gehandhaaf. Ten opsigte van fisiese grootte toon figuur 6.8 aan dat die doelmatigheid vir beide 1996 en 1997 toeneem namate die boerderye se grootte afneem. Klein boerderye het ñ beter doelmatigheid as medium en groot boerderye behaal het.

6.6.4. RENTABILITEIT

Gegewens oor die rentabiliteit van die beste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.9:

FIGUUR 6.9: RENTABILITEIT VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.9 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die rentabiliteit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Vir 1996 was daar drie distrikte wat 'n merkbaar laer rentabiliteit as dié van die totale groep getoon het terwyl drie van die distrikte in 1997 beter as die totale groep was. Die rentabiliteit van die huursubgroep was vir beide 1996 en 1997 ietwat hoër as dié van die totale groep gewees. Figuur 6.9 toon aan dat daar, met uitsondering van Reitzdistrik, vanaf 1996 na 1997 'n merkbare verbetering in rentabiliteit was. In die geval van groot boerderye en die groentesubgroep was daar nie 'n skerp toename gewees nie.


Hoewel die vleisbeessubgroep in 1996 ietwat laer as die res is, is daar tog 'n redelike ooreenstemming in die rentabiliteit van prominente vertakkings vir veral 1997. Vir 1996 toon groot boerderye 'n beter rentabiliteit as medium boerderye en bykans dieselfde rentabiliteit as klein boerderye. In 1997 was beide medium en klein boerderye se rentabiliteit beter as dié van groot boerderye.

Dieselfde argument as by die groeps gemiddeld geld hier ook naamlik dat in 'n swakker jaar, wanneer doelmatigheid laer as normaal is, dit ook wil voorkom of 'n boerdery met meer gehuurde grond 'n hoër rentabiliteit behaal as boerderye wat meer grond self besit.

6.6.5. TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die terugbetaalvermoë van die beste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.10:

FIGUUR 6.10: TERUGBETAALVERMOË VAN DIE BESTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.10 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die terugbetaalvermoë van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Met betrekking tot ligging toon figuur 6.10 aan dat daar twee distrikte was waarvan die terugbetaalvermoë beter as dié van die totale groep was terwyl die res swakker was. Met uitsondering van Lindley en Bethlehem se distrikte was dit in 1997 ook die geval. Die terugbetaalvermoë van boere wat meer grond huur as wat hulle self besit is bykans dieselfde as dié van die totale groep. Volgens figuur 6.10 is daar vanaf 1996 na 1997 'n merkbare verbetering in die terugbetaalvermoë van al die subgroepe.

Waar saaiery, groente en melkbeeste 'n prominente vertakking is, is die terugbetaalvermoë hoër as wat die geval met ander prominente vertakkings was. By vleisbeeste was die terugbetaalvermoë in 1996 die laagste. Die terugbetaalvermoë van klein boerderye is vir beide 1996 en 1997 beter as dié van medium en groot boerderye. Medium boerderye se terugbetaalvermoë was in 1996 laer as groot en klein boerderye.

In die geval van die beste derde wil dit lyk of die prominensie van veevertakkings in 'n boerdery nie 'n invloed op die resultate van verhoudingsgetalle het nie. Slegs in

die geval van vleisbeeste is dit duidelik dat hierdie vertakking tot 'n laer doelmatigheid lei en dat die terugbetaalvermoë gevolglik ook verlaag.

Solvabiliteit en likditeit neem toe maar doelmatigheid, en gevolglik rentabiliteit en terugbetaalvermoë, neem af namate boerderye se grootte toeneem. Dit wil voorkom of groot boerderye oor 'n tydsverloop 'n meer konstante rentabiliteit en terugbetaalvermoë as medium en kleiner boerderye handhaaf.

Tydsverloop het, ook in die geval van die beste derde, 'n beduidende invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat omdat die wisselvalligheid van omset daardeur aangetoon kan word. Hierdie wisselvalligheid sal eerstens die doelmatigheid vanaf een jaar tot 'n volgende beïnvloed. Daarna sal die rentabiliteit en terugbetaalvermoë vanaf een na 'n volgende jaar ook verbeter of verswak na gelang van beter of swakker klimaatstoestande. In die laaste instansie sal die solvabiliteit en likiditeit van gemengde boerderye se beste derde dus deur die verloop van tyd beïnvloed word as gevolg van die wisselvalligheid van omset oor dieselfde tydsduur.


6.7. SWAKSTE DERDE

Die invloed van fisiese faktore op die swakste derde van deelnemende boere in die Oos-Vrystaat is aan die hand van subgroepverdelings bepaal. Die resultate van die verhoudingsgetalle word grafies voorgestel op grond van inligting wat in bylaag 4 en 5 vervat is.

6.7.1. SOLVABILITEIT

Gegewens oor die solvabiliteit van die swakste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.11:

FIGUUR 6.11: SOLVABILITEIT VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.11 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die solvabiliteit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Met betrekking tot ligging toon figuur 6.11 aan dat daar drie distrikte is waarvan die solvabiliteit beter as dié van die totale groep was. Drie distrikte toon 'n swakker solvabiliteit as die res. Slegs twee distrikte se solvabiliteit het vanaf 1996 na 1997 verbeter. Die subgroep wat meer hektare grond huur as wat hulle self besit, se solvabiliteit toon 'n ooreenstemming met dié van die totale groep. Met uitsondering van die Lindley- en Kestell-distrik, het al die subgroepe se solvabiliteit vanaf 1996 na 1997 in 'n geringe mate verswak. Hierdie distrikte kan ook daarvoor verantwoordelik wees dat medium en klein boerderye se solvabiliteit verbeter het.


Buiten melkbeeste, het subgroepe met 'n prominente veevertakking 'n beter solvabiliteit as subgroepe met 'n prominente saai- of groentevertakking. Dit wil voorkom of die meer bestuursintensiewe vertakkings (saai, melk en groente) tot 'n laer solvabiliteit lei. Figuur 6.11 toon aan dat groter boerderye 'n hoër solvabiliteit as medium boerderye handhaaf. Op hulle beurt het medium boerderye weer 'n beter solvabiliteit as klein boerderye. In 1997 was die solvabiliteit van medium boerderye hoër as groot en klein boerderye.

Soos in die geval van die groepsgemiddeld en die beste derde, is ligging opsigself nie 'n fisiese faktor wat die resultate van verhoudingsgetalle sal beïnvloed nie omdat die tipe vertakkings waarmee daar in 'n distrik geboer word eerder die resultate van verhoudingsgetalle beïnvloed. In die geval van die swakste derde wil dit lyk of die prominensie van bestuursintensiewe vertakkings in 'n boerdery 'n negatiewe invloed op solvabiliteit het.

6.7.2. LIKIDITEIT

Gegewens oor die likiditeit van die swakste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.12:

FIGUUR 6.12: LIKIDITEIT VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.12 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die likiditeit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Volgens figuur 6.12 is daar twee distrikte


waarvan die likiditeit vir 1996 merkbaar laer as dié van die totale groep is terwyl die likiditeit van die meeste distrikte vir 1997 redelik na aan dié van die totale groep is. In die geval van Memel is die likiditeit vir beide 1996 en 1997 merkbaar hoër as die res van die subgroepe. Die subgroep wat meer grond huur as wat hulle self besit handhaaf ñ hoë vlak van likiditeit. Vir 1996 was hierdie subgroep se likiditeit beter as dié van die totale groep gewees maar in 1997 het dit ooreengestem. Die likiditeit van die meeste subgroepe het ñ daling vanaf 1996 na 1997 getoon. Enkele van die subgroepe (Lindley, Kestell en Memel) het ñ styging in likiditeit getoon.

Die subgroepe waarvan die prominente vertakkings minder bestuursintensief is (vleisbeeste en skape) handhaaf ñ hoër likiditeit as vertakkings wat ñ hoër vlak van bestuur verg (saai, melk of groente). Waar vleisbeeste en skape ñ prominente vertakking is, word ñ beter vlak van likiditeit gehandhaaf. Daar is ñ afname in die likiditeit namate die plaasgrootte afneem. Veral in 1997 het die likiditeit verbeter indien die boerdery groter word. Die uitsondering is medium boerdery waarvan die likiditeit konstant gebly het.

6.7.3. DOELMATIGHEID

Gegewens oor die doelmatigheid van die swakste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.13:

FIGUUR 6.13: DOELMATIGHEID VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997




Figuur 6.13 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die doelmatigheid van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Daar is volgens die voorstelling van figuur 6.13 vir 1996 twee distrikte waarvan die doelmatigheid beter en vier waarvan die doelmatigheid swakker as dié van die totale groep is. Vir 1997 is daar drie distrikte wat 'n swakker doelmatigheid as die groep behaal het. Die subgroep wat meer hektare grond huur as wat hulle self besit, se doelmatigheid is laer as dié van die totale groep. Op grond van die totale groep was daar vanaf 1996 tot 1997 'n geringe toename in doelmatigheid. Daar is nie 'n duidelike patroon onder die subgroepe oor die invloed wat tyd op doelmatigheid het nie.

Met die uitsondering van melkbeeste het die vertakkingssubgroepe bykans dieselfde doelmatigheid as die totale groep behaal. Melk het vir beide 1996 en 1997 die hoogste doelmatigheid behaal. Ten opsigte van 1996 toon figuur 6.13 aan dat die doelmatigheid vir 1996 toeneem namate die boerderye se grootte toeneem. Vir 1997 is die doelmatigheid wisselvallig en het medium boerderye die beste gevaar.

6.7.4. RENTABILITEIT

Gegewens oor die rentabiliteit van die swakste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.14:

FIGUUR 6.14: RENTABILITEIT VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997




Figuur 6.14 toon aan dat daar nie 'n reëlmatigheid in die rentabiliteit van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Vir 1996 was daar vier distrikte wat 'n laer rentabiliteit as die totale groep getoon het terwyl vier van die distrikte in 1997 beter as die totale groep was. Die rentabiliteit van die huursubgroep was vir beide 1996 en 1997 bykans dieselfde as dié van die totale groep gewees. Figuur 6.14 toon aan dat daar, met uitsondering van Bethlehem- en Memeldistrik, vanaf 1996 na 1997 'n merkbare verbetering in rentabiliteit was. In die geval van groot boerderye was daar nie 'n skerp toename gewees nie.

Met die uitsondering van groente, was die prominente vertakkings se rentabiliteit in 1997 bykans dieselfde gewees. In 1996 het die melksubgroep die laagste rentabiliteit behaal. Vir 1996 toon groot boerderye ñ beter rentabiliteit as medium en klein boerderye. In 1997 was medium boerderye se rentabiliteit beter as dié van groot en klein boerderye.

6.7.5. TERUGBETAALVERMOË

Gegewens oor die terugbetaalvermoë van die swakste derde van deelnemende boere se subgroepverdelings verskyn in figuur 6.15:

FIGUUR 6.15: TERUGBETAALVERMOË VAN DIE SWAKSTE DERDE VAN DEELNEMENDE BOERE SE SUBGROEPVERDELINGS, 1996 & 1997



Figuur 6.15 toon aan dat daar nie ñ reëlmatigheid in die terugbetaalvermoë van deelnemende boere se subgroepverdelings is nie. Met betrekking tot ligging toon figuur 6.15 aan dat daar twee distrikte was waarvan die terugbetaalvermoë in 1997

beter as dié van die totale groep was terwyl die res swakker was. Met uitsondering van Kestell se distrik, het die distrikte ñ positiewe terugbetaalvermoë vir beide 1996 en 1997 behaal. Die terugbetaalvermoë van boere wat meer grond huur as wat hulle self besit is bykans dieselfde as dié van die totale groep. Volgens figuur 6.15 is daar ñ merkbare verbetering in die terugbetaalvermoë van al die subgroepe vanaf 1996 na 1997. Die enigste uitsonderings was Memel en groot boerderye.

Met die uitsondering van groente, is die terugbetaalvermoë van die ander prominente vertakkings vir 1997 bykans dieselfde as dié van die totale groep. In 1996 het die melksubgroep die laagste terugbetaalvermoë behaal. Die terugbetaalvermoë van klein boerderye is vir beide 1996 en 1997 swakker as dié van medium en groot boerderye. Medium boerderye se terugbetaalvermoë was in 1997 hoër as dié van groot en klein boerderye.

Met die uitsondering van medium boerderye se resultate in 1997, wil dit voorkom of die resultate van verhoudingsgetalle verbeter namate ñ boerdery se grootte toeneem. Dit wil wel lyk of groot boerderye oor ñ tydsverloop ñ meer konstante rentabiliteit en terugbetaalvermoë as medium en kleiner boerderye handhaaf, hoewel nie in dieselfde mate as by die groepsgemiddeld en beste derde nie.

Tydsverloop het, ook in die geval van die swakste derde, ñ beduidende invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat omdat die wisselvalligheid van omset daardeur aangetoon kan word. Hierdie wisselvalligheid sal eerstens die doelmatigheid vanaf een jaar tot ñ volgende beïnvloed. Daarna sal die rentabiliteit en terugbetaalvermoë vanaf een na ñ volgende jaar ook verbeter of verswak na gelang van beter of swakker klimaatstoestande. In die laaste instansie sal die solvabiliteit en likiditeit van gemengde boerderye se swakste derde dus oor die verloop van tyd beïnvloed word as gevolg van die wisselvalligheid van omset oor dieselfde tydsduur.

6.8. GEVOLGTREKKING

Die ontleding van deelnemende boere volgens subgroepe toon dat fisiese faktore soos ligging, batebesit, vertakkings, grootte en tyd wel in ñ meerdere of mindere, maar ook in ñ ongelyke mate, ñ invloed op die groepsgemiddeld, beste en swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat het.

Ligging

Hoewel daar sekere distrikte was waarvan die resultate van verhoudingsgetalle beter as dié van ander distrikte was, kan daar in die groepsgemiddeld en ook die beste en swakste derde se ontledings aangevoer word dat dit eerder die vertakkings waarvoor ñ distrik geskik is en nie die ligging self is nie, wat die verhoudingsgetalle beïnvloed. Met die uitsondering van die beste derde, het sekere distrikte wel merkbaar beter of swakker as ander gevaar. Sou ñ gemengde boerdery beter of swakker as die resultate

van ñ bepaalde distrik vaar, dui dit dus daarop dat so ñ boer sy hulpbronne beter of swakker as die boerderye in sy omgewing aanwend. Dit beteken dat die individuele boer se vermoë om die invloed van fisiese faktore van ñ bepaalde distrik te bestuur eerder die resultate van verhoudingsgetalle sal beïnvloed as wat die fisiese faktore dit opsigself sal doen.

Batebesit

Hoewel dit die likiditeit van ñ boerdery bevoordeel, het batebesit nie ñ duidelike invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat nie. Veral wat solvabiliteit, die uiteindelijke maatstaf van ñ boerdery se finansiële posisie aanbetref, was daar geen verskil tussen boerderye wat meer grond self besit en boerderye wat meer grond huur nie.

Vertakkings

Te oordeel aan die invloed wat prominente vertakkings uitoefen, het die samestelling van ñ boerdery ñ duidelike invloed op die resultate van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat en is daar in die vorige hoofstuk (paragraaf 5.9) ook tot die gevolgtrekking gekom dat vertakkings met ñ hoër potensiële omset meer riskant is as vertakkings met ñ laer potensiële omset. Wat in hierdie hoofstuk navore gekom het, is die feit dat die bestuursvermoë van die individuele boer en nie die vertakkings self nie, ook ñ rol speel aangesien die resultate ten opsigte van vertakkings tussen die beste en swakste derde merkbaar verskil het. Dit wil gevolglik voorkom of die swakste derde hulle tot minder bestuursintensiewe, laer risikodraende vertakkings moet beperk. Die persepsie bestaan wel dat hoe minder bestuursintensief ñ vertakking is, hoe laer is die winsgewendheid daarvan maar ñ boer met lae bestuursvaardighede kan, oor ñ tydsvloer, meer wins uit ñ minder bestuursintensiewe, laer risikodraende vertakking maak as wat andersins die geval sou wees.

Fisiese grootte

In die geval van die groeps-gemiddeld en ook die beste en swakste derde is daar aanduidings dat die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat positief beïnvloed word namate die fisiese grootte van ñ boerdery toeneem. Dit blyk beslis die geval met solvabiliteit en likiditeit te wees maar in die geval van doelmatigheid is die teenoorgestelde waar. Hoewel die ekonomie van skaal tog ñ voordeel skyn te wees, kan die optimale fisiese grootte van ñ individuele boerdery ook moontlik na die boer se bestuursvermoë teruggevoer word.

Tyd

Tydsvloer het in die geval van die groeps-gemiddeld, en ook die beste en swakste derde, ñ beduidende invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Die invloed van die klimaat se wisselvalligheid op omset het getoon dat die doelmatigheid vanaf een jaar tot ñ volgende merkbaar kan

verskil en dat die rentabiliteit en terugbetaalvermoë vanaf een na ñ volgende jaar gevolglik ook verbeter of verswak na gelang van klimaatstoestand. In die laaste instansie sal die solvabiliteit en likiditeit van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat dus oor die verloop van tyd beïnvloed word as gevolg van die wisselvalligheid van omset oor dieselfde tydsduur. Hoewel hierdie aspek as versagting vir die swakste derde se resultate aangevoer kan word, toon die beste derde se resultate tog dat die individuele boer se bestuursvermoë en die riskantheid van die vertakkings binne die boerdery steeds daartoe kan lei dat die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat positief kan wees, ten spyte van wisselvallige klimaatsomstandighede.

6.9. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar bepaal watter invloed fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle het. Die ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte oor 'n tydverloop is op die resultate van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se verhoudingsgetalle aangetoon. Die deelnemende boere, wie se finansiële data in hierdie studie gebruik is, is vir die doeleindes van hierdie hoofstuk in vyftien subgroepe volgens ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte verdeel.

Die ontleding van deelnemende boere volgens subgroepe toon dat fisiese faktore soos ligging, batebesit, vertakkings, grootte en tyd wel in ñ meerdere of mindere, maar ook in ñ ongelyke mate, ñ invloed op die groepsgemiddeld, beste en swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat kan hê.

Hoewel daar sekere distrikte was waarvan die resultate van verhoudingsgetalle beter as dié van ander distrikte was, kan daar in die groepsgemiddeld, en ook die beste en swakste derde se ontledings, aangevoer word dat dit eerder die boerderysamestelling en nie die ligging is wat die verhoudingsgetalle beïnvloed nie. Hoewel dit die likiditeit van ñ boerdery bevoordeel, het batebesit nie ñ duidelike invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat nie.

Daar is ñ duidelike invloed in die vertakkingsamestelling van ñ boerdery op die resultate van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat. Dit dui waarskynlik op die vermoë van die individuele boer om risiko te bestuur en nie die vertakkings self nie, aangesien die resultate ten opsigte van vertakkings tussen die beste en swakste derde verskil het.

Daar is aanduidings dat die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat positief beïnvloed word namate die fisiese grootte van ñ boerdery toeneem. Hoewel die ekonomie van skaal ñ voordeel kan wees, kan die optimale fisiese grootte van ñ individuele boerdery ook moontlik na die boer se bestuursvermoë teruggevoer word.

Tydsverloop het ñ invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat getoon maar die individuele boer se bestuursvermoë kan steeds daartoe lei dat die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat positief kan wees, ten spyte van wisselvallige klimaatsomstandighede.

7. SAMEVATTINGS EN AANBEVELINGS

7.1. INLEIDING

Landbou-ekonome van Suid-Afrikaanse landboukoöperasies en handelsbanke neem boere se finansiële state en verwerk die gegewens tot groeps-gemiddeldes. Vanuit hierdie groeps-gemiddeldes stel hulle norme vas wat as maatstawwe by die interpretering van verhoudingsgetalle vir boerderye gebruik word. Die groeps-gemiddelde syfers wat landboukoöperasies en handelsbanke as norm gebruik, is nie noodwendig reg nie. Derhalwe hang daar 'n vraagteken oor die kredietverskaf-fingsnorme van hierdie instansies en die boer se finansiële struktuur kan as gevolg hiervan, met verloop van tyd, verwring raak. Vir die finansiële voortbestaan van die landboubedryf is dit noodsaaklik dat finansiële norme vanaf 'n aanvaarbare vaste punt bereken word. Daarná eers kan groeps-gemiddeldes gebruik word om afwykings mee te verklaar.

Hierdie studie lê metodes en tegnieke neer waarvolgens wetenskaplik aanvaarbare norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n boerdery bepaal kan word. In die beoordeling van die finansiële struktuur van 'n boerdery kan die bevindings en gevolgtrekkings van hierdie studie vir die individuele boer en die kredietverskaffer van belang wees. Sodoende kan die langtermyn finansiële oorlewingsvermoë van die landboubedryf in geheel verbeter word.

7.2. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Vir die doeleindes van hierdie studie is inligting aanvanklik uit die beskikbare literatuur versamel om 'n model te ontwikkel waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met behulp van finansiële norme bepaal kan word. Daarna is die model aan die hand van empiriese inligting getoets. Die empiriese inligting is ook gebruik om die verwantskap tussen sekere verhoudingsgetalle vas te stel en om die invloed van fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle te bepaal.

7.2.1. MOTIVERING EN DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie behels die vasstelling van finansiële norme by die gebruik van verhoudingsgetalle vir 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat. Uit die ondersoek is daar metodes vasgelê waarvolgens die optimale finansiële struktuur van so 'n boerdery

bepaal kon word. Om dit te kon bepaal, is die volgende newedoelwitte ook in die studie bereik:

- Die definiëring van teoretiese aspekte van verhoudingsgetalle vir n boerdery.
- Die ontwikkeling van n model waarvolgens die norme vir die optimale finansiële struktuur van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kon word.
- Die bepaling van die mate waarin gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat van hul optimale finansiële struktuur afwyk.
- Die bepaling van die onderlinge verwantskap tussen verhoudingsgetalle.
- Die bepaling van die invloed wat fisiese faktore soos ligging, vertakking-samestelling, boerderygrootte en batebesit oor 'n tydsverloop op die resultate van verhoudingsgetalle het.

7.2.2. LITERATUURSTUDIE: DIE DOEL EN NUT VAN VERHOUDINGSGETALLE

In hierdie studie is daar vasgestel dat n verhoudingsgetal n verwantskap is tussen twee of meer waardes wat in die balans- of inkomstestaat van n onderneming vervat word. Die gebruik van verhoudingsgetalle in die ontleding van n onderneming en die vergelyking daarvan met n bedryf, is aan sekere gevare, beperkings en voorwaardes blootgestel. Die vernaamste hiervan is dat die finansiële data waarmee gewerk word betroubaar, vergelykbaar en gestandaardiseerd moet wees. Tweedens moet die resultate van verhoudingsgetalle altyd groepsgegewys ontleed word maar ook met inagneming van nie-kwantifiseerbare faktore wat die interpretasies in n ander perpektief kan plaas.

Soos in hierdie studie aangetoon is, meet verhoudingsgetalle n onderneming se solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë aan die hand van n aantal onderlinge verhoudings. Verhoudingsgetalle word bereken op grond van waardes wat in die balans- en inkomstestaat vervat is. Daarom is daar riglyne oor die balans- en inkomstestaat neergelê rakende n standaard formaat vir finansiële state, die verwantskap tussen finansiële state en die ontledingswyse van finansiële state.

7.2.3. BEPALING VAN 'N OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR

In hierdie studie is n model ontwikkel waarvolgens die optimale finansiële struktuur van n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat aan die hand van verhoudingsgetalle

bepaal kan word. Hierdie model samel sekere data oor die boerdery in en stel die uitleenkoerse van lenings en opbrengskoerse van beleggings op die tydstop van berekening vas.

Die model gebruik die boerdery se bestaande batestruktuur as 'n vaste punt vanwaar die lastestruktuur en die inkomstestaat opgestel kan word. Die onderlinge samestelling van bates word eers gebruik om die optimale samestelling van laste te bepaal waarna die terugbetaalvermoë van die fisiese produksie-eenhede gebruik word om die optimale waarde van elke lastegroep te bereken. Nadat die optimale balansstaat voltooi is, word die inkomstestaat deur middel van verdere verwerkings saamgestel.

Die model doen verslag oor die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat in die vorm van 'n balans- en inkomstestaat. Daarnaas word die werklike finansiële struktuur van so 'n boerdery vertoon om vas te stel of daar afwykings tussen die werklike en die optimale struktuur bestaan. Die vernaamste verhoudings word ook vir beide strukture bereken om 'n verdere aanduiding van afwykings of ooreenstemmings tussen die werklike en optimale finansiële strukture te kan kry.

Die model gebruik verhoudingsgetalle om die balans- en inkomstestaat vanaf 'n vaste punt saam te stel. Die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat kon gevolglik aan die hand van aanvaarbare norme bepaal word, met inagneming van die uniekheid van elke individuele boerdery.

7.2.4. TOEPASSING VAN DIE OPTIMALE FINANSIËLE STRUKTUUR OP GEMENGDE BOERDERYE IN DIE OOS-VRYSTAAT

Die deelnemende boere in die Oos-Vrystaat se werklike finansiële strukture is in hierdie studie teenoor hul optimale finansiële strukture gemeet. Dit het aan die hand van hierdie boere se groepsgemiddeld, en ook die beste en swakste derde volgens solvabiliteit, geskied.

Die vergelyking het aangetoon dat die werklike finansiële struktuur van die groepsgemiddeld 'n redelike ooreenstemming met die optimale struktuur toon. Hoewel die beste en swakste derde se werklike finansiële strukture van die optimale strukture afwyk, is die beste derde aan die positiewe kant en die swakste derde aan die negatiewe kant daarvan.

Na aanleiding van die vergelyking van die werklike en optimale finansiële strukture, kon daar tot die gevolgtrekking gekom word dat gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se solvabiliteit bevredigend is maar dat daar te veel bedryfslaste ten koste van

middel- en langtermynlaste is. Daar is ook 'n derde van die boere waarvan die solvabiliteit reeds die lewensvatbare optimale punt oorskry het.

Die likiditeit van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat is nie bevredigend nie. Dit hou waarskynlik verband met die verkeerdelike onderlinge samestelling van laste.

Die doelmatigheid van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se bate/omset is bevredigend maar die doelmatigheid waarmee boerdery-uitgawes 'n inkomste genereer, is te laag. Wanneer die hoë renteverpligting ook nog in berekening gebring word, realiseer gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat 'n boerderywinst wat net genoegsaam is om 'n aanvaarbare terugbetaalvermoë te bied.

Gemeet aan die optimale finansiële struktuur, is die werklike finansiële struktuur van die meerderheid gemengde boere in die Oos-Vrystaat bevredigend maar die onderlinge samestelling van laste is verwring. Die struktuurmodel toon ook ten slotte aan dat die uitgawes van hierdie boerderye te hoog is in verhouding tot die inkomste wat dit moet realiseer.

7.2.5. DIE VERWANTSKAP TUSSEN SOLVABILITEIT, LIKIDITEIT, DOELMATIGHEID, RENTABILITEIT EN TERUGBETAALVERMOË

In hierdie studie is die onderlinge verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë bepaal. Die verwantskappe van die verskillende verhoudings is grafies volgens 'n lineêre passing bepaal aan die hand van boere in die Oos-Vrystaat se finansiële inligting.

Die ontleding van die onderlinge verwantskap tussen solvabiliteit, likiditeit, doelmatigheid, rentabiliteit en terugbetaalvermoë toon aan dat sekere verhoudings van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat 'n positiewe verwantskap met mekaar het terwyl ander 'n negatiewe of geen verwantskap met mekaar het nie. In die geval van 'n positiewe of negatiewe verwantskap het dit ook van 'n sterk of matige verwantskap gewissel tot een wat baie gering was.

Hierdie studie toon aan dat 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat met 'n hoë bate/omset ook 'n hoë rentabiliteit sal hê en dat laasgenoemde weer tot 'n hoë skuld-delgingskapasiteit sal lei. Hoe hoër hierdie drie verhoudings, hoe beter behoort die likiditeit te wees maar dit sal nie noodwendig beteken dat die solvabiliteit van sulke boerderye hoog is nie.

Anders as wat verwag is, het die ander verhoudings nie 'n sterk positiewe verwantskap met solvabiliteit nie. Die negatiewe korrelasie tussen sommige van die

verhoudingsgetalle en solvabiliteit kan waarskynlik toegeskryf word aan die riskantheid van sekere vertakkings binne ñ boerdery.

7.2.6. DIE INVLOED VAN FISIESE FAKTORE OP DIE RESULTATE VAN VERHOUDINGSGETALLE

In hierdie studie is die invloed wat fisiese faktore op die resultate van verhoudingsgetalle het, ook bepaal. Die ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte oor 'n tydsverloop is op die resultate van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat se verhoudingsgetalle aangetoon. Die deelnemende boere is in vyftien subgroepe volgens ligging, batebesit, vertakkings en boerderygrootte verdeel.

Die ontleding van deelnemende boere volgens subgroepe toon dat fisiese faktore soos ligging, batebesit, vertakkings, grootte en tyd wel in ñ meerdere of mindere, maar ook in ñ ongelyke mate, ñ invloed op die groepsgemiddeld, beste en swakste derde van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat het.

Wat ligging aanbetref, was daar sekere distrikte waarvan die resultate van verhoudingsgetalle beter as dié van ander distrikte was maar daar kan aangevoer word dat dit eerder die boerderysamestelling binne ñ distrik se hulpbronbeperkings is en nie die ligging self nie, wat die verhoudingsgetalle beïnvloed. Hoewel dit die likiditeit van ñ boerdery bevoordeel, het batebesit nie ñ duidelike invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat nie.

Daar is ñ duidelike invloed in die vertakkingsamestelling op die resultate van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat. Dit dui waarskynlik op die bestuursvermoë van die individuele boer en nie die vertakkings self nie, aangesien die resultate ten opsigte van vertakkings tussen die beste en swakste derde verskil het.

Die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat word positief beïnvloed namate die fisiese grootte van ñ boerdery toeneem. Hoewel die ekonomie van skaal ñ voordeel kan wees, kan die optimale fisiese grootte van ñ individuele boerdery ook moontlik na die boer se bestuursvermoë teruggevoer word.

Tydsverloop het ñ beduidende invloed op die resultate van verhoudingsgetalle van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat getoon maar die individuele boer se bestuursvermoë kan steeds daartoe lei dat die resultate van verhoudingsgetalle van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat positief kan wees, ten spyte van wisselvallige klimaatsomstandighede.

7.3. AANBEVELINGS

Hierdie studie het getoon dat daar betroubare norme ontwikkel kan word waarmee die optimale finansiële struktuur van 'n individuele boerdery aan die hand van verhoudingsgetalle binne sy eiesoortige omgewing bepaal kan word. Die volgende oorkoepelende aanbevelings kan gevolg word, sodat die vasstelling van wetenskaplik verantwoordbare en betroubare norme vir verhoudingsgetalle gebruik kan word om die langtermyn finansiële oorlewingsvermoë van die individuele boer en gevolglik die landboubedryf in geheel, te verbeter:

- Die optimale finansiële struktuur van 'n boerdery kan aan die hand van 'n rekenaarmodel bepaal word sodat die korrekte norme, wat die eiesoortigheid van 'n individuele boerdery in ag neem, by die toestaan van geleende kapitaal deur kredietverskaffers toegepas kan word.
- Kredietverskaffers moet daarna streef om individuele boerdery se finansiële strukture, veral die onderlinge samestelling van laste, met behulp van finansiële norme en die gevolglike optimale kredietverskaffing, korrek saam te stel sodat die landboubedryf se lewensvatbaarheid in geheel beveilig kan word.
- Kredietverskaffers moet genoegsame en betroubare inligting ten opsigte van boerderye versamel en verwerk om die onderlinge verwantskap van verhoudingsgetalle daaruit vas te stel, sodat die resultate van die individuele boerderye beter geïnterpreteer kan word.
- Individuele boerderye moet nie net op grond van 'n algemeen geldende groepsgemiddeld beoordeel word nie omdat elke boerdery in 'n dinamiese eiesoortige omgewing funksioneer en daarvolgens beoordeel moet word. Individue moet met behulp van 'n bestuursevaluasie en die korrekte finansiële norme deur kredietverskaffers aangemoedig word om die boerdery se vertakkings en optimale grootte volgens hulle bestuursvermoë saam te stel en te finansier.

Die volgende spesifieke aanbevelings kan deur kredietverskaffers in ag geneem word by die toestaan van geleende kapitaal aan 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat:

- 'n Bevredigende solvabiliteit is opsigself nie 'n waarborg vir finansiële oorlewing nie. Die korrekte onderlinge samestelling van geleende kapitaal is van ewe groot belang. Kredietverskaffers moet nie alleen toesien dat toekomstige geleende kapitaal oor die toepaslike termyn gefinansier word nie maar behoort ook daadwerklike pogings aan te wend om die reeds verwringde finansiële strukture van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat reg te stel.

- Die druk waaronder die likiditeit van gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat verkeer is ñ direkte uitvloeisel van die verwingde onderlinge samestelling van geleende kapitaal. Die gebrek aan bedryfskapitaal as gevolg hiervan dwing boere om vertakkings met potensiële hoër inkomste maar ook hoër risiko binne die boerdery aan te wend wat weer ñ groter behoefte aan geleende kapitaal tot gevolg het. Korttermynlaste behoort dus uitsluitlik vir bedryfskapitaal aangewend te word en moet nie ook vir die aankoop van middel- en langtermynbates gebruik word nie.
- Hoewel die doelmatigheid, soos gemeet aan bate/omset, van vertakkings met ñ potensiële hoër inkomste beter as dié van vertakkings met ñ lae potensiële inkomste is, het die wisselvalligheid van eersgenoemde tot gevolg dat die potensiële inkomste nie altyd realiseer nie en dat verpligtinge ten opsigte van geleende kapitaal nie ten volle nagekom kan word nie. Kredietverskaffers behoort dus eerder meer stabiele vertakkings met behulp van geleende kapitaal aan te moedig, al moet ñ mate van potensiële inkomste daardeur ingeboet word.
- Gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat beskik oor die finansiële struktuur om ñ bevredigende rentabiliteit te genereer. Die verwingde onderlinge samestelling van laste lê egter hierdie potensiaal aan bande omdat die oormatig hoë vlakke van korttermynlaste die koste van geleende kapitaal verhoog. Die korrekte aanwending van geleende kapitaal behoort ñ bevredigende rentabiliteit tot gevolg te hê.
- Die terugbetaalvermoë van die boerdery móét meer prominensie as die sekuriteitsbasis van bates geniet wanneer geleende kapitaal aan ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat toegestaan word. Die ongewenste praktyk wat deur kredietverskaffers toegepas word, naamlik dat geleende kapitaal bly voorsien word solank die sekuriteit voldoende is, lei tot ñ verwinging in die finansiële struktuur van hierdie boerderye.

Die volgende spesifieke aanbevelings behoort deur boere in ag geneem te word ten einde by ñ optimale finansiële struktuur vir gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat uit te kom:

- ñ Hoë solvabiliteit met ñ bevredigende likiditeit blyk die gevolg van stabiele doelmatigheid te wees wat dan ook ñ stabiele rentabiliteit en terugbetaalvermoë verseker. Daar is egter steeds ruimte vir vertakkings met ñ hoë potensiële inkomste mits dit deur lae risikodraende maar stabiele vertakkings ondersteun word.
- Die bestuursvermoë van die individuele boer en nie net die vertakkings alleen nie, speel ook ñ rol ter bereiking van ñ gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat se optimale finansiële struktuur. Boere met ñ lae bestuurskapasiteit behoort hulself dus tot minder bestuursintensiewe, laer risikodraende vertakkings te beperk.


- Hoewel die ekonomie van skaal \rightarrow voordeel by die fisiese grootte van \rightarrow gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat blyk te wees, kan die optimale fisiese grootte van \rightarrow individuele boerdery ook moontlik na die boer se bestuursvermoë teruggevoer word. Aanhoudende uitbreiding ter bereiking van die optimale finansiële struktuur is dus slegs wenslik as die boer oor die bestuurskapasiteit beskik om die toenemende bestuursverpligtinge te kan nakom.
- Die optimale finansiële struktuur van \rightarrow gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat kan bereik word deur met \rightarrow volhoubare (solvabiliteit), stabiele (likiditeit) lae riskante (doelmatigheid) wins (rentabiliteit) oor die langtermyn te oorleef (terugbetaalvermoë).

7.4. SLOT

In hierdie studie is daar metodes vasgelê waarvolgens die optimale finansiële struktuur van 'n gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kan word. Die teoretiese aspekte van verhoudingsgetalle vir \rightarrow boerdery is gedefinieer waarna \rightarrow model ontwikkel is waarvolgens die norme vir die optimale finansiële struktuur van \rightarrow gemengde boerdery in die Oos-Vrystaat bepaal kon word. Die mate waarin gemengde boerderye in die Oos-Vrystaat van hul optimale finansiële struktuur afwyk, is toe met behulp van die model bepaal. Die onderlinge verwantskap tussen verhoudingsgetalle is ook aangetoon waarna die invloed wat fisiese faktore oor 'n tydsverloop op die resultate van verhoudingsgetalle het, bepaal is.

BYLAAG 1

GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DEELNEMENDE BOERE



FISIESE EN FINANSIËLE GEGEWENS VAN DEELNEMENDE BOERE: 1997

FISIESE GEGEWENS <i>Soos op 31 Augustus 1997</i>	GROEP			SWAKSTE DERDE			BESTE DERDE		
	Eenhede		%	Eenhede		%	Eenhede		%
Totale hektare	1939		100.0	1585		100.0	2548		100.0
Eie hektare	1183		61.0	1034		65.3	1638		64.3
Gehuurde hektare	751		38.7	544		34.3	911		35.7
Hektaar Lande & Aangeplant wei	778		40.1	851		53.7	660		25.9
Hektaar Mielies	204		10.5	205		12.9	176		6.9
Hektaar Sonneblom	15		0.8	27		1.7	14		0.6
Hektaar Bone	32		1.6	49		3.1	19		0.7
Hektaar Aartappels	15		0.8	10		0.6	9		0.3
Hektaar Aangeplante weiding	101		5.2	80		5.1	122		4.8
Hektaar Veld	1138		58.7	715		45.1	1878		73.7
Hektaar Koring/Ander (Beraam)	412		21.2	481		30.4	319		12.5
GVE Totaal	350		100.0	206		100.0	559		100.0
GVE Melkbeeste	57		16.4	60		29.1	57		10.2
GVE Vleisbeeste	213		60.7	102		49.4	391		70.0
GVE Skape	80		22.9	44		21.5	111		19.8
Aantal afhanklikes in gesin	5			5			4		
Aantal blanke bestuurders	0			0			0		
Aantal permanente arbeiders	16			17			16		
Totale reënval vir tydperk	882			897			903		
Totale KW van trekkers	506			526			473		
Waarde van eie grond	1175			1487			1100		
Waarde van gehuurde grond	1009			1012			967		
Totale ha/Totale GVE	5.48			7.79			4.55		
Veld & aangplant ha/Totale GVE	3.5			3.91			3.57		

INKOMSTESTAAT
Vir die tydperk 1/9/96 - 31/08/97

Totale hektare

Bruto produksiewaarde - Vee
+Bruto produksiewaarde - Gewas

BRUTO PRODUKSIEWAARDE

-Produksiemiddele
-Arbeidskoste
-Depresiasie
-Ander boerdery-uitgawes

NETTO BOERDERY-INKOMSTE

-Huur betaal
-Rente betaal

BOERDERYWINS

+Nie-boerdery inkomste
-Ontwikkelsuitgawes
-Nie-boerdery uitgawes
+Wins by verkoop van bates
-Verlies by verkoop van bates
-Depresiasie privaat voertuie
-Inkomstebelasting
-Trekking

GROEI IN NETTO WAARDE

SOLVABILITEIT (NW/TB) %

Deelnemers in groep

GROEP		
Rand	Rand/Ha	%
	1939	
624765	322	29.4
1499196	773	70.6
2123961	1095	100.0
910399	470	42.9
169449	87	8.0
136176	70	6.4
358734	185	16.9
549202	283	25.9
76901	40	3.6
235569	121	11.1
236713	122	11.1
93712	48	4.4
-59023	-30	-2.8
-9462	-5	-0.4
69494	36	3.3
-795	0	0.0
-6205	-3	-0.3
-17257	-9	-0.8
-116243	-60	-5.5
190972	98	9.0

60.8%

65

SWAKSTE DERDE		
Rand	Rand/Ha	%
	1585	
429392	271	20.3
1690656	1067	79.7
2120048	1338	100.0
948797	599	44.8
190073	120	9.0
152477	96	7.2
429012	271	20.2
399689	252	18.9
103421	65	4.9
392177	247	18.5
-95909	-61	-4.5
102898	65	4.9
-50593	-32	-2.4
-18576	-12	-0.9
97351	61	4.6
0	0	0.0
-5104	-3	-0.2
-365	0	0.0
-125247	-79	-5.9
-95544	-60	-4.5

35.7%

21

BESTE DERDE		
Rand	Rand/Ha	%
	2548	
869046	341	41.8
1209357	475	58.2
2078403	816	100.0
803232	315	38.6
165926	65	8.0
120826	47	5.8
311366	122	15.0
677054	266	32.6
69178	27	3.3
115017	45	5.5
492859	193	23.7
102863	40	4.9
-59903	-24	-2.9
-4918	-2	-0.2
69051	27	3.3
-2421	-1	-0.1
-8357	-3	-0.4
-37787	-15	-1.8
-113896	-45	-5.5
437491	172	21.0

83.2%

21

BYLAAG 2 vervolg

FISIESE EN FINANSIËLE GEGEWENS VAN DEELNEMENDE BOERE: 1997

BOER NOMMER

**FISIESE GEGEWENS
Soos op 31 Augustus 1997**

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha	Rand per ha
Totale hektare	2684	1003	1158	766	1106	1248	2473	1030	877	6643	1340
Eie hektare	1565	623	585	766	897	1073	2473	603	207	3031	1340
Gehuurde hektare	986	380	561	0	209	175	0	427	670	3612	0
Hektaar Lande & Aangeplant wei	1436	800	627	489	400	767	1316	575	797	2360	922
Hektaar Mielies	40	247	300	154	40	220	600	180	86	455	169
Hektaar Sonneblom	75	0	40	0	0	0	0	38	0	0	0
Hektaar Bone	144	0	0	48	0	0	200	0	0	187	282
Hektaar Aartappels	50	0	45	22	0	0	0	0	0	0	0
Hektaar Aangeplante weiding	0	40	76	62	120	0	16	39	8	269	20
Hektaar Veld	1115	203	531	200	706	481	1089	455	80	4283	400
Hektaar Koring/Ander (Beraam)	1127	513	166	203	240	547	500	318	703	1449	451
GVE Totaal	0	112	0	100	139	280	753	0	29	1016	104
GVE Melkbeeste	0	112	0	0	0	242	427	0	0	0	0
GVE Vleisbeeste	0	0	0	95	139	0	326	0	29	750	104
GVE Skape	0	0	0	5	0	38	0	0	0	266	0
Aantal afhanklikes in gesin	5	7	3	3	5	0	3	4	7	13	3
Aantal blanke bestuurders	0	0	0	0	0	0	1	0	0	3	0
Aantal permanente arbeiders	32	23	13	10	5	16	23	7	5	53	16
Totale reënval vir tydperk	812	940	674	1082	900	950	826	900	850	950	1044
